VERRIGTINGE 1973

DEEL 1

43ste KONVENSIE

30ste APRIL tot 3rde MEI 1973

PIETERMARITZBURG

Die Vereniging van Munisipale Elektrisiteits-ondernemings van Suid-Afrika

PROCEEDINGS 1973

VOLUME 1

43rd CONVENTION

30th APRIL to 3rd MAY 1973

PIETERMARITZBURG

The Association of Municipal Electricity Undertakings of South Africa

The Association of Municipal Electricity Undertakings of South Africa.

1973 CONVENTION

INFORMATION

1. OFFICIAL OPENING

   The official opening of the Convention will be held in the CITY HALL, COMMERCIAL ROAD, PIETERMARITZBURG on MONDAY, 30th APRIL, 1973.

2. REGISTRATION

   Delegates are requested to register at the City Hall prior to the Official Opening.

3. VENUE

   The Convention venue will be the CITY HALL where an information, telephone, telegram and message service will be available.

4. TRANSPORT FACILITIES

   Buses will be available as indicated on the programme.

PROGRAMME — 43rd CONVENTION

City Hall, Pietermaritzburg

MONDAY, 30th April, 1973.

FIRST SESSION

8.30 a.m.	Registration of delegates in the City Hall.
9.30 a.m.	Opening Prayer. Welcome to Pietermaritzburg by His Worship the Mayor, Councillor C. W. Wood. Official Opening — Mr. Percy Fowle, M.E.C. Induction of President. Greetings.
10.30 a.m.	Refreshments.
11.00 a.m.	Election of President Elect. Presidential Address — Mr. J. C. Waddy, City Electrical Engineer, Pietermaritzburg. Venue of 1974 Technical Meeting. Venue of 1975 Convention. Election of Executive Council.
12.30 p.m.	Luncheon.

Afternoon Session

2.15 p.m.	Report of Secretariat. Reports of Sub-Committees and Representatives.
4.00 p.m.	Adjournment and Refreshments.

Die Vereniging van Munisipale Elektrisiteitsondernemings van Suid-Afrika.

KONVENSIE 1973

INLIGTING

1. AMPTELIKE OPENING

   Die amptelike opening van die Konvensie word gehou in die STADSAAL, COMMERCIALWEG, PIETERMARITZBURG op MAANDAG, 30 APRIL 1973.

2. REGISTRASIE

   Afgevaardigdes word versoek om te registreer in die Stadsaal voor die amptelike opening.

3. PLEK

   Die Konvensie word voortgesit in die STADSAAL waar 'n inligtingsdiens, 'n telefoondiens en boodskapdiens beskikbaar sal wees.

4. VERVOERFASILITEITE

   Busse sal beskikbaar wees volgens die aanwysings op die program.

PROGRAM — 43ste KONVENSIE

Stadsaal, Pietermaritzburg

MAANDAG, 30 April 1973.

EERSTE SITTINGS

8.30 vm.	Registrasie van die afgevaardigdes in die Stadsaal.
9.30 vm.	Openingsgebed. Verwelkoming na Pietermaritzburg deur Sy Agbare die Burgemeester, Raadslid C. W. Wood. Amptelike Opening — Mnr. Percy Fowle, L.U.K. Inhuldiging van President. Boodskappe.
10.30 vm.	Verversings.
11.00 vm.	Verkiesing van aangewese President. Presidentsrede — Mnr: J. C. Waddy, Stads-Elektrotegniese Ingenieur, Pietermaritzburg. Plek van 1974 Tegniese Vergadering. Plek van 1975 Konvensie. Verkiesing van Uitvoerende Raad..
12.30 nm.	Middagete.

Middagsitting

12.15 nm.	Verslag van Sekretariaat. Verslae van Onderkomitees en Verteenwoordigers.
4.00 nm.	Verdaging en Verversings.

6.00 p.m. Civic Reception at the New Municipal Administration Building opposite Churchill Square.

TUESDAY, 1st May, 1973.

SECOND SESSION

9.00 a.m. PAPER—"Generation and Transmission in the Escom System" by Mr. H. B. Norman, Chief Engineer (System Planning) ESCOM.
Discussions.

10.30 a.m. Refreshments.

11.00 a.m. PAPER — "The Electricity Amendment Act, 1971 and the resulting changes in Escom's organisation" by Mr. T. C. Stoffberg, Chief Planning Officer of Escom.

Discussions.

12.30 p.m. Luncheon.

Afternoon Session

2.15 p.m. PAPER — "Industrial Accident Prevention" by Mr. G. S. Strydom, Operation Manager of NOSA.
Discussions.

4.00 p.m. Adjournment and Refreshments.

WEDNESDAY, 2nd May, 1973.

THIRD SESSION

9.00 a.m. PAPER—"Underground Power Distribution Cables — a review of a changing technology" by Mr. D. H. Booth, B.Sc. (Eng.), C.Eng., F.I.E.E. Managing Director of Scottish Cables (S.A.) Ltd.
Discussions.

10.30 a.m. Refreshments.

11.00 a.m. Discussion on Papers and Reports.

12.30 p.m. Luncheon.

Afternoon Session

3.00 p.m. Visit to Scottish Cables (S.A.) Ltd. followed by refreshments.
Buses available.

Evening Braaivleis, Midmar Dam.

THURSDAY, 3rd May, 1973.

FOURTH SESSION

9.00 a.m. PAPER — "Live-Line Maintenance on overhead lines" by Mr. L. G. Baker, Divisional Manager of Hudale (Hubert Davies).
Discussions.

10.30 a.m. Refreshments.

6.00 nm. Burgemeestersonthaal in die Nuwe Munisipale Administrasiegebou oorkant Churchill Plein.

DINSDAG, 1 Mei 1973.

TWEEDE SITTING

9.00 vm. REFERAAT — "Kragontwikkeling en transmissie in die Evkomstelsel" deur mnr. H. B. Norman, Hoof-Ingenieur (Stelselbeplanning) EVKOM.
Besprekings.

10.30 vm. Verversings.

11.00 vm. REFERAAT — "Die Elektrisiteitswysigingswet van 1971 en die voortspruitende veranderings in Evkom se organisasie" deur mnr. T. C. Stoffberg, Hoofbeplanningsbeampte van Evkom.
Besprekings.

12.30 nm. Middagete.

Middagsitting

2.15 nm. REFERAAT — „Nywerheidsongeluksvoorkoming" deur mnr. G. S. Strydom, Bedryfsbestuurder van NOSA.
Besprekings.

4.00 nm. Verdaging en Verversings.

WOENSDAG, 2 Mei 1973.

DERDE SITTING

9.00 vm. REFERAAT—„Ondergrondse distribusiekabels—'n oorsig van 'n veranderende tegnologie" deur mnr. D. H. Booth, B.Sc. (Eng.), C.Eng., F.I.E.E. Besturende Direkteur van Scottish Cables (S.A.) Bpk.
Besprekings.

10.30 vm. Verversings.

11.00 vm. Besprekings van referate en verslae.

12.30 nm. Middagete.

Middagsitting

3.00 nm. Besoek aan Scottish Cables (S.A.) Bpk. gevolg deur 'n onthaal.
Busse beskikbaar.

Aand Braaivleis, Midmardam.

DONDERDAG, 3 Mei 1973.

VIERDE SITTING

9.00 vm. REFERAAT — „Kragdraad-instandhouding t.o.v. lugdrade" deur mnr. L. G. Baker, Adelingsbestuurder van Hudalec (Hubert Davies).
Besprekings.

10.30 vm. Verversings.

11.30 a.m. Question's Forum.

12.30 p.m. Luncheon.

Afternoon Session

2.00 p.m. Members' Forum.

2.30 p.m. Refreshments.

4.00 p.m. Closing Session of Convention.
Honorary Membership.
Closing Address.

8.00 p.m. Convention Social at the Imperial Hotel, Loop Street. Dress formal or dark suit.

FRIDAY, 4th MAY, 1973.

9.00 a.m. Executive Council Meeting at the Imperial Hotel.

LADIES' PROGRAMME

MONDAY, 30th April, 1973.

8.30 a.m. Attending the proceedings in accordance with official Convention Programme.

12.30 p.m. Luncheon and free afternoon.

6.00 p.m. Civic Reception.

TUESDAY, 1st May, 1973.

Tea with the Mayoress.
Time and place to be announced.
Buses available.

2.15 p.m. Visit to the Howick Falls and Midmar Dam.
Buses available.

WEDNESDAY, 2nd May, 1973.

9.00 a.m. Visit to the Lion Park.
Buses available.
Free afternoon.
Evening Braaivleis.

THURSDAY, 3rd May, 1973.

3.30 p.m. Attending Closing Session.

8.00 p.m. Convention Social at the Imperial Hotel —dress formal.

11.30 vm. Vrae Forum.

12.30 nm. Middagete.

Middagsitting

2.00 nm. Lede Forum.

2.30 nm. Verversings.

4.00 nm. Afsluiting van Konvensie.
Ere-Lidmaatskap.
Bedankings.

8.00 nm. Konvensiefunksie by die Imperial Hotel, Loopstraat, Drag fermeeel of donkerpak.

VRYDAG, 4 MEI 1973.

9.00 vm. Uitvoerende Raadsvergadering in die Imperial Hotel.

PROGRAM VIR DIE DAMES

MAANDAG, 30 April 1973..

8.30 vm. Bywoning van die verrigtinge volgens die amptelike Program van die Konvensie.

12.30 nm. Middagete en vry agtermiddag.

6.00 nm. Burgemeesteronthaal.

DINSDAG, 1 Mei 1973.

Tee met die Burgemeesteres.
Tyd en plek sal bekend gestel word.
Busse beskikbaar.

2.15 nm. Besoek aan die Howickwaterval en die Midmardam.
Busse beskikbaar.

WOENSDAG, 2 Mei 1973.

9.00 vm. Besoek aan die Leeupark.
Busse beskikbaar.
Vry agtermiddag.
Aand Braaivleis.

DONDERDAG, 3 Mei 1973.

3.30 nm. Bywoning van afsluitingsverrigtinge.

8.00 nm. Konvensiefunksie in die Imperial Hotel— drag formeel.

REPORT OF SECRETARIES.

To the President and Members of the Association.

Mr. President and Gentlemen,

It gives me great pleasure to submit to you the Report of your Association for the two-year period ended 28th February, 1973.

OBITUARY

It is with deep regret that we record the death of the following during the period covered by this Report:—

H. Fohren—Engineer, Eshowe.

M. N. Kirberger—Town Electrical Engineer, Bethal.

F. De Wit, Adelaide.

FORTY-SECOND CONVENTION

The forty-second Convention of the Association was held in Cape Town from the 18th to 21st October, 1971. Delegates were welcomed to Cape Town by His Worship, the Mayor of that city, Cllr. R. L. Friedlander, and were welcomed to the Convention by His Worship the Mayor of Springs, Cllr. Dr. F. W. Strydom. The Proceedings were officially opened by the Hon. the Deputy Minister of Economic Affairs, Mr. A. H. du Plessis. On behalf of the President, members of the Association and all others who attended the Cape Town Convention, I wish to record sincere appreciation to His Worship the Mayor and City Councillors for the hospitality extended on the occasion of this visit to the Mother City. To Jules von Ahlften, I wish to place on record the appreciation of all members for the efficient manner in which he carried out his duties as Chairman of the Convention as well as all other duties as President over the past two years.

This Convention saw the adoption of the amended Constitution of the Association which, apart from bringing its administration more in line with present day needs, had the effect of making its scope purely that of representing the interests of Municipal Undertakings in the Republic of South Africa in place of Southern Africa. This fundamental amendment was brought about by factors beyond the control of the Association's membership and provision for links with territories outside the Republic were made.

It is sincerely hoped that in the years to come, the purpose of Clauses 4.7 and 4.8 of the Constitution are not lost sight of by future Executive Councils.

The first paper presented at the Convention was entitled "The Application of Modern Management Principles and Techniques to a Municipal Under-

VERSLAG VAN DIE SEKRETARISSE

Aan die President en Lede van die Vereniging.

Mnr. die President, Menere,

Dit is vir my 'n groot genoeë om die verslag van u Vereniging vir die tweejaartydperk geëindig 28 Februarie 1973, aan u voor te lê.

DOODSBERIG

Dit is met die innigste leed dat ons die afsterwe van die volgende persone gedurende die tydperk wat deur hierdie verslag gedek word, aankondig:

H. Fohren — Ingenieur, Eshowe.

M. N. Kirberger — Stadselektriese-ingenieur, Bethal.

F. de Wit, Adelaide.

TWEE-EN-VEERTIGSTE KONVENSIE

Die twee-en-veertigste Konvensie van die Vereniging is vanaf 18 tot 21 Oktober 1971 in Kaapstad gehou. Die Agbare, die Burgemeester van daardie stad, Stadsraadslid R. L. Friedlander, het die afgevaardigdes in Kaapstad verwelkom en die Agbare, die Burgemeester van Springs, Stadsraadslid Dr. F. W. Strydom, het die verwelkomingsrede by die Konvensie waargeneem. Sy Edele, die Adjunk-Minister van Ekonomiese Sake, mnr. A. H. du Plessis, het die verrigtinge amptelik geopen. Namens die President, lede van die Vereniging en al diegene wat die Kaapstadse Konvensie bygewoon het, wil ek my opregte waardering teenoor die Agbare Burgemeester en die Stadsraadslede uitspreek vir die gasvryheid wat hulle ten tyde van hierdie besoek aan die moederstad Teenoor mnr. Jules von Ahlften uitspreek vir die doeltreffende manier waarop hy sy pligte as Voorsitter van die Konvensie en ook al die ander pligte as President vir die afgelope twee jaar, verrig het.

Ten tyde van hierdie Konvensie is die gewysigde Konstitusie van die Vereniging goedgekeur wat, afgesien daarvan dat dit die administrasie beter aan die hedendaagse behoeftes laat beantwoord het, ook die uitwerking gehad het dat dit nou uitsluitlik die belange van Munisipale Ondernemings in die Republiek van Suid-Afrika verteenwoordig, en nie Suidelike Afrika nie. Hierdie fundamentele wysiging was die gevolg van faktore buite die beheer van die Vereniging se lede, en daar is voorsiening gemaak daarvoor om met buite die Republiek te kan skakel.

Die opregte hoop word uitgespreek dat in die jare wat kom, die toekomstige Bestuursrade nie die doelstellings van Klousules 4.7 en 4.8 van die Konstitusie uit die oog sal verloor nie.

Die titel van die eerste Referaat wat by die Konvensie gelewer is, was "The Application of Modern Management Principles and Techniques to a Muni-

taking" by Mr. J. S. du Toit, B.Com., B.Admin., A.I.A.C. (S.A.), A.I.T.C. (S.A.), S.A.I.O.M. (Town Clerk of Roodepoort). This paper was a valuable contribution to the subject with which it dealt and resulted in interesting discussions. It was followed by a paper by Mr. P. J. Botes, B.Sc(Eng.) Pr.(Eng.), F.S.A.I.E.E. (Town Electrical and Mechanical Engineer, Roodepoort), entitled "Programming and Scheduling as Management Aids with Special Reference to Municipal Electricity Undertakings." As indicated in the title, this paper also dealt essentially with certain aspects of modern management and this well prepared paper and the discussion thereon overlapped largely with that on the paper presented by Mr. du Toit.

Dr. R. L. Straszacker, Chairman of ESCOM addressed the Convention and clarified certain aspects of the inter relation between the Commission and Municipal Electricity Undertakings under the conditions now pertaining.

The next paper to be presented was by Mr. C. T. Carter, Pr. (Eng.), B.Sc.(Eng.), of Cape Town Electricity Department and entitled "Aluminium Cables, Jointing and Accessories." This paper was a valuable contribution to a subject, in some respects, controversial, and led to good discussion.

The Convention next heard an address by Mr. S. Goodall, President of the International Electro Technical Commission. Mr. Goodall spoke on aspects of international standardisation.

The final paper presented to the Convention was by Mr. J. V. Grant, BSc. (Chief Scientist, Electrical Installations for Buildings Division, SABS, Pretoria) and entitled "Wiring Regulations and the implications of Sensitive Earth Leakage Protection," and the discussion which followed its presentantation carried a step further the A.M.E.U.'s discussion over many years on the subject of earth leakage protection, its pros and cons.

1972 TECHNICAL MEETING

The 1972 Technical Meeting of the Association was held over two days, 25th and 26th May at Kempton Park. The sincere appreciation of all concerned is extended to His Worship the Mayor and Town Councillors of Kempton Park for hospitality extended to delegates on this occasion.

Interesting paperettes were read as follows:—

1.—"New Developments in the Field of Insulating Materials," by Mr. A. J. Eriksson, M.Sc.(Eng.), Pr. (Eng.), A.M.I.E.E., Grad. S.A.I.E.E., Senior Research Officer, National Electrical Engineering Research Institute (C.S.I.R.).

cipal Undertaking" deur mnr. J. S. du Toit, B.Com., B.Admin., A.I.A.C.(SA), A.I.T.S.(SA), S.A.I.O.M. (Stadsklerk van Roodepoort). Hierdie referaat het 'n waardevolle bydrae gelewer tot die onderwerp waaroor dit gehandel het en het interessante besprekings tot gevolg gehad Daarna het mnr. P. J. Botes, B.Sc.(Ing.), Pr.(Ing.), F.S.A.I.E.E. (Stadselektriese-en Meganieseingenieur, Roodepoort) sy referaat getitel "Programming and Scheduling as Management Aids with Special Reference to Municipal Electricity Undertakings" gelewer. Soos die titel aandui, het hierdie referaat ook oor sekere wesenlike aspekte van moderne bestuur gehandel en hierdie goed voorbereide referaat en die bespreking wat daarop gevolg het, het in 'n groot mate die referaat wat mnr. du Toit gelewer het, oorvleuel.

Dr. R. L. Straszacker, Voorsitter van EVKOM, het die Konvensie toegespreek en sekere aspekte van die onderlinge betrekkinge tussen die Kommissie en die Munisipale Elektriese Ondernemings onder die heersende toestande toegelig.

Daarna het mnr. C. T. Carter, Pr.(Ing.), B.Sc.(Ing.) van die Elektrisiteitsafdeling van Kaapstad gevolg met sy referaat getitel "Aluminium Cables, Jointing and Accessories." Hierdie referaat het 'n waardevolle bydrae gelewer tot 'n onderwerp wat in sommige opsigte polemies is, en het 'n lewendige bespreking tot gevolg gehad.

Mnr. S. Goodall, President van die Internasionale Elektrotegniese Kommissie, het die Konvensie daarna toegespreek. Mnr. Goodall het oor sekere aspekte van internasionale standaardisasie gepraat. Die laaste referaat wat by die Konvensie gelewer is, was die van mnr. J. C. Grant, B.Sc. (Hoofwetenskaplike, Afdeling Elektriese Installering vir Geboue, SABS, Pretoria) getitel "Wiring Regulations and the implications of Sensitive Earth Leakage Protection," en die bespreking wat daarop gevolg het het die onderwerp, naamlik aardelekbeskerming, die voor- en nadele daarvan, waarmee die Vereniging van Munisipale Elektrisiteitsondernemings van Suid-Afrika hom al jare lank besig hou, 'n stap verder gevoer.

1972 — TEGNIESE VERGADERING

Die 1972- Tegniese Vergadering van die Vereniging is op 25 en 26 Mei in Kempton Park gehou. Ons spreek graag ons opregte waardering uit teenoor die Agbare Burgemeester en die Stadsraadslede van Kempton Park vir die gasvryheid wat hulle aan afgevaardigdes betoon het ten tyde van hierdie geleentheid.

Die volgende interessante kort referate is gelewer :

1.—"New Developments in the Field of Insulating Materials" deur mnr. A. J. Eriksson, M.Sc.(Ing.), Pr. A.M.I.E.E., Grad. S.A.I.E.E., Hoofnavorsingsbeampte, Nasionale Instituut vir Elektriese Ingenieursnavorsing (W.N.N.R.).

2.—"The Responsibilities of the Power Supply Engineer as regards Formulation of Standard Specifications," by A. A. Middlecote, Pr.(Eng.), B.Sc. (Elec. Eng.).

The greater part of the programme of the Technical Meeting was taken up by Forum Sessions with the responsibility for them being taken by the branches of the Association and by the affiliates. The standard of discussion was good, and I feel, proved that the Members' Forum can be a valuable part of the Association's proceedings.

MEMBERSHIP

The following new members were elected during the two years ended 28th February, 1973 :

Honorary Members :

R. M. O. Simpson — Durban.
J. F. Lategan — Stellenbosch.
R. Leishman — Johannesburg.
F. Stevens — Ladysmith.
W. Rossler — Kroonstad.

Past Members :

V. E. O. Barratt — Queenstown.

Council Members :

Volksrust.
King William's Town.
Hennenman.

Engineer Members :

K. H. Bobek (Borough Electrical Engineer, Eshowe.)
J. J. Labuschagne (Town Electrical Engineer, Walvis Bay).
N. S. Botha (Town Electrical Engineer, Vryheid).
R. L. Bleach (Town Electrical Engineer, Stilfontein).
S. N. Hammerschlag (Town Electrical Engineer, Bedforview).
S. T. Collins (City Electrical Engineer, Umtali).

Associates :

F. W. Bamber (Deputy City Electrical Engineer, Bulawayo).
J. D. Weyer (Assistant Electrical Engineer, Randfontein).
C. J. du Plessis (Deputy Town Electrical Engineer, Brakpan).
P. Wrigley (Deputy Electrical Engineer, Salisbury).
C. E. Adams (Deputy Electrical Engineer, Port Elizabeth).

2.—"The Responsibilities of the Power Supply Engineer as regards Formulation of Standard Specications" deur A. A. Middlecote, Pr.(Ing.), B.Sc. (Elek. Ing.).

Die program van Tegniese Vergadering het grotendeels uit forumbesprekings bestaan waarvoor die takke van die Vereniging en die geaffilieerdes verantwoordelikheid geneem het. Die besprekingstandaard was goed, en het na my mening doeltreffend bewys gelewer dat 'n ledeforum 'n waardevolle aandeel van die Vereniging se verrigtinge kan uitmaak.

LIDMAATSKAP

Die volgende nuwe lede is gedurende die twee jaar wat op 28 Februarie 1973 geëindig het, verkies :

Ere-lede :

R. M. O. Simpson — Durban.
J. F. Lategan — Stellenbosch.
R. Leishman — Johannesburg.
F. Stevens — Ladysmith.
W. Rossler — Kroonstad.

Voormalige-lede :

V. E. O. Barratt — Queenstown.

Rade-lede :

Volksrust.
King William's Town.
Hennenman.

Ingenieur-lede :

K. H. Bobek (Stads-Elektrotegniese Ingenieur, Eshowe).
J. J. Labuschagne (Stads-Elektrotegniese Ingenieur Walvisbaai).
N. S. Botha (Stads-Elektrotegniese Ingenieur, Vryheid).
R. L. Bleach (Stads- Elektrotegniese Ingenieur, Stilfontein).
S. N. Hammerschlag (Stads-Elektrotegniese Ingenieur, Bedfordview).
S. T. Collins (Stads- Elektrotegniese Ingenieur, Umtali).

Geassosieerdes :

F. W. Bamber (Adjunk-Stads Elektrotegniese Ingenieur, Bulawayo).
J. D. Weyer (Assistent-Elektrotegniese Ingenieur, Randfontein).
C. J. du Plessis (Adjunk- Stads-Elektrotegniese Ingenieur, Brakpan).
P. Wrigley (Adjunk- Stads-Elektrotegniese Ingenieur, Salisbury).
C. E. Adams (Adjunk- Stads-Elektrotegniese Ingenieur, Port Elizabeth).

Associate Members :

A. G. Zwiegelaar (Chief Electrician, Thabazimbi).
J. T. F. Nel (Town Electrical Engineer, King William's Town).
B. C. B. Greyling (Electrical Engineer, Ermelo).
J. G. Peens (Town Electrical Engineer, Carolina).
E. E. Kobus (Senior Electrician, Postmasburg).
D. M. Bosch (Town Electrical Engineer, Tarkastad).
V. G. Flint (Town Electrical Engineer, Hennenman).
H. D. Claxton (Electrical Engineer, Graaff Reinet).

Affiliates :

Egatube Plastic Conduits (Pty.) Ltd.
G. R. Hain (Pty.) Ltd.
U.S.C.O. Cable Co. (Pty.) Ltd.
Republic Power & Communications Co. (Pty.) Ltd.
C. A. du Toit & Partners.
Max Engineering (Pty.) Ltd.
Phosware (Pty.) Ltd.
Ove Arup & Partners.
D. J. J. Conradie & Partners.
Alucab (Pty.) Ltd.
E.M.A.G. Electrical Engineering (Pty.) Ltd.
Lenning Electrical (Pty.) Ltd.
Process Instruments (Pty.) Ltd.
Cu Al Engineering (Pty.) Ltd.

Transfers : (excluding those arising from adoption of New Constitution)

J. van S. Lochner transferred from Associate member to Engineer Member.
I. F. Boyack transferred from Associate to Engineer Member.
E. A. McWilliam transferred from Engineer Member to Past Member.
E. Trautman transferred from Associate to Engineer Member.
M. P. P. Clarke transferred from Associate Member to Engineer Member.
A. C. T. Frantz transferred from Engineer Member to Honorary Member.
H. T. Turner transferred from Engineer Member to Honorary Member.
I. H. Hess tansferred from Associate to Engineer Member.

The following resignations took place during the period under review:

Past Members :

W. G. Thackwray — Johannesburg.
T. D. Zeederburg — Pretoria.

Council Members :

Bloemhof

Assosiaatlede :

A. G. Zwiegelaar (Hoof Elektrisiën, Thabazimbi).
J. T. F. Nel (Stads-Elektrotegniese Ingenieur, King William's Town).
B. C. B. Greyling (Elektrotegniese Ingenieur, Ermelo).
J. G. Peens (Stads-Ingenieur, Carolina).
E. E. Kobus (Hoof Elektrisiën, Postmasburg).
D. M. Bosch (Stads-Elektrotegniese Ingenieur, Tarkastad).
V. G. Flint (Stads-Elektrotegniese Ingenieur, Hennenman).
H. D. Claxton (Elektrotegniese Ingenieur, Graaff Reinet).

Geaffilieerdes :

Egatube Plastic Conduits (Edms.) Bpk.
G. R. Hain (Edms.) Bpk.
U.S.C.O. Cable Co. (Edms.) Bpk.
Republic Power & Communications Co. (Edms.) Bpk.
C. A. du Toit en Vennote.
Max Engineering (Edms.) Bpk.
Phosware (Edms.) Bpk.
Ove Arup en Vennote.
D. J. J. Conradie en Vennote.
Alucab (Edms.) Bpk.
E.M.A.G. Electrical Engineering (Edms.) Bpk.
Lenning Electrical (Edms.) Bpk.
Process Instruments (Edms.) Bpk.
Cu Al Engineering (Edms.) Bpk.

Oorplasings : (Uitsluitende dié wat deur aanneming van Nuwe Grondwet ontstaan).

J. van S. Lochner vanaf Assosiaat-lid na Ingenieur-lid.
I. F. Boyack vanaf Assosiaat na Ingenieur-lid.
E. A. McWilliam vanaf Ingenieur-lid na Voormalige-lid.
E. Trautman vanaf Geassosieerder na Ingenieur-lid.
M. P. P. Clarke vanaf Assosiaat-lid na Ingenieur-lid.
A. C. T. Frantz vanaf Ingenieur-lid na Erelid.
H. T. Turner vanaf Ingenieur-lid na Erelid.
I. H. Hess vanaf Geassosieerde na Ingenieur-lid.

Die volgende bedankings is gedurende die tydperk waaroor hierdie verslag handel, ontvang :

Voormalige Lede :

W. G. Thackwray — Johannesburg.
T. D. Zeederburg — Pretoria.

Rade-lede :

Bloemhof.

Harrismith
*Bulawayo
*Gwelo
*Salisbury
*Umtali
Makwassie Health Committee.

*Deleted by adoption on new Constitution.

Engineer Members :

R. V. Bailey — Mooi River.
B. Carpenter — Umtata.
J. A. Nieuwenhuis — Wolmaransstad.
J. S. Craig (retired) — Greytown.
P. L. Vergottini (retired) — Warmbaths.
F. J. Phillips (retired) — Mossel Bay.

Associate Member :

J. A. Munro — Bloemhof.

Affiliates :

Pratley Manufacturing & Engineering Co. (Pty.) Ltd.
Davidson & Co (Africa) (Pty.) Ltd.
Amalgamated Power Engineering S.A. (Pty.) Ltd.

Marthinussen & Co. (Pty.) Ltd.
Yarrow (Africa) (Pty.) Ltd.
Simon-Lodge (Pty.) Ltd.
C. A. Parsons & Co. (SA) (Pty.) Ltd.
Babcock & Wilcox Africa Ltd.
W. R. Burnett (Pty.) Ltd.
E. Green & Son (SA) (Pty.) Ltd.

Members Deceased :

F. de Wit — Associate Member.
J. Wilson — Honorary Member.
D. Lees — Honorary Member.
N. M. Kirberger — Engineer Member.
H. Fohrën — Engineer Member.

Comparative Membership figures are as follows:

	as per previous report	Including admissions up to 28.2.73 and excluding those individuals whose present whereabouts are unknown and including adjustments arising from adoption of new Constitution
Past Members	10	23
Honorary Members	18	27
Undertaking Members	136	133
Engineer Members	139	94
Associates	33	30
Associate Members	37	26
Affiliates	95	85

Harrismith.
*Bulawayo.
*Gwelo.
*Salisbury.
*Umtali.
Makwassie Gesondheids Komitee.

* Uitgekrap deur die aanneming van die nuwe Grondwet.

Ingenieurlede :

R. V. Bailey — Mooirivier.
B. Carpenter — Umtata.
J. A. Niewenhuis — Wolmaransstad.
J. S. Craig (afgetree) — Greytown.
P. L. Vergottino (afgetree) — Warmbad.
F. J. Phillips (afgetree) — Mosselbaai.

Assosiaatlid :

J. A. Munro — Bloemhof.

Geaffilieerdes :

Pratley Manufacturing & Engineering Kie (Edms.) Bpk.
Davidson & Kie (Edms.) Bpk.
Amalgamated Power Engineering SA (Edms.) Bpk.
Marthinussen & Kie (Edms.) Bpk.
Yarrow (Afrika) (Edms.) Bpk.
Simon-Lodge (Edms.) Bpk.
C. A. Parsons & Kie (SA) (Edms.) Bpk.
Babcock & Wilcox Afrika Bpk.
W. R. Burnett (Edms.) Bpk.
E. Green & Seun (SA) (Edms.) Bpk.

Afgestorwe lede :

F. de Wit — Assosiaat-lid.
J. Wilson — Erelid.
D. Lees — Erelid.
N. M. Kirberger — Ingenieurlid.
H. Fohrën — Ingenieurlid.

Die vergelykende lidmaatskapsyfers is soos volg :

	volgens vorige verslag	Insluitende uit insluitende toelatings tot 28.2.73 en met uitsluiting van daardie persone wie se huidigeadresse onbekend is en insluitende reëlings wat deur aanneming van nuwe Grondwet ontstaan
Voormalige-lede	10	23
Erelede	18	27
Rade-lede	136	133
Ingenieur-lede	139	94
Geassosieerdes	33	30
Assosiaat-lede	37	26
Geaffilieerdes	95	85

FINANCE

Income and Expenditure Accounts for the years under review, together with the Balance Sheet as at the 29th February, 1972 and 28th February, 1973, will be submitted to the Convention, but in view of it being held somewhat earlier this year and so as not to hold back the publication of Volume 1 of the Proceedings until audit is completed, it will be impractical to issue them with this report.

Considerable attention has been given to the finances of the Association since my last Report in 1971. Following the adoption of the new Constitution in which the assessment of all subscriptions and attendance fees was vested in the Executive Council, new scales were fixed which, it was confidently felt, would meet the requirements of the Association for a considerable period. Provision was made in the budget for the Association to become, as far as possible self-supporting and no longer dependant on host councils for assistance by way of entertainment, etc. At the same time, costs of printing the Proceedings have continued to escalate. At the present time I am unable to forecast the financial position of the Association during the coming two years as the impact of the appointment of new Secretaries, to which I will refer later in this report, and other factors may be material. With regard to the Proceedings, the Executive Council accepted our recommendation that those in respect of the 1972 Technical Meeting were produced in a largely unedited and cheaper form. For a number of years I have personally edited Proceedings, but as a personal "labour of love," the new Secretaries could not be expected to undertake this task.

FINANSIES

Inkomste-en-uitgawerekenings vir die verslagjaar, en ook die balanstaat soos op 29 Februarie 1972 en Februarie sal aan die Konvensie voorgelê word, maar met die oog daarop dat dit vanjaar heelwat vroeër gehou word en om nie die publikasie van Volume 1 van die Verrigtinge te vertraag tot tyd en wyl die oudit afgehandel is nie, sal dit onprakties wees om dit saam met hierdie verslag te publiseer.

Sedert my laaste verslag in 1971, het die finansies van die Vereniging heelwat aandag geniet. Na die goedkeuring van die nuwe Konstitusie waarin die Bestuursraad die mag verleen is om alle bydraes en bywoningsgelde vas te stel, is nuwe skale vasgestel wat seer sekerlik vir 'n geruime tyd in die behoeftes van die Vereniging sal voorsien. In die begroting is daar sover moontlik voorsiening gemaak vir die Vereniging om selfonderhoudend te kan word en nie meer op gasheerrade aangewys te hoef te wees vir hulp, hetsy deur onthale of op enige ander wyse nie. Terselfdertyd het die koste verbonde aan die drukwerk van die Verrigtinge bly styg. Ek is nie tans by magte om die finansiële posisie van die Vereniging vir die komende twee jaar te voorspel nie, aangesien die aanstelling van nuwe Sekretarisse (ek kom later in die verslag terug daarna) en ander faktore 'n wesenlike uitwerking daarop mag hê. Wat die Verrigtinge betref, die volgende: Die Bestuursraad het ons aanbeveling aanvaar dat dié ten opsigte van die 1972- Tegniese Vergadering grotendeels ongeredigeer en goedkoper aangebied is. Vir etlike jare het ek persoonlik die Verringtinge geredigeer, maar as 'n persoonlike „liefdesdiens" kan daar nie van die nuwe Sekretarisse verwag word om die taak te verrig nie.

REGIONAL BRANCHES

No new Regional Branches have been established during the period under review.

STREEKTAKKE

Gedurende die tydperk wat deur hierdie verslag gedek word, is daar geen nuwe Streektakke gestig nie.

MID YEAR EXECUTIVE MEETING AND MEETING WITH STANDING COMMITTEE

The 'Mid-Year' meeting of the Executive Council was held in Kempton Park during November, 1972, and the Standing Committee has now become operative as far as its own programme of meetings is concerned.

TUSSENTYDSE BESTUURSVERGADERING EN VERGADERING SAAM MET DIE DAGBESTUUR

Die tussentydse Vergadering van die Bestuursraad is gedurende November 1972 in Kempton Park gehou, en die Dagbestuur het nou, sover dit sy eie program vir vergaderings betref, in werking getree.

SUB-COMMITTEES AND REPRESENTATIVES

Once again, on behalf of members of the Association, appreciation must be recorded for the great volume of work undertaken by the minority of members of the Association on the various technical committees thereof as well as representatives on other organisations.

SUBKOMITEES EN VERTEENWOORDIGERS

Hier ook moet daar namens die lede van die Vereniging waardering uitgespreek word vir die magdom werk wat 'n klein aantal lede van die Vereniging in die verskillende tegniese komitees, en ook as verteenwoordigers in ander organisasies, verrig het.

The Association was represented at the 1972 meeting of the IEC in Athens by Messrs. J. K. von Ahlften and E. E. de Villiers. We are grateful to their respective town councils for granting them the necessary facilities to enable them to represent the Association at this most important international gathering.

CONCLUSION

It is with regret that I now take this opportunity of saying "totsiens" to the many friends in the Association whom we as a firm, and myself and my wife personally, have made over our many years of association with the A.M.E.U. Unfortunately, circumstances within the Association have made it impossible for us to continue our connection therewith and we reluctantly took the step of tendering our resignation as Secretaries. Our connection with the Association over the years has been a very happy one and we wish success to all concerned with the future administration of the Association. At the last meeting of the Executive Council it was resolved to recommend to the Pietermarizburg Convention that I be granted an Honorary Membership of the Association. I take this opportunity of conveying to all concerned, my sincere appreciation for this honour.

R. G. EWING,

for Davidson & Ewing (Pty.) Limited.
Secretaries.

20th February, 1973.

Mnre. J. K. von Ahlften en E. E. de Villiers het ten tyde van die IEC-vergadering wat in 1972 in Athene gehou is, die Vereniging verteenwoordig. Ons is dankbaar dat hul onderskeie Stadsrade hul die nodige fasiliteite verleen het om hulle in staat te stel om die Vereniging by hierdie uiters belangrike internasionale vergadering te verteenwoordig.

TEN SLOTTE

Met die innigste spyt wil ek nou van hierdie geleentheid gebruik maak om aan die talle vriende in die Vereniging wat ons, as firma, en my vrou en ek persoonlik, tydens ons jarelange verbintenis met die V.M.E.O. gemaak het, ons uittrede bekend te maak. Ongelukkig het omstandighede binne die Vereniging dit vir ons onmoontlik gemaak om ons verbintenis daarmee voort te sit, en ons het met teensin daartoe oorgegaan om as Sekretarisse van die Vereniging te bedank. Ons verbintenis met die Vereniging oor baie jare was uiters gelukkig en one wens al diegene wat in die toekoms aan die administrasie van die Vereniging verbonde gaan wees, sukses toe. Ten tyde van die laaste vergadering van die Bestuursraad is daar besluit om by die Pietermaritzburg-konvensie aan te beveel dat 'n Erelidmaatskap van die Vereniging aan my toegeken word. Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om aan al diegene wat daarby betrokke was my opregte waardering vir hierdie eer oor te dra.

R. G. EWING,

vir Davidson & Ewing (Edms.) Beperk
Sekretarisse

20th Februarie 1973.

GENERATION AND TRANSMISSION IN THE ESCOM SYSTEM

By Mr. H. B. Norman

SUMMARY

This paper gives details of the generation and transmission capability of the Escom system for the next decade and discusses the factors involved in deciding how this should be increased to meet future loads. The reliability of long transmission systems is discussed and performance statistics for Escom lines are given. The standard fault levels and transformer ratings recently adopted by Escom are mentioned and details are given of the firm load that can be supplied from a busbar at various supply voltages using standard equipment.

1. GENERATION.

The present total generation capability of Escom's power stations is 8913 MW and plans already in hand will increase this progressively to 13581 MW during the next decade.

About 96 percent of this generation will be provided from coalfired plant which requires boiler overhauls taking about 2 months every 3 years and turbine generator overhauls taking from 2 to 4 months every 5 to 6 years. On the Escom system the weekly maximum demand is more than 90 percent of the annual peak for about two thirds of the year so that it is not possible to carry out all of the overhaul programme during light load periods and about 7½ percent of the total generating plant has to be out of service for overhaul during the winter peak load period.

Provision must also be made for unscheduled outages arranged at short notice for preventive maintenance or repairs and for forced outages due to faults. The largest set size on the system at present has a rating of 325 MW sent out or just over 3½ percent of the total generation capability so that the provision of 7 percent of total generation capability for unscheduled and forced outages allows for the loss of the largest set when one of the same size is out of service for maintenance or repair.

Thus, allowing for overhauls, unscheduled and forced outages, the firm generation capability of Escom's stations at time of winter peak load can be taken to be 85,5 percent of the total capability.

To supplement the generation available from its own stations Escom has contracted to take power from the Cabora Bassa station in Mocambique over two

KRAGONTWIKKELING EN -TRANSMISSIE IN DIE EVKOMSTELSEL

Deur Mnr. H. B. Norman

OPSOMMING.

Hierdie verhandeling verskaf besonderhede van die ontwikkel- en transmissievermoë van die Evkomstelsel vir die volgende dekade en bespreek die faktore wat gemoeid is met die besluit oor die wyse waarop dit verhoog kan word om in toeskomstige behoeftes te voorsien. Die betroubaarheid van lang transmissiestelsels word bespreek en daar word pretasiestatistiek vir Evkom-kraglyne verskaf. Daar word ook melding gemaak van die standaard-foutpeile en transformatorkenwaardes wat Evkom onlangs aanvaar het en besonderhede gegee van die vaste las wat by verskillende toevoerspannings vanaf 'n geleistam gedra kan word as standaarduitrusting gebruik word.

1. ONTWIKKELING.

Evkom se kragstasies het tans 'n totale ontwikkelingsvermoë van 8913 MW en planne wat reeds opgestel word, sal daartoe lei dat dit gedurende die volgende dekade gaandeweg toeneem tot 13581 MW.

Sowat 96 persent van hierdie ontwikkelsvermoë sal voorsien word deur steenkoolgestookte uitrusting wat vereis dat daar elke 3 jaar ongeveer 2 maande aan ketelopknapping en elke 5 tot 6 jaar van 2 tot 4 maande aan turbinegeneratoropknapping bestee word. By die Evkamstelsel beslaan die weeklikse maksimumaanvraag vir omtrent twee derdes van die jaar meer as 90 persent van die jaarlikse spitsaanvraag; gevolglik is dit nie moontlik om die hele opknappingsprogram gedurende tye van geringe belasting uit te voer nie en moet sowat 7½ persent van die totale ontwikkelingsmasjinerie gedurende die winterspitslastydperk vir opknapping uit diens onttrek word.

Daar moet ook voorsiening gemaak word vir onbeplande buitebedryfstelling wat op kort kennisgewing vir voorkomende onderhoud of herstelwerk gereël word en vir gedwonge onderbrekings as gevolg van foute. Tans het die grootste stel in die stelsel 'n kenvermoë van 325 MW, of net meer as 3½ persent van die totale ontwikkelingsvermoë; dus maak die toelating van 7 persent vir onbeplande en gedwonge onderbrekings voorsiening vir die uitval van die grootste stel wanneer een met dieselfde grootte uit diens is vir onderhoud of herstelwerk.

Indien daar voorsiening gemaak word vir opknapping, onbeplande en gedwonge onderbreking kan die vaste ontwikkelvermoë van Evkom se kragstasies ten tye van winterspitslaste beskou word as 85,3 persent van die totale vermoë.

Om die beskikbare vermoë van sy eie stasies aan te vul, het Evkom 'n kontrak aangegaan om krag deur twee monopolêre hsgs-lyne van die Cabora Bassa-

monopolar hvdc lines. Supplies from this source can be considered to be firm since the contractual power figures allow for the loss of a set at Cabora Bassa or the loss of one of the monopolar lines.

Adding the firm power from Cabora Bassa to that from Escom's stations, the total firm generation capability available to the Escom system during the next 10 years will be as shown in column 1 of Table 1. The anticipated annual maximum demand on the system is given in column 2 and the excess of firm generation over anticipated demand is given in column 3. Allowing 14,5 percent for overhaul and outages the shortfall in total generating capability in later years is indicated in column 4.

It will be seen from column 3 that in the years from 1975 to 1979 the planned programme for installation of generating plant provides an excess of generation over that needed to meet the anticipated load with an adequate reserve for overhauls and outages.

This extra margin of safety is considered desirable to allow for the possibility of delays in completion of the various stages of the Cabora Bassa project and to allow for "teething troubles" with the first 500 MW sets at Kriel since it is general experience that the initial availability of large sets is usually poor.

By 1890 additional generating plant will be needed to meet the anticipated demand and the question of what type of plant should be added is under active investigation.

Various types of plant could be added including conventional steam, nuclear, hydro, pumped storage and gas turbine. The economics of each of these types of plant involve consideration of the capital costs, which depend mainly on the power rating, and operating costs which depend mainly on the annual energy output needed. In general, plant with a low capital cost has a high operating cost and vice versa, so that the most economic plant to provide a given amount of power will depend on the annual energy involved, i.e. the annual load factor at which it will operate.

Once plant has been installed economics dictate that the plant with the lowest operating costs should be used to provide the maximum energy it can produce, while that with the highest cost should be used as little as possible. Thus the plant with lowest operating costs should be used, as far as possible, for load duty and the remaining plant should be chosen in merit order to meet the peaking duty, on the basis that the higher its operating cost the less energy it should produce.

stasie in Mosambiek te neem. Toevoere uit hierdie bron kan as bestendig beskou word aangesien die kontraktuele kragsyfers voorsiening maak vir die verlies van 'n stel by Cabora Bassa of die verlies van een van die monopolêre lyne.

As die bestendige krag van Cabora Bassa af by dié van Evkom se stasies bygevoeg word, sal die totale vaste ontwikkelvermoë wat in kolom 1 van Tabel 1 getoon word, gedurende die volgende 10 jaar uit die Evkom-stelsel beskikbaar wees. Die verwagte jaarlikse maksimum aanvraag teen die stelsel word in kolom 2 getoon en die oorskot van die bestendige kragontwikkeling bo die verwagte aanvraag word in kolom 3 aangegee. In kolom 4 word die tekort aan totale ontwikkelvermoë in daaropvolgende jare aangedui nadat 14,5 persent vir opknapping en buitebedryfstyd afgetrek is.

Dit sal uit kolom 3 blyk dat die program vir die installering van ontwikkeluitrusting met betrekking tot die jare vanaf 1975 to 1979 voorsiening maak vir 'n ontwikkelingsoorskot bo die eise van verwagte belasting en daar bly 'n toereikende reserwevermoë oor vir opknapping en onderbrekings. Hierdie bykomende veiligheidsgrens word wenslik geag om voorsiening te maak vir die moontlikheid van vertragings in die voltooiing van die verskillende stadia van die Cabora Bassa-projek en om rekening te hou met aanvangsprobleme met die eerste 500-MW-stelle by Kriel aangesien die algemene ondervinding getoon het dat groot stelle aanvanlik 'n swakker beskikbaarheid het.

Teen 1980 sal bykomende ontwikkeluitrusting nodig wees om in die verwagte vraag te voorsien en daar word daadwerklik ondersoek ingestel na die tipe uitrusting wat bygevoeg moet word.

Verskeie tipes uitrusting kan bygevoeg word. Dit omvat die konvensionele stoom-, kern-, pompwateropgaar- en gasturbineuitrusting.. Die ekonomie van hierdie soorte installasies behels oorweging van die kapitaalkoste wat hoofsaaklik van die kragkenvermoë afhang en van die bedryfskoste wat in die eerste plek van die jaarlikse benodigde energielewering afhang. Uitrusting met 'n lae kapitaalkoste het in die algemeen 'n hoë bedryfskoste en omgekeerd; dus sal die mees ekonomiese uitrusting om 'n gegewe hoeveelheid krag te verskaf, afhang van die jaarlikse energie wat betrokke is, d.w.s. die jaarlikse lasfaktor waarteen dit sal werk.

As uitrusting eers geïnstalleer is, vereis besuiniging dat die uitrusting met die laagste bedryfskoste gebruik moet word om die maksimum hoeveelheid energie waartoe dit in staat is, te verskaf, terwyl dié met die hoogste bedryfskoste so min as moontlik gebruik moet word. Die uitrusting met die laagste bedryfskoste moet aldus sover as moontlik gebruik word om die basiese las te dra en die oorblywende uitrusting moet in volgorde van verdienstelikheid ingespan word om die spitslas die hoof te bied op die grondslag van

As the load increases the required amounts of base load power and peaking power at various load factors increases in proportion so that the load factor on existing plant will vary depending on what type of plant is added to meet the increased load. If new base load plant is added the existing base plant of lowest merit order will become lower. This will result in lower total generating costs. For all plant of lower merit order than the new plant added. Conversely if new peaking plant is added it will be operated according to its merit order and all existing peaking plant of higher merit order will have to generate more energy while all plant of lower merit order will have to generate less energy.

It will be clear from this brief discussion that a simple comparison of costs of generating plant is insufficient to establish the most economic plan, and the only way to arrive at an optimum programme for adding new plant is to determine the total costs of the system with different types of plant added to meet the shortfall of power from year to year.

The aspect of transmission costs also enters the picture as certain types of plant such as steam, hydro and pumped storage can only be placed in certain locations and the cost of the tranmission system needed to convey the power generated at these locations to appropriate centres will vary.

A further aspect that has a bearing on how a plant can be operated is the question of fuel storage If fuel can be stored, as, for example, in a hydro installation, it is possible to use this fuel to produce a constant power, such that the fuel is used at the rate it is stored, or to produce a greater amount of power for a shorter time. Since the cost of the dam in a hydro installation in South Africa is generally very high while the average annual energy that can be generated is relatively low, it is usually economic to install a station of high power rating and use this plant at a low load factor for peaking duty. In this way the cost per kW of the installation can be reduced to low figure.

In view of the high cost of railing coal it is generally uneconomic to build coal-fired stations anywhere except on the coal fields and, in general, only limited coal storage facilities are provided. Since the capital cost of developing the colliery forms a large percentage

hoe hoër die bedryfskoste hoe minder die energie wat dit moet lewer.

Namate die las toeneem, neem die vereiste hoeveelhede basislaskrag en spitslaskrag in verhouding toe teen verskillende lasfaktore; derhalwe sal die lasfaktor by bestaande uitrusting varieer na gelang van die tipe uitrusting wat bygevoeg word om die verhoogde las te dra. Indien nuwe basislasuitrusting bygevoeg word, sal die bestaande basislasuitrusting met die kleinste verdienstelikheid spitslasuitrusting word en die lasfaktor vir alle bestaande spitslasuitrusting sal kleiner word. Dit sal lei tot laer totale ontwikkelingskoste vir alle uitrusting wat laer in die volgorde van verdienstelikheid is as die nuwe bygevoegde uitrusting. Indien nuwe spitslasuitrusting bygevoeg word, sal dit aan die ander kant ooreenkomstig die verdienstelikheidsrang daarvan gebruik word en sal alle spitslasuitrusting met groter verdienstelikheid meer energie moet ontwikkel terwyl alle uitrusting met 'n geringer verdienstelikheid minder energie sal moet ontwikkel.

Dit sal uit hierdie kort bespreking blyk dat 'n eenvoudige vergelyking van die koste van ontwikkeluitrusting onvoldoende is vir die bepaling van die mees ekonomiese plan en die enigste wyse waarop die voordeligste program vir die byvoeging van nuwe uitrusting uitgewerk kan word, is deur die totale koste van die stelsel te bepaal as verskillende tipes uitrusting bygevoeg word om die tekort aan krag van jaar tot jaar die hoof te bied.

Die aspek van transmissiekoste kom ook in aanmerking aangesien sekere tipes uitrusting soos stoomhidro- en pompwateropgaaruitrusting op slegs sekere plekke geplaas kan word en omdat die koste van die transmissiestelsels om die krag van hierdie plekke af na die betrokke lassentra toe oor te bring, sal verskil.

'n Verdere aspek wat 'n invloed het op die wyse waarop installasies bestuur kan word, is die kwessie van brandstofberging. Indien energie geberg kan word, soos byvoorbeeld in 'n hidro-installasie, is dit moontlik om hierdie energie te gebruik vir die lewering van konstante krag, op so 'n wyse dat die energie gebruik word teen die tempo waarteen dit geberg word, of om 'n groter hoeveelheid krag vir n korter tyd te ontwikkel. Aangesien die koste van 'n dam vir 'n hidro-installasie in Suid-Afrika in die reël baie hoog is terwyl die gemiddelde jaarlikse energie wat ontwikkel kan word betreklik laag is, is dit gewoonlik ekonomies om 'n stasie van hoë kragvermoë op te rig en om hierdie installasie teen 'n lae lasfaktor slegs vir toplasdiens te gebruik. Op hierdie wyse kan die installasie se koste per kW tot 'n lae syfer verminder word.

In die lig van die hoë koste om steenkool te verspoor, is dit gewoonlik onekonomies om steenkoolgestookte kragstasies op ander plekke as steenkoolvelde op te rig, en in die algemeen word slegs vir beperkte steenkoolbergingsfasiliteite voorsiening ge-

of the total fuel cost a pit-head coal station will be most economic if the coal facility can be used at maximum output, and, for this reason, existing pit-head stations are used, as far as possible, for base load duty.

Since the majority of Escom's present stations are of the pit-head, coal-fired type it is obvious that they cannot all run as base load and those of lower merit order must be used for peaking duty. This means that the collieries at these stations are capable of producing, at a low cost, more coal than is required. This coal could be used either by adding a pump-storage installation or by adding coal-storage facilities and additional generating plant at the station in question. In either alternative the energy not needed by the system at time of light load can be stored, either in the form of water pumped up to a reservoir or in the form of coal, and this energy can be used at time of peak load.

Nuclear stations and gas turbine installations are most economic when located at the coast because cooling water is readily available for the nuclear plant and gas turbines can produce maximum output at sea level. In comparing the costs of these types of plant with others the cost of transmission plays a large part. For example, in comparing a coal-fired station on the Eastern Transvaal coal fields with a nuclear or gas turbine station in the Western Cape a transmission system of about 1500 km would be involved in the first alternative.

Space does not permit further discussion of generation economics but the above comments will give some idea of the factors involved. The final decision regarding the type of plant to be added to meet the shortfall of generation in 1980 and subsequent years will be based on long-term studies taking all these factors into account and will be made on the basis of providing a system having the lowest possible generating cost consistent with an acceptable degree of reliability of supply.

2. TRANSMISSION.

In the space available it is not feasible to discuss the transmission systems in Escom's various Undertakings throughout the country, and it is intended to confine discussion to the 400kV system.

As is well known the 400kV system has been created to link all of Escom's Undertakings to form an integrated national supply system throughout the country. The creation of a national system is of benefit to

maak. Aangesien die kapitaalkoste om die steenkoolmyn te ontwikkel 'n groot persentasie van die totale brandstofkoste uitmaak, sal 'n skagkragstasie meer ekonomies wees indien die steenkoolfasiliteite teen maksimum lewering gebruik kan word, en om hierdie rede word die bestaande skagkragstasies sover moontlik gebruik om die basislas te verskaf.

Aangesien die meerderheid van Evkom se huidige stasies die skagbek-steenkoolgestookte tipe is, is dit duidelik dat nie almal as basislasstasies gebruik kan word nie en dié wat minder geskik is, moet vir spitslasdiens gebruik word. Dit beteken dat die steenkoolmyne by hierdie stasies meer steenkool as wat nodig is teen 'n lae koste kan lewer. Hierdie steenkool kan gebruik word deur óf 'n pompwaterinstallasie óf steenkoolbergingsgeriewe en bykomende ontwikkeluitrusting by die betrokke stasie by te voeg.By elke alternatief kan die energie wat die stelsel ten tye van geringe belasting nie nodig het nie, geberg word, óf in die vorm van water wat na 'n opgaardam gepomp word of in die vorm van steenkool, en hierdie energie kan gedurende spitslastye gebruik word.

Kernkragstasies en gasturbine-installasies is meer ekonomies wanneer hulle aan die kus opgerig word omdat koel water geredelik beskikbaar is vir die kernkraginstallasies terwyl gasturbines op seevlak die hoogste lewering het. Wanneer die koste van hierdie tipes uitrusting met ander vergelyk word, speel transmissiekoste 'n groot rol. Wanneer 'n steenkoolgestookte stasie op die Oos-Transvaalse steenkoolvelde byvoorbeeld met 'n kernkrag- of gastuurbinestasie in Wes-Kaapland vergelyk word, sal eersgenoemde 'n transmissiestelsel van nagenoeg 1500 km verg.

Daar is te min ruimte vir verdere bespreking van kragontwikkelingsekonomie : tog sal die kommentaar hierbo 'n redelike begrip verskaf van die faktore wat 'n rol speel. Die finale besluit in verband met die tipe installasie wat bygevoeg moet word om die tekort aan kragontwikkelingsuitrusting in 1980 en die daaropvolgende jare aan te vul, sal gegrond wees op langtermynondersoeke waarin al hierdie faktore in ag geneem is, en sal geneem word op die basis dat 'n stelsel met die laagste moontlike ontwikkelkoste en met 'n aanvaarbare graad van betroubare kragvoorsiening in die vooruitsig gestel word.

2. TRANSMISSIE.

In die beskikbare ruimte is dit nie doenlik om die transmissiestelsels in Evkom se onderskeie ondernemings oor die hele land te bespreek nie; die bedoeling is om die bespreking tot die 400kV-stelsel te beperk.

Dit is bekend dat die 400kV-stelsel geskep is om al Evkom se ondernemings te koppel sodat 'n geïntegreerde landswyse toevoerstelsel tot stand gebring kan word. Die skepping van 'n landswye stelsel strek tot

all consumers in the country since it allows Escom to make maximum use of its most economic generating plant. It also makes it possible to use sets of the largest possible ratings at any location throughout the country. This point is particularly important in connection with the possible use of nuclear power since this becomes progressively more economic as the size of set increases. Another benefit of interconnecting the various Undertakings is that reserves provided to cover unscheduled and forced outages can be pooled and thus the total reserve needed is kept to a minimum.

The extent to which advantage can be taken of all these aspects depends on the power transfer capability of the 400kV system. This system was originally designed on the assumption that by the time its power transfer capability was reached it would be economic to add nuclear stations in the coastal areas. This assumption was based on economic studies using the best cost estimates available at that time. Since the initial studies prices of nuclear plant have escalated very rapidly and, unless very large set sizes are used, the economic case for nuclear power has become very marginal.

Considering the coastal areas fed from the 400kV system the dates by which some action must be taken to provide more power can be determined from Table II which lists the anticipated maximum demands in the areas concerned.

As regards Cape Western Undertakings (CWU) the capability of the local Escom stations at Salt River and Hex River amounts to a maximum of 335 MW sent out. In view of the very high cost of coal it will pay to operate this plant to produce the minimum possible amount of energy. The intention, therefore, is to use it as reserve plant to cover unscheduled outages and, to ensure that it is in good working order when needed at short notice, it is proposed to operate each set in rotation every third day during the peak hour shift. On this basis one third of the plant would be in operation during the peak shift under normal conditions so that the local stations could generate up to about 110 MW to assist in meeting the peak load.

With the planned duplication of the 400kV lines and the addition of series capacitors, studies show that the system will be capable of delivering about 1000 MW to the Western Cape with any one line section out of service, provided loads at intermediate stations grow as anticipated. It is therefore possible to meet a load of 1110 MV before further action is needed and it can be seen from Table II that this load will be nearly reached in 1980 and will be exceeded

die voordeel van alle verbruikers in die land aangesien Evkom daardeur sy mees ekonomiese ontwikkeluitrusting ten beste kan benut. Dit maak ook die gebruik van stelle met die grootste moontlike kenvermoëns op enige plek in die land moontlik. Hierdie punt is veral belangrik in verband met die moontlike gebruik van kernkrag aangesien dit progressief meer ekonomies word na mate die stelgrootte toeneem. Nog 'n voordeel van die onderlinge koppeling van die onderskeie ondernemings is dat reserwes ter dekking van onbeplande en gedwonge onderbrekings saamgevoeg kan word, derhalwe word die totale benodigde reserwe tot 'n minimum beperk.

Die ma'e waarin al hierdie aspekte benut kan word, hang af van die kragoordravermoë van die 400kV-stelsel. Hierdie stelsel is oorspronklik ontwerp met die veronderstelling dat dit ekonomies sou wees om kernkragstasies in die kusgebiede by te voeg wanneer die stelsel se kragoordravermoë bereik word. Hierdie veronderstelling is gegrond op ekonomiestudies waarin van die beste kosteramings op daardie tydstip gebruik gemaak is. Sedert die eerste studies het die pryse van kernuitrusting baie skerp gestyg en tensy baie groot stelle gebruik word, is dit twyfelagtig of kernkrag ekonomies is.

Met inagneming van die kusgebiede wat vanaf die 400kV-stelsel gevoer word, kan die datum wanneer stappe gedoen moet word om meer krag te voorsien, bepaal word uit Tabel II waarin die verwagte maksimum aanvrae in die betrokke gebiede verstrek word.

Wat die Wes-Kaaplandse Onderneming (WKO) betref, kom die vermoë van die plaaslike Evkomstasies by Soutrivier en Hexrivier te staan op hoogstens 335 MW wat uitgestuur kan word. In die lig van die hoë koste van steenkool sal dit lonend wees om hierdie installasies so te laat werk dat hulle die minimum energie lewer. Die voorneme is dus om hulle as reserwe-installasies te gebruik om onbeplande onderbrekings te dek, en ten einde te verseker dat hulle in goeie werkende toestand is wanneer hulle op kort kennisgewing benodig sou word, word dit beoog om elke stel om die beurt elke derde dag gedurende spitstye te laat werk. Op hierdie basis sal een derde van die installasies gedurende die spitstyd onder normale toestande in bedryf wees sodat die plaaslike stasies tot ongeveer 110 MW kan ontwikkel ten einde die spitslas die hoof te bied.

Ondersoeke toon dat die stelsel, met die beplande verdubbeling van die 400kV-lyne en die toevoeging van seriekapasitors, nagenoeg 1000 MW aan Wes-Kaapland sal kan oorbring met enige lynseksie uit bedryf, mits die las by tussenstasies net na verwagting toeneem. Dit is dus moontlik om in 'n aanvraag van 1110 MW te voorsien voordat verdere optrede nodig is, en dit blyk uit Tabel II dat hierdie aanvraag teen 1980 byna bereik sal wees en in 1981 oorskry sal word.

in 1981. It would be possible to run all the local plant in CWU and thus meet a peak load of 1385 MW and Table II shows that this load would be exceeded in 1982. While pumped storage and gas turbine plant will be considered, the size of any installation of this type would be limited and the most attractive possibilities for a relatively large increase in power supply would be to add a local nuclear station or to add inland generation and strengthen the transmission system.

The addition of a third 400kV line from the inland area would increase the power transfer capability by about 650 MW if loads on the 400kV system grow in proportion, and this would be sufficient to meet the anticipated CWU load until about 1985. If this is done the nuclear station originally proposed could be deferred until this date, by which time a large set could be used without increasing the reserves needed, and better information would be available regarding costs and experience with this type of installation. It is anticipated that the cost of nuclear fuel may escalate at a lower rate than that of coal and, from this point of view, the later a nuclear station is installed the more economical it should become, particularly if larger set sizes can be used at later dates with the consequent reduction in capital cost per kW.

Studies to decide what measures should be taken in the early 1980's to strengthen supplies to the Cape Western Undertaking are nearing completion and a final decision in this connection will be taken in the near future.

For Natal Undertaking (NU) the local generation amounts to 465 MW at Ingagane and about 320 MW in the remaining stations after Congella and the old sets at Colenso are decommissioned. As in the CWU, Umgeni and Colenso are likely to be used as reserve plant and one third of their output, amounting to 110 MW, is likely to be available during peak shifts. Thus the maximum local generation at time of peak load is likely to be about 575 MW and if necessary this could be raised to about 785 MW. Over the relatively short distance to Natal the duplicate 400kV system will be capable of transmitting about 1500 MW with one line out of service, this limit being set by the thermal limit of one line. Thus the planned system will be able to meet a load of about 2075 MW if the expensive stations are run for reserve only and this could be raised to 2285 MW if use is made of all local generation.

Reference to Table II shows that the lower figure will be exceeded in 1979 while the higher figure will be exceeded in 1980.

Dit sou moontlik wees om al die plaaslike installasies in die WKO te laat werk en sodoende in 'n spitsaanvraag van 1385 MW te voorsien, en Tabel II toon dat hierdie aanvraag in 1982 oorskry sal word. Ofskoon pompwater- en gasturbine-installasies oorweging sal geniet, sal die grootte van enige installasies van hierdie tipe beperk wees en die aantreklikste moontlikhede vir 'n betreklike groot vermeerdering van die kragtoevoer is die toevoeging van 'n kernkragstasie, of die toevoeging van binnelandse kragstasies en versterking van die tranmissiestelsel.

Die toevoeging van 'n derde 400kV-lyn uit die binnelandse gebied sal die kragoordravermoë met nagenoeg 650 MW opstoot indien die belasting van die 400kV-stelsel na verhouding styg, en dit sou voldoende wees om tot ongeveer 1985 in die verwagte WKO-aanvraag te voorsien. Indien dit gedoen sou word, kan die kernkragstasie wat oorspronklik beoog is tot op hierdie datum uitgestel word. Teen hierdie tyd kan groter stelle gebruik word sonder om groter reserwes nodig te maak, en beter inligting oor die koste en ondervinding in verband met hierdie tipe installasie sal beskikbaar wees. Die verwagting is dat die koste van kerkragbrandstof teen 'n laer tempo as dié van steenkool sal styg, en in die lig hiervan sal kernkragstasies met verloop van tyd al meer ekonomies word, veral as groter stelle op later datums gebruik kan word, met die gevolglike vermindering in kapitaalkoste per kV.

Ondersoeke oor die maatreëls wat in die vroeë tagtigs ter versterking van toevoere na die Wes-Kaaplandse Onderneming getref moet word, nader voltooiing en 'n finale besluit in hierdie verband sal in die nabye toekoms geneem word.

Wat die Natalse Onderneming (NO) betref, beloop die plaaslike ontwikkelvermoë 465 MW by Ingagane en ongeveer 320 MW in die oorblywende stasies nadat Congella en die ouer stelle by Colenso uit bedryf geneem is. Soos in die WKO sal Colenso en Umgeni waarskynlik as reserwe-installasies gebruik word en een derde van hulle lewering, wat op 110 MW te staan kom, sal waarskynlik gedurende spitslastye beskikbaar wees. Dus sal die maksimum plaaslike kragontwikkeling gedurende spitstye nagenoeg 575 MW beloop en indien nodig kan dit tot sowat 785 MW verhoog word. Oor die betreklike kort afstand na Natal sal die dubbele 400kV-stelsel, met een lyn buite gebruik, ongeveer 1500 MW kan oorbring. Hierdie grens word gestel deur die termiese perk van een lyn. Derhalwe sal die beplande stelsel in 'n kragaanvraag van 2075 MW kan voorsien die duur stasies net vir reserwedoeleindes gebruik word en dit kan tot 2285 MW verhoog word indien al die plaaslike kragontwikkeluitrusting benut word.

Tabel II toon dat die laagste syfer in 1970 oorskry sal word en die hoogste syfer in 1980.

For Natal, in view of the relatively short transmission distance, it is less likely that an economic case can be made for a nuclear station than it is for CWU and the most economic measures for strengthening Natal are likely to be to add inland generation plus transmission or to provide hydro power from the Tugela river.

These possibilities are being studied and a final decision will be taken in the near future.

The power transfer capability of the 400kV system which will supply Border Undertaking and Port Elizabeth will depend to some extent on what is decided regarding the strengthening of CWU. The system from Hydra will, however, have ample capability to meet the anticipated loads of Border and Port Elizabeth for the next 10 years and it is premature to consider the next step required to strengthen these areas at this stage.

In comparing the merits of local generation with supplies from long transmission systems fears are often expressed regarding the reliability of supplies from the latter. While the final position can only be judged by experience Escom is firmly of the opinion that the reliability of a high-voltage transmission system can be made as good or better than that of a local power station.

This view is supported by a published report [1] giving details of the performance of the Swedish 400kV system, which is somewhat similar to our own. It is stated in this report that over a 17-year period some 200 000 GWh were transmitted and, in this time, the interrupted energy, i.e. the energy that was not supplied due to faults, amounted to about 3 GWh or 0,0015 percent of the energy transmitted. For comparison it is shown that the corresponding figure if the energy had been supplied from a power station having an 8 percent failure rate and an installed capacity of three times the total power requirement, would have been about 0,005 percent or more than three times that for the transmission system.

Escom's own experience with 400kV is rather limited but experience with a 275kV supply to the Eastern Transvaal over a single line with single-pole reclosing has been very good. Over a 6-year period this 275kV line experienced 34 faults of which 31 did not cause outages, two caused outages of 1 minute each and 1 permanent fault caused an outage of 2 hours and 12 minutes.

This means that the system was out of service due to faults for about 0,005 percent of the time which is considered to represent good performance on any standards. With duplicate lines, as will be provided to

Wat Natal betref, is dit vanweë die betreklike kort transmissieafstand minder waarskynlik dat kernkragstasie ekonomies geregverdig sal kan word as vir die WKO. Die mees ekonomiese toekomstige maatreëls vir die versterking in Natal is waarskynlik die byvoeging van binnelandse kragontwikkeling plus transmissie of die voorsiening van hidrokrag uit die Tugela.

Hierdie moontlikhede word ondersoek en 'n besluit sal in die nabye toekoms geneem word.

Die oorbringvermoë van die 400kV-stelsel wat krag aan die Grensonderneming en Port Elizabeth sal voorsien, sal in 'n mate afhang van wat ter versterking van die WKO besluit word. Die stelsel vanaf Hydra sal egter oor voldoende vermoë beskik om die volgende 10 jaar in die verwagte aanvrat van Grens en Port Elizabeth te voorsien en dit is te vroeg om in hierdie staduim oor die volgende stap ter versterking van die voorsiening in hierdie gebiede te besluit.

Wanneer die voordele van plaaslike kragontwikkeling teen dié vankragvoorsiening oor lang transmissiestel els opgeweeg word, word daar dikwels bedenkinge uitgespreek oor die betroubaarheid van laasgenoemde toevoere. Alhoewel die finale stand van sake slegs aan die ondervinding getoets kan word, is Evkom daarvan oortuig dat 'n hoërspanningstransmissiestelsel net so betroubaar of selfs betroubaarder as 'n plaaslike kragstasie gemaak kan word.

Hierdie mening word gestaaf deur 'n gepubliseerde [1] verslag met besonderhede van die prestasie van die Sweedse 400kV-stelsel wat naasteby met ons stelsel ooreenstem. Hierdie verslag verklaar dat daar oor 'n tydperk van 17 jaar ongeveer 200 000 GWh oorgebring is en dat die onderbroke krag, d.w.s. die krag wat weens stelselfoute nie voorsien is nie, gedurende hierdie tydperk ongeveer 3 GWh of 0,0015 persent van die oorgebringde krag beloop het. Vergelykenderwys word daarop gewys dat die ooreenstemmende syfer sowat 0,005 persent of meer as drie maal so hoog as dié vir die tranmissiestelsel sou wees indien die krag deur 'n kragstasie met 'n 8 persentonderbrekingsyfer en 'n geïnstalleerde vermoë van drie maal die totale kragaanvraag, voorsien was.

Evkom se ondervinding van 400kV-kragoorbrenging is ietwat beperk, maar die werking van 'n 275kV-toevoer na Oos-Transvaal oor 'n enkellyn met enkelpaalhersluiting was baie belowend. Oor 'n tydperk van ses jaar het daar 34 foute op hierdie lyn voorgekom, waarvan 31 nie onderbrekings veroorsaak het nie, twee onderbrekings van 1 minuut elk veroorsaak het en een permanente fout 'n onderbreking van twee uur en twaalf minute veroorsaak het.

Dit beteken dat die stelsel vir ongeveer 0,005 persent van die tyd weens foute buite diens was, wat volgens enige standaarde as 'n goeie prestasie beskou kan word. Met duplikaatlyne, soos dié wat na Wes-

the Western Cape and Natal, the performance should be even better than this since the system will be capable of delivering rated power even if there is a permanent fault on one line section.

Naturally, in the early stages of operating a long transmission system faults will occur due to initial defects in the equipment and from operating errors due to inexperience. Escom have had their full share of troubles from these causes on the first 400kV line to the Western Cape but it is believed that, with the correction of defects that have been found, the increased operating experience that has been gained and, above all, with the completion of the duplicate line, the reliability of supplies will improve dramatically. The actual record of single-line 400kV system to the Western Cape since it was first commisioned on 7th October, 1969 until the end of 1972, as indicated by the total time during which supply over the system was interrupted, is indicated in Table III.

Table III.

Performance of the single line—400 kV system from October 1960 to December 1970

Kaapland en Natal voorsien gaan word, sal die prestasie nog beter wees, aangesien die stelsel die kenvermoë sal kan lewer selfs wanneer daar 'n permanente defek in een gedeelte van die lyn voorkom.

Vanselfsprekend sal daar aanvanklik, in die bediening van 'n nuwe lang transmissiestelsel, foute voorkom weens aanvangsdefekte in die uitrusting, asook bedryfsfoute as gevolg van 'n gebrek aan ondervinding. Met die eerste 400kV-lyn na Wes-Kaapland is Evkom in hierdie opsig terdeë beproef, maar daar word vertrou dat die regstelling van die defekte wat ontdek is, die bedryfsondervinding wat opgedoen is en veral die voltooiing van die duplikaatlyn, die betroubaarheid van die toevoer aanmerklik sal verbeter. Die werklike prestasie van die 400kV-enkellynstelsel na Wes-Kaapland vandat dit op 7 Oktober 1969 in werking gestel is, tot aan die einde van 1972, soos dit weerspieël word deur die totale onderbrekingstyd vir die stelsel, word in Tabel III getoon.

Tabel III.

Prestasie van die 400kV-enkellynstelsel van Oktober 1960 tot Desember 1970

Year Jaar	Number of Interruptions Getal Onderbrekings	Outage Time, hrs. Onderbrekingstyd ure	Percentage Output Time Persentasie onderbrekingstyd	Average Outage Time per Interruptions, Hours Gemiddelde onderbrekingstyd per onderbreking, ure
1969	4	3,8	0,19	0,95
1970	19	89,5	1,02	4,72
1971	15	7,8	0,08	0,52
1972	8	2,4	0,03	0,30
TOTAL TOTAAL	46	103,5	0,37	2,25

The major outage time in 1970 resulted from a line jumper pulling out due to a defective joint and this accounted for 76 hours of outage time. Table III shows that, while the performance in the first 15 months was poor, the number of interruptions, percent outage time and outage time per interruption have been steadily decreasing and, at this stage, the figures are reaching acceptable levels. The figures will of course, improve very considerably when the duplicate line is completed later this year and, after this has been done, we confidently expect outages to be a very rare occurence indeed.

The reliability of supplies to Natal should be excellent since the transmission length is small, only a small amount of equipment is involved and the lines have already been duplicated. Supplies to Border and Port Elizabeth will initially be given over a single

Die langste onderbrekingstyd in 1970 is veroorsaak deur 'n lynoorleiding wat weens 'n defekte las losgeraak het, en hierdie fout het 'n onderbreking van 76 uur veroorsaak. Tabel III toon dat, hoewel die prestasie gedurende die eerste 15 maande swak was, die getal onderbrekings, die persentasie onderbrekingstyd en die onderbrekingstyd per onderbreking steeds afgeneem het en dat die syfers in hierdie staduim 'n aanvaarbare vlak bereik. Die syfers sal vanselfsprekend later vanjaar, wanneer die duplikaatlyn voltooi is, aansienlik verbeter en ons vertrou dat onderbrekings dan inderdaad baie seldsaam sal wees.

Die betroubaarheid van die toevoer na Natal behoort uitstekend te wees, aangesien transmissie-afstand kort is, daar slegs 'n klein hoeveelheid uitrusting betrokke is en die lyne reeds verdubbel is. Toevoere na die Grens en Port Elizabeth sal aanvanklik verskaf

400kV line fed from the duplicate 400kV system to Hydra. This single line will, however, be equipped with single-pole reclosing and its performance should be better than that of the 275kV line used to supply the Eastern Transvaal, i.e. the outage time is likely to be less than 0,005 percent or an average of about 20 minutes per year. This performance can, of course, be improved by adding a duplicate line but it is questionable whether the cost of this is justified to cover a contingency which may occur for 20 minutes in a year, particularly in the initial years when loads are low and can be met for a large proportion of the time from local generation.

In a paper of this length it is impossible to cover all the aspects of Escom's transmission system which might be of interest to this Convention. Before closing, however, it is felt that Escom's current practice with regard to fault levels and transformer ratings should be mentioned.

After considerable investigation Escom has decided to adopt certain standard fault current ratings and certain standard transformer MVA ratings for each nominal voltage used on its system.

Full details of the perameters adopted have been published [2] but the point it is wished to stress is that adoption of these standards means that the firm power that can be supplied from one busbar at any given voltage using standard equipment is limited to the values indicated in Table IV.

It is believed that this table may be a useful guide in determining what would be a reasonable supply for any given power requirement, and adoption of these limits will avoid consumers having to use unnecessarily expensive equipment.

If non-firm supplies are considered it would be possible to increase the power limits given in Table IV without exceeding the standard fault levels, but the continuous current rating would be very high and the reliability would be very much reduced.

3. CONCLUSION.

Certain aspects of generation and transmission on the Escom system have been discussed and facts have been given to support the following conclusions :

(a) With the programme already in hand the generation capability of the Escom system will be adequate until 1979 but further generation will be needed in 1980.

(b) The choice of the type of generation to be added to meet the shortfall in 1980 and subsequent years requires consideration of many factors and involves many long-term studies.

word oor 'n enkele 400kV lyn wat uit die 400kV-stelsel by Hydra gevoer sal word. Hierdie enkellyn sal egter van enkelpaalhersluiting voorsien wees, sodat hy beter diens behoort te lewer as die 275kV-lyn na Oos-Transvaal; d.w.s. die onderbrekingstyd sal waarskynlik minder as 0,005 persent of 'n gemiddeld van 20 minute per jaar wees. Hierdie prestasie kan natuurlik verbeter word deur 'n duplikaatlyn te bou, maar dit is te betwyfel of die koste hiervan geregverdig is ten einde 'n gebeurlikheid wat 20 minute per jaar in beslag kan neem, te dek, veral in die beginjare wanneer die laste laag is en meestal deur plaaslike ontwikkeling gedra kan word.

Dit is onmoontlik om al die aspekte van Evkom se transmissiestelsel wat vir hierdie kongres van belang mag wees, binne die bestek van 'n kort referaat te dek. Daar moet egter melding gemaak word van Evkom se huidige praktyk ten opsigte van foutpeile en transformatorkenvermoëns.

Na breedvoerige ondersoeke het Evkom besluit om sekere standaardfoutstroompeile en sekere MVA-transformatorkenvermoëns te aanvaar vir elke nominale spanning wat in sy stelsel gebruik word.

Volledige besonderhede van die goedgekeurde parameters is reeds gepubliseer[2] maar daar moet op gewys word dat die aanvaarding van hierdie standaarde beteken dat die vaste krag wat met standaarduitrusting by enige bepaalde spanning van een geleistam af voorsien kan word, beperk is tot die waardes wat in Tabel IV aangegee word.

Daar word vertrou dat hierdie tabel 'n nuttige gids sal wees by die vasstelling van 'n redelike toevoerspanning vir 'n bepaalde kragaanvraag en dat die aanvaarding van hierdie grense sal voorkom dat verbruikers uitrusting wat onnodig duur is, hoef te gebruik.

In die geval van nie-vaste toevoere sou dit moontlik wees om die kraggrense wat in Tabel IV verskyn te verhoog sonder om die standaardfoutpeile te oorskry, maar dan sou die deurlopende stroomkenwaarde baie hoog en die betroubaarheid baie laer wees.

3. SLOT.

Sekere aspekte van ontwikkeling en transmissie in die Evkom-stelsel is behandel en feite ter stawing van die volgende gevolgtrekkings is genoem :

(a) Met die program wat reeds voorberei word, sal die ontwikkelvermoë van die Evkom-stelsel tot 1979 voldoende wees, maar verdere ontwikkelvermoë sal in 1980 nodig wees.

(b) Die keuse van die soort kragontwikkeling wat moet bykom ten einde die tekort in 1980 en die jare wat daarop volg die hoof te bied, verg oorweging van baie faktore en baie lang-

These studies are nearing completion and final decisions are imminent.

(c) The 400kV system will be adequate until about 1980 and the next step of strengthening will depend considerably on the decisions regarding future generation.

(d) The reliability of a multi-line EHV transmission system is confidently expected to be as good or better than that of local generating stations. The reliability of a single-line EHV system with single-pole reclosing is expected to be sufficiently good to make it unnecessary and uneconomic to provide additional lines, particularly when loads are modest and there is some local generation at the receiving end.

(e) It is generally desirable to limit the load taken from one busbar at a given voltage in order to restrict fault levels and continuous current ratings to economic levels. An indication of maximum power levels at any voltage is given in Table IV.

REFERENCES.

1. "Seventeen years experience of service reliability in the Swedish 400kV system" by S. Lalander, L. Gustafsson and B. Mattson; CIGRE Paper 30—02 August 1970.
2. "Proposed parameters for standard power transformers for the Electricity Supply Commission" by H. B. Norman; SAIEE, October 1972.

termynstudies. Hierdie studies is byna voltooi en finale besluite sal eersdaags geneem moet word.

(c) Die 400kV-stelsel sal tot ongeveer 1980 voldoende wees en die volgende stap in die versterking daarvan sal grotendeels van die besluite ten opsigte van toekomstige kragontwikkeling afhang.

(d) Die betroubaarheid van 'n veellynige EHS-transmissiestelsel sal na verwagting net so goed of nog beter as die van plaaslike kragstasies wees. Daar word verwag dat 'n EHS-enkellynstelsel met enkelpaalhersluiting so betroubaar sal wees dat dit onnodig en onekonomies sal wees om bykomende lyne te verskaf, veral waar laste laag is en daar plaaslike ontwikkeling aan die ontvangkant is.

(e) Dit is in die algemeen wenslik om die las wat teen 'n bepaalde spanning van een geleistam geneem word, te beperk ten einde foutpeile en deurlopende stroomkenwaardes tot 'n ekonomiese hoogte te beperk. 'n Aanduiding van maksimum kragpeile teen enige bepaalde spanning word in Tabel IV aangegee.

VERWYSINGS

1. „Seventeen years experience of service reliability in the Swedish 400 kV system" deur S. Lalander, L. Gustafsson en B. Mattson; CIGRE Paper 30—02, Augustus, 1970.
2. „Proposed parameters for standard power transformers for the Electricity Supply Commission" deur H. B. Norman; SAIEE, Oktober 1972.

Table I.

GENERATION AND LOAD MW S.O.

Tabel I.

ONTWIKKELING EN LAS MW UITGESTUUR

Year Jaar	Firm Generation capability available to the Escom System Vaste Ontwikkelvermoë aan Evkom-stelsel beskikbaar (1)	Anticipated system maximum demand Verwagte maksimum stelselaanvraag (2)	Excess of firm generation capability Oorskryding van vaste ontwikkelvermoë (3)	Shortfall in total generation capability Tekort aan totale ontwikkelvermoë (4)
1973	7620	7250	370	—
1974	8042	8009	33	—
1975	9168	8706	462	—
1976	10083	9396	687	—
1977	11031	10162	869	—
1978	11381	11041	340	—
1979	12186	11932	254	—
1980	12421	12947	-526	620
1981	12746	13998	-1252	1480
1982	13081	15133	-2052	2430
1983	13081	16360	-3279	3880

Table II.

MAXIMUM DEMANDS OF AREAS FED FROM 400kV SYSTEM TO CAPE AND NATAL, MW S.O.

Tabel II.

MAKSIMUM AANVRAE VAN GEBIEDE WAT UIT DIE 400kV-STELSEL NA KAAPLAND EN NATAL GEVOER WORD, IN MW UITGESTUUR

Year / Jaar	MAXIMUM DEMAND / MAKSIMUM AANVRAAG				
	Cape Western Undertaking Wes-Kaaplandse Onderneming	Natal	Border Undertaking Grens-onderneming	Port Elizabeth	Border Undertaking and Port Elizabeth Grensonderneming en Port Elizabeth
1973	533	1219	100	30	130
1974	599	1383	116	78	194
1975	669	1514	129	78	207
1976	734	1624	141	78	219
1977	823	1736	155	130	285
1978	911	1961	171	139	310
1979	1004	2133	187	151	338
1980	1105	2373	204	178	382
1981	1213	2579	220	209	429
1982	1372	2756	239	241	480
1983	1534	2969	250	276	536

Table IV

MAXIMUM FIRM LOAD THAT CAN BE SUPPLIED FROM BUSBARS OF STATED VOLTAGE STANDARD EQUIPMENT

Tabel IV

MAKSIMUM LAS MET STANDAARDUIT-RUSTING VANAF GELEISTAMME VAN BEPAALDE SPANNING VOORSIEN KAN WORD

Nominal Voltage kV	11	22	33	44	66	88	132	220	275
Maximum Load MVA	35	70	140	140	300	600	900	2300	2900

THE ELECTRICITY AMENDMENT ACT 1971 AND THE RESULTING CHANGES IN ESCOM'S ORGANISATION

The Electricity Act authorises Escom to establish and maintain separate undertakings and a separate licence is granted by the Electricity Control Board to each undertaking. The licence defines the area within which the particular undertaking is authorised to supply electricity and the charges payable by consumers in that undertaking. The Act requires that separate accounts shall be kept of the expenditure of each undertaking and that the prices charged by an undertaking shall be determined by the costs incurred by that undertaking.

It can be seen as one of the important objectives of the Electricity Act that Escom's charges to consumers shall be determined by the costs incurred in furnishing the supplies concerned, so that as far as practicable a consumer or consumer group neither subsidies nor receives subsidy from any other consumer or consumer group. The achievement of this objective is, of course, fostered by the maintenance of economically separate distribution undertakings in geographically separate regions.

Up to the time of the development of a national transmission system each major region necessarily depended upon power stations in its own area. In this manner the Hex River and Salt River power stations were built specifically for the needs of the Cape Western Undertaking. Similarly, Congella, Colenso, Umgeni and Ingagane were built for the needs of the Natal Undertaking, and the Border Undertaking, centred on East London, is up to the present still wholly dependent upon its own West Bank power station.

The northern power stations evolved in a similar manner. Extensions to the pooled generation system of the Rand and Orange Free State Undertaking, and the Eastern Transvaal Undertakings, up to and including Camden power station, were planned in relation to the needs of the three northern undertakings served by this power station pool (i.e. Eastern Transvaal, Rand and Orange Free State and Cape Northern Undertakings).

Up to 1967 the highest voltage of transmission lines in service in Escom's networks was 275kV. Until the middle nineteen-sixties the considerable distances involved and the relatively modest system loads of the coastal undertakings precluded the general interconnection of Escom's undertakings. The pontential of the Orange River Scheme for hydro-electric generation of electricity however gave the necessary impetus for the decision, announced in 1963, to interconnect

DIE ELEKTRISITEITSWYSIGINGSWET VAN 1971 EN DIE VOORTSPRUITENDE VERANDERINGS IN EVKOM SE ORGANISASIE

Die Elektrisiteitswet magtig Evkom om afsonderlike ondernemings te stig en in stand te hou. Die Elektrisiteitsbeheerraad reik aan elkeen van hierdie ondernemings 'n afsonderlike lisensie uit, wat ondermeer die gebied omskryf waarin die betrokke onderneming elektrisiteit mag voorsien, en die tariewe vasstel waarteen elektrisiteit aan verbruikers in hierdie gebied voorsien moet word. Die Wet vereis dat afsonderlike rekeninge van die uitgawes van elke onderneming gehou word en dat die pryse waarteen elektrisiteit aan verbruikers voorsien word, vasgestel moet word in ooreenstemming met die koste wat die betrokke onder neming aangegaan het.

Een van die oogmerke van die Elektrisiteitswet is dat Evkom se tariefvorderings bepaal moet word deur die koste wat aangegaan word om die betrokke toevoere te lewer sodat 'n verbruikersgroep sover moontlik nie 'n ander verbruikersgroep subsidieer, of deur so 'n ander groep gesubsidieer word nie. Hierdie doelstelling word natuurlik bevorder deur die instandhouding van ekonomies selfstandige distribusie-ondernemings in ekonomies afsonderlike geografiese streke.

Voor die ontwikkeling van 'n landswye transmissiestelsel was elke groot streek noodwendig afhanklik van die kragstasies in sy eie gebied. Op hierdie wyse is die Hexrivier- en Soutrivierkragstasie spesifiek vir die behoeftes van die Wes-Kaaplandse Onderneming opgerig. Net so ook is Congella, Colenso, Umgeni en Ingagane opgerig vir die behoeftes van die Natalse Onderneming terwyl die Grensonderneming, met sy hoofkwartier in Oos-Londen, tot op die huidige tydstip nog heeltemal van sy eie West Bank-kragstasie afhanklik is.

Die noordelike kragstasies is op 'n soortgelyke wyse ontwikkel. Uitbreidings aan die gepoelde kragstasies van die Randse en Oranje-Vrystaatse Onderneming en die Oos-Transvaalse Onderneming, is tot en met Camden-kragstasie beplan met inagneming van die behoeftes van die drie noordelike ondernemings wat deur hierdie kragstasies bedien word (d.w.s. Oos-Transvaal, Rand en Oranje-Vrystaat en Noord-Kaapland.

Tot 1967 was die hoogste spanning van kraglyne in Evkom se netwerke 275kV. Tot die middel van die sestigerjare het die lang afstande, en die betreklike matige stelsellaste van die kusondernemings die algemene verbinding van Evkom se ondernemings verhinder. Die potensiaal van die Oranjeriviersskema vir die ontwikkeling van hidroëlektrisiteit het egter die nodige aanmoediging gegee vir die besluit, in 1963 aangekondig, om die Wes-Kaaplandse Onderneming deur middel

the Cape Western Undertaking with the pithead power stations in the northern provinces by means of a 400 kV transmission system. The decision also to build 400 kV lines linking Transvaal and Natal, and to extend a branch of the Cape Western 400kV system towards the Eastern Cape, with 220 kV spurs from Cookhouse to Port Elizabeth and East London followed soon afterwards. The agreements which have been concluded between Escom and the Municipalities of Cape Town and Port Elizabeth for partial bulk supplies from Escom to augment the output of the municipal power stations influenced the planned timing of the completion of the different sections of the transmission system linking the Transvaal coalfields with Escom's coastal undertakings. The establishment of the Alusaf Aluminium Works at Richards Bay, with an initial (1971) load of some 100 MW also advanced the need for the interconnection of the Natal system with the national system.

After the completion of Salt River power station in 1967 and West Bank and Ingagane power stations in 1969 no further coal-fired power stations were constructed or planned in the coastal undertakings and the new Escom power stations were now designed to meet the total needs of the interconnected Escom system rather than the requirements of any specific undertakings. These new stations include the Hendrik Verwoerd hydro-electric station and the proposed Vanderkloof hydro-station on the P. K. le Roux dam, as well as a series of large new coal-fired stations. Grootvlei, Hendrina and Arnot power stations are already in service and are being extended. Construction of Kriel power station is well advanced and the first of six 500 MW sets in this station will be in operation in 1975.

Imports of power from the Cabora Bassa hydroelectric project in the Portuguese territory of Mocambique will also commence in 1975. This power resource together with the power stations now under construction will meet the growth in Escom's total power needs until the end of the nineteen-seventies. The national transmission system and the interconnection of the distribution undertakings permit greater freedom in the choice of power station types and in the siting of power stations. New power stations can now be selected and designed to meet the specific need to be fulfilled in the expected future load duration curve of the interconnected Escom system, and it is expected that there will, in the nineteen-eighties, be a considerable increase in the diversity of types of power stations serving the Escom network. Escom's first nuclear power station, to be situated in the Western Cape, is being planned for completion in the nineteen-eighties. The base load resources will be further augmented by the major new coal-fired stations in the northern provinces, but interesting possibilities are also being investigated in respect of plant limited

van 'n 400kV-transmissiestelsel aan die skagkragstasies in die noordelike provinsies te koppel. Kort daarna is daar ook besluit om 400kV-lyne ter verbinding van Transvaal en Natal op te rig en om 'n vertakking van Wes-Kaapland se 400kV-stelsel na Oos-Kaapland uit te brei met 220kV-taklyne vanaf Cookhouse tot in Port Elizabeth en Oos-Londen. Die ooreenkomstige tussen Evkom en die munisipaliteite van Kaapstad en Port Elizabeth en Oos-Londen. Die ooreenkomste deur Evkom om die lewering van die munisipale kragstasies aan te vul, het die beplande voltooiingsdatum van die transmissiestelsel tussen Kaapland en die Transvaalse steenkoolvelde bespoedig. Die oprigting van die Alusaf-aluminiumwerke by Richardsbaai, met 'n aanvanklike aanvraag (1971) van nagenoeg 100 MW, het ook daartoe bygedra dat die Natalse stelsel gouer met die landswye stelsel verbind moes word.

Na die voltooiing van die Soutrivierkragstasie in 1967 en West Bank- en Ingagane-kragstasie in 1969 is geen verdere steenkoolgestookte kragstasies in die kusondernemings opgerig of beplan nie, en Evkom se nuwe kragstasies sou voortaan beplan word om in die totale behoeftes van die onderling gekoppelde Evkomstelsel eerder as dié van enige bepaalde onderneming of groep ondernemings te voorsien. Hierdie nuwe stasies sluit in die Hendrik Verwoerd-hidrokragstasie en die beoogde Vanderkloof-hidrostasie by die P. K. le Roux-dam sowel as 'n reeks groot nuwe steenkoolgestrookte stasies. Grootvlei, Hendrina en Arnot is reeds deels in gebruik. Die oprigting van Kriel-kragstasie verloop volgens plan en die eerste van ses 500 MW-stelle sal in 1975 in werking wees.

In 1975 sal daar ook begin word om krag vanaf die Cabora Bassa-hidroëlektriese projek in die Portugese gebied van Mosambiek in te voer. Hierdie kragbron tesame met die kragstasies wat nou opgerig word, sal tot aan die einde van die sewentigerjare in Evkom se totale kragbehoeftes voorsien. Die landswye transmissiestelsel en die koppeling van die distribusie-ondernemings bring meer vryheid in die keuse van kragstasietipes en die plasing van kragstasies mee. Nuwe kragstasies kan nou gekies en ontwerp word om in die bepaalde behoefte van die verwagte toekomstige aanvraagduurkromme van die onderling gekoppelde Evkom-stelsel te voorsien, en daar sal na verwagting in die tagtigerjare 'n aansienlike toename wees in die diversiteit van tipes kragstasies wat die Evkom-net bedien. Evkom se eerste kernkragstasie, wat in Wes-Kaapland geleë sal wees, word beplan vir voltooiing in die tagtigerjare. Die basislaskragbronne sal verder aangevul word deur groot nuwe steenkool-gestookte stasies in die noordelike provinsies, maar daar word ook ondersoek ingestel na interessante moontlikhede in verband met uitrusting wat beperk word tot bedryf

to peak load operation and capable of meeting this restricted duty at lower costs. The development of the hydro-electric potential of the Tugela and other rivers is being studied in collaboration with the Department of Water Affairs. Pumped storage schemes and gas turbine installations strategically placed in the national network are also amongst the possibilities being investigated.

The older generation of power stations originally constructed to serve the needs of particular undertakings represents a rapidly dwindling fraction of Escom's total power resources. For the winter of 1973 the aggregate installed capacity in Escom power stations will be some 9 600 MW more than one-third of this present total capacity is already in the new generation of power stations planned and designed, not for any particular distribution undertaking, but for the intergrated load on the national system.

A change in the legislation was required to permit the distribution undertakings to share proportionally in the costs and advantages of the new generation of power stations established to serve the national system, and the 1971 amendment of the Electricity Act included the necessary provision to make this possible. Clause 23(5) of the Amended Electricity Act authorises the Electricity Control Board to grant a permit for the establishment of an undertaking devoted exclusively to the generation of electricity and its supply in bulk to the Commission's undertakings responsible for distribution of electricty to consumers. The permit for the establishment of the Central Generating Undertaking was granted with effect from 1st January 1972, and in terms of this permit the power stations of the Rand and Orange Free State, Eastern Transvaal Cape Western and Natal Undertakings were as from that date transferred to the Central Generating Undertaking. The Central Generating Undertaking supplies the electricity needs of all Escom's distribution undertakings with the exception of the Border and Cape Eastern Undertakings which are not as yet electrically interconnected with the national system. This interconnection will be effected during 1973 and the assets and liabilities of the West Bank power station of the Border Undertaking will then also be taken over by the Central Generating Undertaking.

The Electricity Act stipulates that the expenditure incurred in the transmission of electricity from the power resources of the Central Generating Undertaking to the distribution undertakings served by it "shall be allocated to the undertaking to which the electricity is transmitted." This again is in accordance with the central theme of the legislation that costs must be apportioned in a manner which will as far as practicable ensure that any one consumer group neither subsidises nor receives subsidy from any other group.

in spitslastye en wat daartoe in staat is om hierdie beperkte taak teen 'n laer koste te verrig. Die ontwikkeling van die hidroëlektriese potensiaal van die Tugela- en ander riviere word in samewerking met die Departement van Waterwese ondersoek. Hidroskemas met gepompte water en gasturbine-installasies wat strategies in die landswye net geplaas is, tel onder die moontlikhede wat ondersoek word.

Die ouer kragstasies wat ontwerp is om in die behoeftes van bepaalde ondernemings te voorsien, verteenwoordig 'n vinnig krimpende breukdeel van Evkom se totale kragbronne. Vir die winter van 1973 sal die gesamentlike installasievermoë van Evkom se kragstasies sowat 9 600 MW wees en meer as een derde van hierdie huidige totale vermoë is gesetel in die nuwe kragstasies wat nie vir 'n bepaalde distribusieonderneming beplan en ontwerp is nie, maar vir die geïntegreerde las op die landswye stelsel.

'n Verandering in wetgewing was nodig om dit vir die distribusie-ondernemings moontlik te maak om na verhouding te deel in die koste voordele van nuwe kragstasies, wat opgerig is om die landswye net te bedien. Die Wysigingswet op Elektrisiteit van 1971 verleen die nodige magtiging hiervoor. Klousule 23(5) van die Gewysigde Elektrisiteitswet gee aan die Elektrisiteitsbeheerraad die bevoegdheid om 'n permit uit te reik vir die oprigting van 'n onderneming wat hom uitsluitend toelê op die ontwikkeling van elektrisiteit en die grootskaalse voorsiening aan die Kommissie se ondernemings wat verantwoordelik is vir die verspre'ding daarvan aan verbruikers. Die permit vir die stigting van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming is met ingang van 1 Januarie 1972 toegestaan, en kragtens hierdie permit is die kragstasies van die Randse en Oranje-Vrystaatse, Oos-Tranvaalse, Wes-Kaaplandse en Natalse Ondernemings vanaf dié datum aan die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming oorgedra. Die Sentrale Kragontwikkelsonderneming voorsien in die elektrisiteitsbehoeftes van al Evkom se distribusie-ondernemings met uitsondering van die Grens- en Oos-Kaaplandse Ondernemings wat nog nie elektries aan die landswye stelsel gekoppel is nie. Die koppeling sal in die loop van 1973 bewerkstellig word en die bates en laste van die West Bank-kragstasie van die Grens-onderneming sal dan ook deur die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming oorgeneem word.

Ingevolge die Elektrisiteitswet word die uitgawes in verband met die transmissie van elektrisiteit vanaf die kragbronne van die Sentrale Kragontwikkelingsondernemings na die distribusie-ondernemings „toegewys aan die onderneming waarna die elektrisiteit oorgebring word." Ook dit is in ooreenstemming met die sentrale tema van die wetgewing, nl. dat koste verdeel moet word op 'n wyse wat, sover as wat dit uitvoerbaar is, sal verseker dat geen verbruikersgroep 'n ander groep sal subsidieer of 'n subsidie van so 'n ander groep sal ontvang nie.

Clause 5 of the permit issued to the Central Generating Undertaking by the Electricity Control Board establishes the important principle that the Central Generating Undertaking shall operate "in the manner calculated to be the most efficient and economical manner of producing electricity from all the sources of supply available to it." The Central Generating Undertaking is therefore freed of parochial economic interests of different regions. It strives to optimise its mode of operation towards the lowest overall cost in the generation of electricity and its bulk delivery to distribution undertakings. The allocation, to the distribution undertakings, of the expenditures incurred by the Central Generating Undertaking is a task in cost accounting. With the correct performance of this task, conflicting regional interests do in fact not arise. The minimising of total generation and transmission costs is the optimum policy, not only for Escom as a whole, but also from the point of view of the individual distribution undertakings.

The interconnection and integration of Power resources lead to a number of opportunities for improved control of costs. The larger power stations built to serve the needs of the national systems bring about economies of scale in capital — and operating costs. Possibly of equal importance is the relative saving in manpower. The power station operating and maintenance staff required per megawatt of installed capacity of per gigawatt hour of output is significantly reduced with increase in the size of sets. This is a very valuable factor in the present circumstances where the load growth of some 9% per annum being experienced by Escom is straining the available resources of technical personnel.

The measure of diversity between the loads in different regions results in a total system maximum demand which is lower than the aggregate of the individual maximum demands of the separate and previously isolated regions. The capacity of reserve plant now required for the large interconnection system is lower than the aggregate capacity of reserve plant which would be needed for the separate regions in isolation. The most important advantage of the national system however arises from the fact that regional differences in the natural endowment of resources for the generation of electricity will in future play a lesser role. This natural endowment includes the coal reserves of the Eastern Transvaal, the hydro-electric potential of the Tugela and other rivers, the availability of sea water for cooling at future nuclear power stations and the possibilities of advantageous import of power from neighbouring countries. The optimised large scale exploitation of these assets which is made possible by the country-wide interconnection of power resources and load centres will be accompanied by an evolution-

Klousule 5 van die permit wat deur die Elektrisiteitsbeheerraad aan die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming uitgereik is, lê die belangrike beginsel neer dat die SKO moet fungeer „op die wyse wat daarop bereken is om die doeltreffendste en mees ekonomiese wyse te wees waarvolgens elektrisiteit uit al die beskikbare bronne gelewer kan word." Die SKO staan dus los van enige ekonomiese oorwegings wat teenstrydige ekonomiese belange van verskillende streke kan verteenwoordig. Dit streef daarna om sy bedryfstelsel so te optimiseer dat elektrisiteit teen die laagste totale koste ontwikkel en by die groot maat aan die distribusie-ondernemings voorsien word. Die toewysing aan die distribusie-ondernemings van die uitgawes wat die SKO aangegaan het, is 'n kwessie van kosteberekening. Wanneer hierdie taak korrek uitgevoer word, duik daar geen teenstrydige streeksbelange op nie. Die minimalisering van die totale ontwikkel- en transmissiekoste is die gunstigste beleid nie alleen vir Evkom in sy geheel nie, maar ook uit die gesigspunt van die afsonderlike distribusie-ondernemings.

Die onderlinge koppeling en integrasie van kragbronne lei tot 'n aantal moontlikhede om kostebeheer te verbeter. Die groter kragstasies wat opgerig is om in die behoeftes van die landswye stelsel te voorsien, bewerkstellig aansienlike besparings in kapitaal- en bedryfskoste. Moontlik van net soveel belang is die relatiewe besparing in mannekrag. Die kragstasiebedryfs- en onderhoudspersoneel wat per megawatt van die geïnstalleerdevermoë of, per gigawattuur van lewering geverg word, word aanmerklik verminder namate die grootte van die stelle toeneem. Dit is 'n baie betekenisvolle faktor in die huidige omstandighede waar die lastoename van sowat 9% per jaar wat Evkom tans ondervind, groot eise aan die beskikbare tegniese personeel stel.

Die mate van diversiteit tussen die laste in verskillende streke het tot gevolg 'n totale stelselmaksimumaanvraag wat laer is as die gesamentlike maksimumaanvrae van die afsonderlike en voorheen afgesonderde streke. Die vermoë van die reserwe-uitrusting wat nou deur die groot onderling gekoppelde stelsel geverg word, is laer as die gesamentlike vermoë van reserwe-uitrusting wat vir die afsonderlike streke nodig sou wees. Die belangrikste voordeel van die landswye stelsel spruit egter uit die feit dat streeksverskille in die natuurlike hulpbronne vir die ontwikkeling van elektrisiteit voortaan 'n kleiner rol sal speel. Hierdie hulpbronne is onder meer die steenkoolreserwes van Oos-Transvaal, die hidroëlektriese potensiaal van die Tugelarivier en ander riviere, die beskikbaarheid van seewater vir koeling by toekomstige kernkragstasies en die moontlikhede van voordelige kraginvoer uit buurstate. Die grootskaalse optimale benutting van hierdie bates wat moontlik gemaak word deur die landswye koppeling van kragbronne en lassentrums sal gepaard gaan met

ary decrease in the regional differences in the cost of electricity.

Before the recent increase in railage rates the cost of coal burnt in Escom's Cape Western power stations had already risen to R7,40 per ton as compared with an average of some R1,80 for coal consumed in the Transvaal and Orange Free State coal-fired stations. The effect of this fourfold difference in coal cost is minimised by limiting as far as is practicable the output from the Cape Western stations, and transmitting as much as possible of the Cape Western power needs from the northern power stations by means of the 400kV system which links the Cape with the power resources of the north. The Cape Western stations continue to play a valuable role in contributing to the peaking plant and generating plant reserves of the interconnected system.

The reduction in the load factor of the coastal power stations in the Cape and Natal is accompanied by an increase in the load factor of the inland power stations and this brings direct benefit also to the inland undertakings. A colliery dedicated to the supply of coal to a pithead power station must be equipped to meet the highest coal demand likely to be made by the power station. Its costs are determined only partly by the output of coal and in considerable measure also by the designed capacity of the colliery. With increased load factor on an inland power station the average output of the associated "tied" colliery is raised without commensurate increase in the "fixed" element of colliery costs which is determined by the equipped capacity of the colliery rather than its output. This has a favourable influence on the average cost of coal delivered.

The economies in the cost of generation are, of course, partly offset by the costs associated with the extensive transmission system which is required to interconnect the power resources. To cushion the effect of the high capital cost of this transmission system, it is being built in stages. The duplication of the first 400kV circuit from the Transvaal to the Western Cape will only be completed towards the middle of 1973 and the interconnection of the Port Elizabeth and East London areas with the national system, which is to be effected shortly, will initially be by means of single circuits. Despite the limitations imposed by single circuit operation over part of the transmission system two-thirds of the electricity needs of the Cape Western Undertaking and more than one-third of the electricity needs of the Natal Undertaking were in 1972 transmitted from the north. With the completion of the duplicate circuit transmission systems these fractions will, from 1973 onwards, be higher.

The recent increases in railage rates have high-

'n evolusionêre afname in die streeksverskille wat daar in die koste van elektrisiteit bestaan.

Voor die jongste verhoging in spoortariewe het die koste van steenkool wat in Evkom se Wes-Kaaplandse kragstasies verbrand is, reeds tot by R7,40 per ton gestyg, in vergelyking met die gemiddelde koste van ongeveer R1,80 vir steenkool wat in die Transvaalse en Oranje-Vrystaatse steenkoolkragstasies verbruik is. Die uitwerking van hierdie viervoudige verskil in steenkoolkoste word tot die minimum beperk deur die lewering van die Wes-Kaaplandse stasies so ver doenlik te beperk en soveel as moontlik in Wes-Kaapland se kragbehoeftes te voorsien deur middel van die 400kV-stelsel wat die Kaap met die kragbronne van die noorde verbind. Die Wes-Kaaplandse stasies vervul steeds 'n belangrike funksie gedurende spitsverbruikstye en as reserwe-ontwikkeluitrusting vir die gekoppelde stelsel.

Die verlaging van die lasfaktor van die kuskragstasies in die Kaap en Natal gaan gepaard met 'n toename in die lasfaktor van die binnelandse kragstasies, wat op sy beurt regstreeks tot die voordeel van die binnelandse ondernemings strek. 'n Steenkoolmyn wat uitsluitlik 'n skagkragstasie voorsien, moet toegerus word om in die hoogste moontlike aanvraag van die kragstasie te voorsien. Die koste hiervan word gedeeltelik deur die steenkoollewering bepaal, en in 'n groot mate ook deur die ontwerpvermoë van die koolmyn. Met 'n verhoogde lasfaktor op 'n binnelandse kragstasie, styg die gemiddelde lewering van die verwante „gekoppelde" koolmyn sonder 'n eweredige styging in die „vaste" element van koolmynkoste wat deur die toegeruste vermoë eerder as die lewering van die myn bepaal word. Hierdie faktor het 'n gunstige invloed op die gemiddelde koste van die steenkool wat gelewer word.

Die besparing aan die koste van kragontwikkeling word natuurlik ten dele geneutraliseer deur die koste van die uitgebreide transmissiestelsel wat nodig is om die kragbronne onderling te verbind. Ten einde die uitwerking van hierdie hoë kapitaalonkoste te verminder, word die transmissiestelsel in stadiums gehou. Die tweede 400kV-kraglyn van Transvaal na Wes-Kaapland sal slegs teen die middel van 1973 voltooi word en die onderlinge verbindinge van die Port Elizabethse en Oos-Londense gebiede met die nasionale stelsel, wat binnekort gaan geskied, sal aanvanklik deur middel van enkellyne bewerkstellig word. Ten spyte van die beperkings van enkellynwerking op 'n gedeelte van die transmissiestelsel, is twee derdes van die elektrisiteitsbehoeftes van die Wes-Kaaplandse Onderneming en meer as een derde dié van die Natalse Onderneming in 1972 uit die noorde verskaf. Met die voltooiing van die tweede lyne sal hierdie breuksyfers van 1973 af styg.

Die jongste styging in spoortariewe het 'n belang-

lighted another important factor in the comparison between the costs of long distance transmission of electricity and the alternative of long distance rail transport of coal for the generation of electricity. The annual costs associated with a transmission system are largely determined by its initial capital costs and are thereafter not significantly influenced by inflation. The transmission cost per unit of electricity can in fact be relied upon to decrease as the loading on the transmission system progressively increases to approach the stable capacity limit of the system. In a time of generally increasing price levels railage rates must however be increased from time to time.

The railway tariff increases which came into effect on 1st January, 1973, will increase the railage cost on coal from the Witbank area to Salt River power station from R5,57 per (metric) ton to some R7,17 per (metric) ton, so that the delivered price of coal at this coastal station will in 1973 be in the region of R9.00 per ton, or roughly five times the coal cost at the pithead stations in the Eastern Transvaal. The increase in the Salt River power station coal costs per metric ton from R4,13 in 1953 to R5,91 in 1963 and R9,00 in 1973 reflects an average yearly escalation of 3,65% in the first decade, 4,30% in the second decade and an average of 3,97% per year for the 20-year period.

The 1973 increase of R1,60 per ton in railage charges for coal to Salt River power station, coupled with coal consumption of some 0,52kg per unit sent out, results in an additional cost of 0,083 cents per unit sent out. If this increase had applied to the total energy needs of the Cape Western Undertaking, estimated at 3 350 GWh for 1973, the additional expenditure resulting from the 1973 change in railage rates alone would have been some 2,8 million Rand, equivalent to more than 8% of the total budgeted expenditure for this year.

By virtue of the 400kV interconnection with the national system the impact of the 1973 increases in railage rates on Escom's undertakings, including the coastal undertakings, will however be small. The bulk of the energy needs of the Cape Western Undertaking will be derived from the northern pithead power stations and will be unaffected by railage rates. The major effect of the national transmission system has thus been to shield the coastal undertakings from large increases in unit related costs which would otherwise have been unavoidable. It can be readily shown that these savings have already grown to a level which exceeds the additional demand related transmission cost incurred as a result of the interconnection. The nett benefit will, of course, show further increase as the loading of the different branches of the transmission systems increases from the present modest levels approaching the designed stability limits. The cost advantages achieved are understandably larger for those

rike faktor in die vergelyking tussen die koste van langafstandtransmissie van elektrisiteit en die alternatiewe langafstandversporing van steenkool vir die ontwikkeling van elektrisiteit, na vore gebring. Die jaarlikse onkoste van 'n transmissiestelsel word grotendeels deur sy aanvanklike kapitaalkoste bepaal en word daarna nie veel deur inflasie beïnvloed nie. Die transmissiekoste per eenheid elektrisiteit sal inderdaad afneem namate die belasting van die transmissiestelsel toeneem totdat dit die bestendige vermoëgrens van die stelsel bereik. In 'n tydperk van algemeen stygende koste sal spoortariewe egter van tyd tot tyd verhoog moet word.

Die nuwe spoortariewe wat op 1 Januarie 1973 in werking getree het, het die spoorkoste van steenkool van die Witbank-gebied na Soutrivierkragstasie van R5,57 per metrieke ton na ongeveer R7,17 per metrieke ton verhoog, sodat die prys van afgelewerde steenkool by hierdie kuskragstasie in 1973 in die omgewing van R9.00 per ton is, of naastenby vyf maal die steenkoolkoste by die skagkragstasies in Oos-Transvaal. Die toename in die steenkoolkoste per metrieke ton van R4,13 in 1953 tot R5,91 in1963 en R9,00 in 1973 weerspieël 'n gemiddelde jaarlikse styging van 3,65% in die eerste dekade, 4,30% in die tweede dekade en 'n gemiddelde styging van 3,97% per jaar vir die tydperk van 20 jaar.

Die toename in 1973 van R1,60 per ton aan spoorkoste vir die vervoer van steenkool na Soutrivierkragstasie, gepaard met 'n steenkoolverbruik van sowat 0,52kg per eenheid uitgestuur, lewer 'n bykomende koste van 0,083 sent per eenheid uitgestuur. Indien hierdie toename op die totale kragbehoeftes van Wes-Kaaplandse Onderneming van toespassing was, geskat op 3 350 GWh vir 1973, sou die bykomende spoorkoste ongeveer R2,8 miljoen bedra het, wat gelykstaande is met meer as 8% van die totale begrote uitgawe vir die Wes-Kaaplandse Onderneming.

Danksy die 400kV-verbinding met die nasionale stelsel sal die uitwerking van die 1973-styging in spoortariewe op Evkom se ondernemings, insluitende die kusondernemings, egter gering wees. Die merendeel van die kragbehoeftes van die Wes-Kaaplandse Onderneming sal uit die noordelike skagkragstasies verkry word en sal nie deur spoortariewe beïnvloed word nie. Die vernaamste uitwerking van die nasionale transmissiestelsel is dus die beskerming van die kusondernemings teen groot stygings in eenheidverbonde koste wat andersins onvermydelik sou gewees het. Daar kan geredelik bewys word dat hierdie besparings reeds gegroei het tot 'n vlak waar dit maklik die bykomende aanvraagverbonde transmissiekoste oorskry wat in verband met die onderlinge verbinding aangegaan is. Die netto voordele sal natuurlik verder toeneem namate die belasting van die verskillende vertakkings van die transmissiestelsel verhoog word van die huidige redelik lae vlak tot nader aan die ontwerpte stabiliteitsgrense.

undertakings where the local fuel costs are highest, but all undertakings benefit.

The Central Generating Undertaking has no published electricity tariffs but the costs it incurs are apportioned to the distribution undertakings in accordance with a set of rules prescribed by the Electricity Control Board in the permit granted for the establishment of the Central Generating Undertaking. These rules again underline the central theme in the Electricity Act that the prices paid by a given consumer group should be determined by the costs incurred in supplying electricity to this group. The establishment of the Central Generating Undertaking will lead to a reduction of the regional differences in electricity costs, but the change will be evolutionary rather than revolutionary. The progressive closing of the gap between inland and coastal electricity costs will arise, not from a less precise allocation of generating costs or from an arbitrary averaging of transmission cost which favours one undertaking at the expense of another, but from actual savings which will benefit especially those undertakings where generating costs are at present high.

The Central Generating Undertaking permit distinguishes between the "completed" power stations—that is, the first generation of power stations originally built to serve the needs of a specific undertaking or group of undertakings—and the new generation of power stations and other power sources intended from their beginning to serve the needs of the interconnected national system. The Central Generating Undertaking permit stipulates that any excess or saving in the cost of electricity sent out from the stations taken over by the Central Generating Undertaking from the Cape Western and Natal Undertakings in comparison with the cost of electricity sent out from the similar "first generation" power stations taken over from the Eastern Transvaal and the Rand and Orange Free State Undertakings shall be for the account of the Cape Western and Natal Undertakings respectively.

As a result of the higher coal costs, the unit related costs of generation in the coastal power stations are considerably higher than those incurred in the inland coal-fired power stations and in terms of the Central Generating Undertaking permit this excess in unit related generating cost over the comparable cost of the older inland stations is debited to the coastal undertakings concerned. The amount of this special direct debit is however minimised by curtailing the output of the coastal power stations as far as circumstances permit.

The capacity related costs of generation in the present coastal power stations are also higher than those in the older inland stations which are used as

Die voordele wat koste betref, is natuurlik groter waar die plaaslike brandstofkoste die hoogste is.

Die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming het geen afgekondigde elektrisiteitstariewe nie, maar die koste wat hy aangaan, word toegewys aan die distribusie-ondernemings ooreenkomstig die reëls deur die Elektrisiteitsbeheerraad voorgeskryf in die permit vir die stigting van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming. Hierdie reëls beklemtoon weer eens die sentrale tema van die Elektrisiteitswet, naamlik dat die betaling wat van 'n gegewe groep geverg word in ooreenstemming moet wees met die koste wat aangegaan is vir die lewering van elektrisiteit aan die betrokke groep. Die stigting van die SKO sal die verskille in streekselektrisiteitskoste gaandeweg verminder, maar die verandering sal eerder evolusionêr wees as revolusionêr. Die geleidelike vermindering van die gaping tussen binnelandse en kuselektrisiteitskoste sal nie voorspruit uit 'n minder presiese toewysing van ontwikkelkoste of uit 'n arbitrêre berekening van 'n gemiddelde transmissiekoste wat een onderneming ten koste van 'n ander een begunstig nie, maar uit werklike besparings wat veral tot die voordeel sal strek van daardie ondernemings waar die koste van elektrisiteitsopwekking tans hoog is.

Die permit van die SKO maak 'n onderskeid tussen die „voltooide" kragstasies—d.w.s. die eerste geslag van kragstasies wat oorspronklik gebou is om die behoeftes van "n bepaalde onderneming of groep ondernemings te voorsien—en die nuwe geslag van kragstasies en ander kragbronne wat van die begin af bedoel is om in die behoeftes van die onderlinggekoppelde nasionale stelsel te voorsien. Die permit bepaal dat enige oorskryding of besparing in die koste van elektrisiteit wat uitgestuur word vanaf die stasies wat deur die SKO van die Wes-Kaaplandse en Natalse Ondernemings oorgeneem is, in vergelyking met die koste van elektrisiteit wat uitgestuur word deur die soortgelyke "eerste geslag"-kragstasies wat van die Oos-Transvaalse en die Randse en Oranje-Vrystaatse Ondernemings oorgeneem is, onderskeidelik vir die rekeninge van die Wes-Kaaplandse en die Natalse Onderneming sal wees.

As gevolg van die hoër steenkoolkoste is die eenheidverbonde koste van ontwikkeling in die kuskragstasies heelwat hoër as die wat by die binnelandse steenkoolkragstasies aangegaan moet word en ooreenkomstig die SKO-permit word hierdie oorskryding in eenheidverbonde ontwikkelkoste, vergeleke met die koste van die ouer binnelandse stasies, op die rekening van die betrokke kusondernemings gedebiteer. Die bedrag van hierdie spesiale regstreekse debiet word egter so klein moontlik gemaak deur die lewering van die kuskragstasies sover doenlik te beperk.

Die vermoëverbonde ontwikkelkoste in die huidige kuskragstasies is ook hoër as dié van die ouer binnelandse stasies waarmee dit vergelyk word. Hierdie

a basis for comparison. This arises mainly from the fact that the unit sizes of the turba-generator sets in coastal power stations are smaller. The difference in capacity related generating costs again results in a direct debit to the coastal undertakings originally served by their own power stations. The proportional amount of this debit is however rapidly decreasing as progressively more of the power needs of each undertaking is obtained from the new generation of power stations in which all distribution undertakings share proportionately.

After this direct debit, to the undertakings concerned, of excess unit related costs and excess capacity related costs, the remaining generating costs incurred by the Central Generating Undertaking are, in terms of the permit, "allocated to the distribution undertakings pro rata to the maximum demands, expressed in kilowatts and the kilowatt-hours taken in each month of the year by the respective undertakings."

For the purpose of apportioning Central Generating Undertaking costs, unit related costs are considered to be confined to the cost of coal and fuel oil (including railage and handling), and water. All other generating costs are regarded as demand related. Demand related costs are distributed between distribution undertakings proportionately to their individual monthly peak demands regardless of when these occurred.

The important 400kV transmission circuits which link different undertakings are assets of the Central Generating Undertaking and the costs associated with these circuits are, in terms of sub-section 23(b) of the Electricity Act and the corresponding provisions of the Central Generating Undertaking permit, allocated to the distribution undertakings to which electricity is transmitted. The Rand and Orange Free State, Cape Northern, Cape Western, and Orange River Undertakings all make use of certain sections of the transmission system to the Cape and the interconnection of Border Undertaking as from the second half of 1973 will also involve part of this circuit. Where a given circuit serves two or more distribution undertakings the costs are apportioned on the basis of "relative use" measured in terms of the maximum demand of the load taken by each separate undertaking by means of the transmission circuit concerned. The Natal Undertaking is the sole user of the 400kV circuits linking the power stations in the Eastern Transvaal with the Natal system and the whole associated with these circuits is therefore debited to Natal.

The total operating cost incurred by the Central Generating Undertaking in its first year, the calendar year 1972, was some R184 million. The procedure

verskil is hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat die eenheidgroottes van die turbogeneratorstelle in die kuskragstasies kleiner is. Die verskil in vermoëverbonde ontwikkelkoste veroorsaak ook 'n regstreekse debiet teen die kusondernemings wat oorspronklik deur hul eie kragstasies bedien is. Die proporsionele bedrag van hierdie debiet word egter vinnig minder na gelang die kragbehoeftes van elke onderneming in toenemende mate van die nuwe geslag van kragstasies verkry word waarin alle distribusie-ondernemings 'n proporsionele aandeel het.

Nadat hierdie regstrekse debiet, ten opsigte van die oorskot aan eenheidverbonde koste en vermoëverbonde koste aan die betrokke ondernemings toegewys is, word die oorblywende ontwikkelkoste wat deur die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming aangegaan word, ooreenkomstig die permit aan die distribusie-ondernemings toegewys „in verhouding tot die maksimum aanvrae uitgedruk in kilowatt en tot die kilowatt-uur wat die onderskeie ondernemings elke maand van die jaar neem."

Vir die doeleindes van die toewysing van SKO-koste, word eenheidverbonde koste tot die koste van steenkool en brandolie (insluitende spoorvrag en hantering), en water, beperk. Alle ander ontwikkelkoste word as aanvraagverbonde beskou. Aanvraagverbonde koste word tussen die distribusie-ondernemings in verhouding tot hul afsonderlike maandelikse spitsaanvraag verdeel.

Die belangrike 400kV-tranmissielyne wat die verskillende ondernemings onderling met mekaar verbind, is bates van die SKO, en die koste aan hierdie kraglyne verbonde, word ooreenkomstig subartikel 23 (b) van die Elektrisiteitswet en die ooreenstemmende bepalings van die SKO-permit, toegewys aan die distribusie-ondernemings waaraan elektrisiteit oorgebring word. Die Randse en Oranje-Vrystaatse, Noord-Kaaplandse, Wes-Kaaplandse en Oranjerivierondernemings maak almal van sekere gedeeltes van die transmissiestelsel na die Kaap gebruik en die onderlinge koppeling van die Grensonderneming vanaf die tweede helfte van 1973 sal ook 'n gedeelte van hierdie kraglyn raak. Waar 'n gegewe kraglyn twee of meer distribusieondernemings bedien, word die koste op die grondslag van „relatiewe gebruik" toegewys, gemeet ooreenkomstig die maksimum aanvraag van die las wat deur elke afsonderlike onderneming deur middel van die betrokke transmissielyn geneem is. Die Natalse Onderneming is die enigste gebruiker van die 400kV-kraglyne wat die kragstasies in Oos-Transvaal met die Natalse stelsel koppel en die totale koste van hierdie kraglyne word dus teen Natal gedebiteer.

Die totale bedryfskoste van die SKO in sy eerste jaar, d.w.s. die kalenderjaar 1972, was ongeveer R184 miljoen. Die voorgeskrewe prosedure vir die verdeling

prescribed for apportioning this total cost amongst the distribution undertakings served by the Central Generating Undertaking requires the subdivision of the total cost into five different categories, as follows :

(a) Costs incurred in the transmission of electricity from the power resources of the Central Generating Undertaking to the distribution undertakings taking bulk supplies of electricity from the Central Generating Undertaking. For the financial year 1972, this expenditure incurred in the transmission of electricity and apportioned to the distribution undertakings in proportion to the "relative use" of different sections of the Central Generating Undertaking transmission system, amounted to some 3,0% of the total Central Generating Undertaking costs for the year;

(b) "Excess" unit related costs determined as the difference between the unit related generating costs incurred in the completed power stations taken over by the Central Generating Undertaking from the coastal undertakings and the corresponding unit related costs for the same output from the defined group of completed inland power stations taken over by the Central Generating Undertaking from the Rand and Orange Free State and Eastern Transvaal Undertakings. These excess unit related costs are, in terms of the Central Generating Undertaking permit debited to the distribution undertakings from which the high cost power stations were taken over and amounted to some 4,8% of the total expenditure incurred by the Central Generating in the financial year 1972;

(c) "Excess' capacity related costs, arising similarly as the unfavourable difference between the capacity related costs incurred in the existing coastal power stations and the corresponding costs for the same capacity in the defined group of inland power stations used as a basis for comparison. This cost, debited to the coastal undertakings for which the higher cost stations were originally constructed, amounted to some 2,8% of the total expenditure incurred by the Central Generating Undertaking in the 1972 financial year;

(d) The remaining unit related generating cost incurred by the Central Generating Undertaking, allocated to distribution undertakings in proportion to the number of units of electricity sent out by the Central Generating Undertaking to each of the respective undertakings. In 1972 the unit related cost so allocated represented roughly 26,6% of the

van hierdie totale koste tussen die distribusie-ondernemings wat deur die SKO bedien word, vereis die onderverdeling van die totale koste in vyf verkillende kategorieë, as volg :

(a) Koste aangegaan in verband met die oorbring van elektrisiteit vanaf die kragbronne van die SKO na die distribusie-ondernemings wat grootmaattoevoere van die SKO ontvang. Vir die boekjaar 1972 het hierdie uitgawe, wat in verband met die oorbring van elektrisiteit aangegaan is en tussen die distribusie-ondernemings in verhouding tot die „relatiewe gebruik" van verskillende gedeeltes van die SKO-transmissiestelsel verdeel is, ongeveer 3,0% van die totale SKO-koste vir die jaar bedra.

(b) Ekstra aan eenheidverbonde koste wat vasgestel is as die verskil tussen die eenheidverbonde ontwikkelkoste aangegaan in die voltooide kragtasies wat deur die SKO by die kusondernemings oorgeneem is en die ooreenstemmende eenheidverbonde koste vir dieselfde lewering deur die omskrewe groep voltooide binnelandse kragstasies wat deur die SKO by die Randse en Oranje-Vrystaatse en Oos-Transvaalse Ondernemings oorgeneem is. Hierdie ekstra eenheidverbonde koste word, in ooreenstemming met die SKO-permit, gedebiteer teen die distribusie-ondernemings van wie die hoëkoste-kragstasies oorgeneem is, en dit het sowat 4,8% beloop van die totale koste wat die SKO gedurende die boekjaar 1972 aangegaan het.

(c) Ekstra vermoëverbonde koste wat ontstaan as gevolg van die ongunstige verskil tussen die vermoëverbonde koste wat in die bestaande kuskragstasies aangegaan word en die ooreenstemmende koste vir dieselfde vermoë in die omskrewe groep binnelandse kragstasies wat as vergelykingsgrondslag gebruik word. Hierdie koste, waarmee die kusondernemings, vir wie die hoëkostestasies oorspronklik gebou is, gedebiteer word, het sowat 2,8% beloop van die totale koste wat die SKO in die boekjaar 1972 aangegaan het.

(d) Die oorblywende eenheidverbonde kragontwikkelingskoste wat die SKO aangegaan het en wat toegewys is aan distribusie-ondernemings in verhouding tot die getal eenhede elektrisiteit wat die SKO aan elk van die onderskeie ondernemings uitgestuur het. In 1972 het die eenheidverbonde koste wat so toegewys is by benadering 26,6% van die

total Central Generating Undertaking expenditure. It, of course, includes the unit related costs incurred in the new generating of power stations which were from the start planned in accordance with the integrated needs of the national Escom system;

(e) The remaining demand related generating costs allocated to distribution undertakings proportionately to their individual monthly system peak demands. These costs in 1972 totalled some 62,8% of the total expenditure incurred by the Central Generating Undertaking.

The apportioning of costs in the first three of the five categories listed is affected by the geographical position of the distribution undertakings relative to the major power resources and by the historical development of power stations before the advent of the national transmission system. It is interesting to note that in the first operating year of the Central Generating Undertaking the costs distributed between distribution undertakings in a manner determined by regional and historical differences in the endowment of natural resources amounted to some 10% only of the total Central Generating Undertaking costs. The remaining costs allocated proportionately to the demands and units taken by the distribution undertakings served, without regard to geographical or historical factors, in 1972 amounted to approximately 90% of the total and will become a progressively increasing fraction of the total Central Generating Undertaking costs in future years.

The impact, on the individual coastal undertakings, of transmission costs and the "excess" costs of generation in the coastal coal-fired power stations is, of course, higher than suggested by the above average of about 10% of total Central Generating Undertaking costs debited to distribution undertakings differed as follows between inland and coastal undertakings:

Average unit related C.G.U. costs in 1972 in cents per unit.

	c/u
Rand and Orange Free State, Eastern Transvaal and Cape Northern Undertakings	0,113
Natal Undertaking	0,187
Cape Western Undertaking	0,219
Overall C.G.U. average	0,133

Average demand related to C.G.U. costs (including transmission costs) in 1972 in Rand per kW of monthly maximum demand of distribution undertakings.

totale uitgawes van die SKO uitgemaak. Daarby ingesluit is natuurlik die eenheidverbonde koste wat aangegaan is by die nuwe geslag kragstasies wat uit die staanspoor beplan is ooreenkomstig die geïntegreerde behoeftes van die nasionale Evkom-stelsel.

(e) Die oorblywende aanvraagverbonde kragontwikkelingskoste wat aan distribusieondernemings in verhouding tot die onderskeie maandelikse spitsaanvrae toegewys word. Hierdie koste het in 1972 sowat 62,8% beloop van die totale uitgawe wat die SKO aangegaan het.

Die toewysing van koste in die eerste drie van die genoemde vyf kategorieë word beïnvloed deur die geografiese ligging van die distribusie-ondernemings met betrekking tot die vernaamste kragbronne en deur die historiese ontwikkeling van kragstasies voor die koms van die nasionale transmissiestelsel. Dit is 'n interessante feit dat die koste wat in die eerste bedryfsjaar van die SKO tussen distribusie-ondernemings verdeel is op 'n wyse wat bepaal is deur streeks- en historiese verskille in die bedeling met natuurlike hulpbronne, slegs sowat 10% van die SKO se totale koste beloop het. Die oorblywende koste, wat sonder inagneming van geografiese of historiese faktore toegewys is aan die distribusieondernemings, in verhouding tot die aanvrae en die eenhede wat geneem is deur die ondernemings wat bedien word, het in 1972 sowat 90% van die totaal bedra en dit sal in die jare wat kom 'n steeds toenemende breuk van die totale SKO-koste word.

Transmissiekoste en die oorskot aan ontwikkelingskoste in die steenkoolgestookte kuskragstasies het natuurlik 'n groter uitwerking op die afsonderlike kusondernemings as wat bogenoemde gemiddelde van 10% van die totale koste van die SKO te kenne gee. Die gemiddelde tariewe vir 1972 ten opsigte van die totale SKO-koste waarmee distribusie-ondernemings gedebiteer is, het tussen binnelandse en kusondernemings soos volg verskil:

Gemiddelde eenheidverbonde koste van die SKO in 1972 in sent per eenheid

	c/e
Randse en Oranje-Vrystaatse, Oos-Transvaalse en Noord Kaaplandse Onderneming	0,113
Natalse Onderneming	0,187
Wes-Kaaplandse Onderneming	0,219
Totale gemiddelde vir SKO	0,133

Gemiddelde aanvraagverbonde SKO-koste (met inbegrip van transmissiekoste) in 1972 in rand per kW van die maandelikse maksimumaanvraag van distribusie-ondernemings.

	R/kW/Month
Eastern Transvaal Undertaking	1,58
Rand and Orange Free State Undertaking	1,58
Cape Northern Undertaking	1,79
Natal Undertaking	1,95
Cape Western Undertaking	2,52
Overall C.G.U. average	1,72

The above average cost rates reflect the average Central Generating Undertaking charges and do not include distribution, reticulation, administrative and other costs incurred by the distribution undertakings.

The average unit related cost debited by the Central Generating Undertaking to the coastal undertakings understandably shows a marked reduction in comparison with the unit related cost of electricity generation in the coastal coal-fired power stations. The 1972 Central Generating Undertaking unit related debit to the Cape Western Undertaking was some 0,219 cents per unit, in comparison with a 1972 unit related cost of 0,415 cents per unit in Escom's Cape Western power stations. This is however counterbalanced to an important extent by a higher average demand related cost resulting from the inclusion of transmission costs in the demand related Central Generating Undertaking debit to the coastal undertakings. In this manner the Central Generating Undertaking is bringing about an important change in the structure of bulk electricity costs as seen by Escom's coastal undertakings. In comparison with the cost structure of the past, a larger fraction of the total cost is demand related, and a smaller fraction is seen as energy related.

The existing tariffs of the Cape Western and Natal Undertakings reflect a balance between demand related and unit related charges which evolved from the past cost structure when the electricity needs of these coastal undertakings were met from power stations in the undertakings concerned. Under the new circumstances now prevailing an academic analysis would indicate that the demand related tariff charges in these undertakings are lower than the actual demand related costs incurred, and that there is in the tariff charges a compensating overstatement of unit related charges. In due course changes will become necessary in the structure of the tariffs of the undertakings which will involve a shift of some part of the present unit related charges to the demand related charges. This should be seen as part of the evolutionary process which is lessening the regional differences, not only the overall costs of electricity, but also in the structure of electricity tariffs.

At the 42nd Convention of this Association, held in Cape Town in 1971, the title of the Presidential Address was "A Glance at the Future of Municipal

	R/kW/Maand
Oos-Transvaalse Onderneming	1,58
Randse en Oranje-Vrystaatse Onderneming	1,58
Noord-Kaaplandse Onderneming	1,79
Natalse Onderneming	1,95
Wes-Kaaplandse Onderneming	2,52
Totale gemiddelde vir SKO	1,72

Bostaande gemiddelde kostetariewe toon slegs die gemiddelde SKO-koste, en distribusie-, retikulasie-, administratiewe en ander koste wat die distribusieonderneming aangegaan het, is nie daarby ingesluit nie.

Die gemiddelde eenheidverbonde koste waarmee die SKO die kusondernemings gedebiteer het, toon 'n aanmerklike afname teenoor die eenheidverbonde koste van elektrisiteitsontwikkeling in die steenkoolgestookte kuskragstasies. In 1972 was die SKO se eenheidverbonde debiet aan die Wes-Kaaplandse Onderneming sowat 0,219 sent per eenheid vergeleke met 'n eenheidverbonde koste van 0,415 sent per eenheid vir 1972 in Evkom se Wes-Kaaplandse kragstasies. Dit word egter ten dele uitgewis deur hoër gemiddelde aanvraagverbonde koste wat voortspruit uit die insluiting van transmissiekoste in die aanvraagverbonde debiet wat die SKO die kusondernemings oplê. Op die manier bring die SKO 'n belangrike verandering in die struktuur van grootmaatelektrisiteitskoste teweeg en Evkom se kusondernemings. Vergeleke met die kostestruktuur van die verlede is 'n groter breuk van die totale koste aanvraagverbonde en word 'n kleiner gedeelte as energieverbonde beskou.

Die bestaande tariewe van die Wes-Kaaplandse en Natalse Onderneming weerspieël 'n ewewig tussen aanvraagverbonde en eenheidverbonde vorderings, wat ontwikkel het uit die eertydse kostestruktuur toe daar in die elektrisiteitsbehoeftes van hierdie kusondernemings voorsien is vanaf kragstasies in die gebiede van die betrokke ondernemings. In die nuwe omstandighede wat nou heers, sal 'n ontleding aandui dat die aanvraagverbonde tariefgelde in hierdie ondernemings laer is as die werklike aanvraagverbonde koste wat aangegaan is en dat daar in die tariefvordering 'n kompenserende ooropgawe van eenheidverbonde vorderings is. Veranderings in die tariefstruktuur van die kusondernemings sal mettertyd nodig word en dit sal 'n verskuiwing van 'n gedeelte van die huidige eenheidverbonde vordering na die evolusieproses wat besig is om die streeksverskille te verminder —nie slegs met betrekking tot die totale elektrisiteitskoste nie maar ook met betrekking tot die struktuur van die elektrisiteitstariewe.

Op die 42ste konvensie van hierdie Genootskap, wat in 1971 in Kaapstad gehou is, was die titel van die Presidentsrede „'n Toekomsblik van Munisipale

Electricity Supply in South Africa". Within the scope of this title Mr. von Ahlften gave a searching analysis of the structure of the electricity supply industry and ably outlined the respective roles to be played by the municipal electricity undertakings, the Escom distribution undertakings, and by the newly established Central Generating Undertaking. The address showed that each of these three groups has an important task to perform and is, in its assigned field, best equipped for this task.

There are, for historical reasons, and due to particular circumstances, areas of overlap between the functions of the municipal electricity departments and Escom's undertakings, but these serve merely to underline the fact that an essential role is played by each of the three different sectors identified in Mr. von Ahlften's Address.

It has perhaps been insufficiently stressed in the past, that each of the sectors has a duty to share knowledge of its plans and projections with the other sectors who are equally involved in different aspects of the same task. For this reason Escom particularly values the opportunity so generously provided to take part in the proceedings of this Convention.

Elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika." Mnr. von Ahlften het binne die omvang van hierdie onderwerp 'n deurtastende ontleding van die struktuur van die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf gegee en het die onderskeie rolle wat die munisipale elektrisiteitsondernemings, Evkom se distribusie-ondernemings en die pas gestigte Sentrale Kragontwikkelingsonderneming moet speel, op bekwame wyse in breë trekke beskryf. Die referaat het daarop gewys dat elk van die drie groepe'n belangrike taak het om te vervul en dat elk op sy aangewese gebied die beste toegerus is vir hierdie taak.

Daar is, om historiese redes en weens bepaalde omstandighede, gebiede waar die funksies van die munisipale elektrisiteitsdepartemente en Evkom se ondernemings oorvleuel, maar hulle dien bloot om die feit te beklemtoon dat elk van die drie sektore wat in mnr. von Ahlften se rede geïdentifiseer word, 'n onmisbare rol speel.

Dit is in die verlede miskien nie genoeg benadruk nie dat daar op elk van die sektore die plig rus om kennis van sy planne en voornemens te deel met die ander sektore wat in gelyke mate met verskillende aspekte van dieselfde taak gemoeid is. Daarom word die aangeleentheid tot deelname aan die verrigtinge van hierdie konvensie, wat so goedgunstiglik aangebied is deur Evkom hoog op prys gestel.

INDUSTRIAL ACCIDENT PREVENTION IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA WITH SPECIAL REFERENCE TO ELECTRICITY UNDERTAKINGS

by G. S. STRYDOM, B.Sc.(Eng.),
Operations Manager,
National Occupational Safety Association (NOSA)

1.—INTRODUCTION.

Industrial accident prevention in the Republic goes back to 1913 when the South African gold mining industry launched a campaign for safety in mines. It created a committee called the Prevention of Accidents Committee which has directed the safety campaign ever since on mines which are members of the South African Chamber of Mines.

The need for organised accident prevention in secondary industry was realised when the first figures of injuries were extracted by the office of the Workmen's Compensation Commissioner in 1944. These first injury figures amounted to the staggering total of over 100 000 for all races. The next two or three years showed a considerable increase in this figure. Now, simply because for the first time a complete and comprehensive picture was available regarding the human suffering and material losses involved in the heavy toll of industrial accidents, the authorities recognised the need for organised industrial accident prevention.

This awareness culminated in the formation of a non-profit company, the shares of which were taken up by employer organisations in industry and commerce, for the specific purpose of promoting the prevention of accidents in industry. . Thus the National Occupational Safety Association (NOSA) came into being in 1951. Today NOSA provides accident prevention services not only to industry in general, but also to bodies such as local authorities, technical high schools, universities and state departments.

2.—WHY ACCIDENT PREVENTION?

There are three basic reasons why an organised accident prevention programme must as a matter of necessity be integrated into the management control techniques of all organisations. These reasons are :

2.1 **Humanitarian considerations.**

From a national point of view, industrial accidents have taken the following toll in injuries to workmen in the period 1966-1968 :

	1966	1967	1968
Total injuries	270 838	282 946	328 916
Permanent disablement	31 679	31 910	30 856
Fatal	2 098	2 084	2 012

INDUSTRIËLE ONGELUKSVOORKOMING IN DIE REPUBLIEK VAN S.A. MET SPESIALE VERWYSING NA ELEKTRISITEITSONDERNEMINGS

Deur G. S. STRYDOM, B.Sc. (Ing.)
Bedryfsbestuurder
Nasionale Beroepsveiligheidsvereniging (NOSA)

1.—INLEIDING.

Industriële ongeluksvoorkoming in die Republiek het 'n aanvang geneem in 1913 met 'n veldtog vir veiligheid in myne geloods deur die Suid-Afrikaanse Goudmyn-Industrie. 'n Komitee met die naam „Prevention of Accidents Committee" is geskep en hierdie komitee is nog steeds leidend in die veiligheidsveldtogte op myne wat lede is van die Suid-Afrikaanse Kamer van Mynwese.

Die behoefte aan georganiseerde ongeluksvoorkoming in die sekondêre nywerheid het duidelik geword toe die eerste beseringsyfers deur die Ongevallekommissaris bereken is in 1944. Hierdie eerste beseringsyfers het die skokkende totaal van meer as 100 000 vir alle rasse getoon. Gedurende die daaropvolgende 2 of 3 jaar het die syfer aansienlik gestyg. Op hierdie stadium, eenvoudig as gevolg daarvan dat daar vir die eerste keer 'n volledige en omvattende beeld beskikbaar was van die menslike lyding en geldelike verlies betrokke by die hoë tol van bedryfsongelukke, het die owerhede die behoefte vir georganiseerde industriële ongeluksvoorkoming ingesien.

Hierdie bewustheid het 'n hoogtepunt bereik in die stigting van 'n niewinsgewende maatskappy, die aandele waarvan opgeneem is deur werkgeverorganisasies in die handel en bedryf, vir die spesifieke doel om ongeluksvoorkoming in die nywerheid te bevorder. So het die Nasionale Beroepsveiligheidsvereniging (NOSA) tot stand gekom in 1951. Vandag verskaf NOSA ongeluksvoorkomingdienste nie net alleen aan die nywerheid in die algemeen nie, maar ook aan liggame soos plaaslike owerhede, tegniese hoërskole, universiteite en staatsdepartemente.

2.—WAAROM ONGELUKSVOORKOMING ?

Daar is drie basiese redes waarom 'n georganiseerde ongeluksvoorkomingsprogram 'n integrale deel moet vorm van die bestuurskontrole tegniek van alle organisasies. Hierdie redes is :

2.1 **Humanitêre Oorwegings.**

Uit 'n nasionale oogpunt, het industriële ongelukke in die tydperk 1966-1968 die volgende tol geëis in die besering van werkers.

	1966	1967	1968
Totale beserings	270 838	228 946	328 916
Permanente verminking	31 679	31 910	30 856
Noodlottig	2098	2 084	2 012

Some indication of the human pain and suffering that accompany these injuries may be derived from a look at the number of days the workmen were incapacitated. The man-days lost by workmen due to industrial accidents during the above period were:

(In millions)	1966	1967	1968
Actual man-days lost	3,6	3,5	4,0
Potential man-days lost allowing for fatals and permanency of disablement	25,7	25,6	24,3
Total man-days lost	29,3	29,1	28,3

From the man-days lost it can also be concluded that the Republic loses the work potential of nearly 100 000 men every year. This is a shocking waste of the country's man-power, its most valuable asset.

2.2 **Legal considerations.**

Industrial legislation enforces certain minimum safety standards and defines the legal responsibilities of individuals. Local authorities are subject to the provisions of the Factories, Machinery and Building Work Act, which has as its aims i.a. the following :

* supervision over the use of machinery;
* precautions against accidents in building and excavation work; and
* protection of health and safety of employees.

Under the Act the user (Employer), for example, has been charged with the responsibility to:

* Take all reasonable measures to enforce the requirements of the regulations and to ensure that they are observed by every person working on premises where machinery is used.
* Provide for the safety of persons and enforce proper discipline on premises where machinery is used.
* Cause every inexperienced person who is required or permitted to operate a machine which may cause injury, to be fully conversant with the dangers attached to the operation thereof and the precautionary measures to be taken and to be observed.
* Cause all plant, material and other things necessary for compliance with the requirements of the regulations to be provided and maintained in good order and repair.
* Cause all buildings and structures on premises where machinery is used to be of sound construction and to be maintained in good order and in a safe condition.

Deur te kyk na die aantal dae wat die werkers onbevoeg vir werk was, kan 'n idee gevorm word van die menslike lyding en pyn wat gepaard gaan met hierdie beserings. Die werksdae wat deur werkers verloor is a.g.v. industriële ongelukke gedurende die bogenoemde tydperk was :

(In miljoene)	1966	1967	1968
Werksdae verloor	3,6	3,5	4,0
Potensiële werksdae verloor met noodlottige beserings en permanente onbevoegdheid in aanmerking geneem	25,7	25,6	24,3
Totale velore werksdae	29,3	29,1	28,3

Van die totale werksdae wat verloor is, kan afgelei word dat die Republiek die werkpotensiaal van bykans 100 000 werkers jaarliks verloor. Dit is 'n skokkende vermorsing van die land se werkkrag, sy mees waardevolle bate.

2.2 **Wettige Oorwegings.**

Industriële wetgewing bepaal sekere minimum veiligheidstandaarde en stel die wetlike verantwoordelikhede van individue vas. Plaaslike owerhede is onderworpe aan die bepalings van die Fabriekswet, wat as doelstellinge o.a. die volgende het:

* beheer oor die gebruik van masjinerie,
* voorsorgmaatreëls teen ongelukke in bou- en uitgrawingswerk; en
* beskerming van gesondheid en veiligheid van werkers.

In terme van die Wet moet die gebruiker (werkgewer) die verantwoordelikheid neem om:

* Alle redelike maatreëls tref om die vereistes van hierdie regulasies toe te pas en om te ververseker dat dit nagekom word deur elkeen wat op persele werk waar masjinerie gebruik word.
* Sorg dat elke onervare persoon van wie vereis of wat toegelaat word om 'n masjien te bedien wat beserings kan veroorsaak, ten volle op die hoogte is van die gevare verbonde aan die bediening daarvan en die veiligheidsmaatreëls wat getref en nagekom moet word.
* Sorg dat alle installasies, materiaal en ander dinge wat nodig is vir nakoming van die vereistes van hierdie regulasies, in goeie toestand en heel, verskaf en onderhou word.
* Sorg dat alle geboue en bouwerke op persele waar masjinerie gebruik word, van goeie konstruksie is en in goeie orde en heel en in 'n veilige toestand onderhou word.

* Appoint in writing ,on premises where twenty-five or more persons are employed, at least one person who is thoroughly familiar with the work processes, who shall assist the person charged with the supervision of the machinery and who shall have the special duty of reporting to him in writing.
* Any deficiency in the availability, good condition and proper use of safety measures and appliances;
* Unsafe practices and suggested corrective measures.

2.3 **Financial considerations.**

The cost of Industrial accidents is probably the major source of financial losses attributable to industrial waste. Except for those incidents, approximately 2%, caused by acts of God, all accidents may be classified as avoidable waste, which may be quantified in monetary terms by determining the cost of the accident.. The cost of an accident may be classed under two headings.

2.3.1 **Insured costs.**

Although the insured costs as listed below are covered by the Accident Fund they are in the first instance the employer's liability in terms of the Workmen's Compensation Act :

* Transport to hospital;
* Medical attention;
* Hospitalisation;
* Rehabilitation and
* Compensation.

The Workmen's Compensation Commissioner and the accident funds approved by him pay out approximately R81 800 000 a year by way of compensation, rehabilitation and medical expenses because of injuries. This R81 800 000 comes from the accident funds which are financed by means of assessments by the firms in South Africa according to their injury experience.

Other insured costs are sometimes covered by commercial insurers and could cover for example :

* Damage to property;
* Fire losses;

* Minstens een persoon op 'n perseel waar vyf-en-twintig of meer persone in diens is skriftelik aan te stel wat deeglik vertroud is met die werkprosesse, wat die persoon moet help wat toesig oor die masjinerie het en wat die spesiale plig het om aan hom skriftelik.
* enige gebrek in die beskikbaarheid en goeie toestand en behoorlike gebruik van veiligheidsmaatreëls en -toestelle, asook
* onveilige praktyke en voorgestelde verbeteringsmaatreëls te rapporteer.

Ongeluksvoorkoming is gevolglik in 'n sekere mate nie 'n kwessie van keuse nie, maar 'n wetlike verpligting wat afdwingbaar is in terme van die industriële wetgewing van die Republiek.

2.3 **Finansiële Oorwegings.**

Die koste verbonde aan industriële ongelukke is waarskynlik die hoofbron van finansiële verliese wat toe te skryf is aan industriële verkwisting. Behalwe vir die ongeveer 2% insidente wat aan die deur van die Noodlot gelê kan word kan alle ongelukke as voorkombare verkwisting geklassifiseer word. Hierdie verkwisting kan in geldlike terme uitgedruk word deur die koste van die ongeluk te bepaal. Die koste van 'n ongeluk kan in 2 kategorië verdeel word.

2.3.1 **Versekeringskoste.**

Alhoewel die versekeringskoste, soos hieronder aangetoon, gedek word deur die Ongevallefonds, is dit in die eerste plek die werkgewer se verantwoordelikheid in terme van die Ongevallewet:

* Vervoer na hospitaal
* Mediese aandag
* Hospitalisasie
* Rehabilitasie
* Kompensasie

Die Ongevallekommissaris en die Ongevallefonds deur hom goedgekeur betaal ongeveer R81 800 000 jaarliks aan kompensasie, rehabilitasie en mediese uitgawes as gevolg van beserings. Hierdie R81 800 000 is afkomstig van die ongevallefondse wat gefinansieer word deur middel van aanslae volgens hul eie ongeluksondervinding op die firmas in Suid-Afrika.

Ander versekerde koste word soms gedek deur kommersiële versekeraars en dek bv.:

* Beskadiging van eiendom;
* Brandverlies;

* Loss of profits due to the above;
* Extra compensation (stated benefits)

2.3.2 **Uninsured or Hidden costs.**

The uninsured costs are irrecoverable losses borne by the employer and could take the following forms:

* Damage to property;
* Equipment repairs and replacement of damaged equipment;
* Decreased output by the workman because of this injury;
* Make up salary to bridge the gap between the workman's normal salary and the maximum of R150 a month paid in compensation from the Accident Fund;
* Cost of wages of onlookers;
* Obsolescence of equipment before accepted depreciated time;
* Cost of training of new workers;
* Cost of overtime to make up production losses;
* Cost involved by the supervisory staff in investigating the accident;
* Cost of clerical control of accident claims.

2.3.3 **First iceberg effect.**



Like all icebergs, the mass below the surface is the most dangerous, especially when we consider what these hidden costs could add up to. Some writers maintain that the ratio of insured costs to hidden costs could be 1 : 4.

* Profytverlies as gevolg van bogenoemde;
* Bykomende vergoeding.

2.3.2 **Onversekerde of Verborge Koste.**

Die onversekerde koste is onverhaalbare verliese en word in geheel gedra deur die werkgewer en kan die volgende vorms aanneem :

* Beskadiging van eiendom
* Herstel van toerusting en vervanging van beskadigde toerusting;
* Afname in die werkverrigting van die werker as gevolg van sy besering.
* Aanvulling van salaris om die gaping tussen die werker se normale salaris en die maksimum maandelikse kompensasie van R150-00 betaalbaar uit die Ongevallefonds.
* Koste van lone van bystanders
* Vervanging van toerusting vroeër as die aanvaarde tydstip volgens waardevermindering
* Koste van opleiding van nuwe werkers
* Koste van oortyd om produksieverliese op te maak
* Koste betrokke by die ondersoek van die ongeluk deur toesighoudende personeel
* Koste van klerikale kontrole van ongelukseise.

2.3.3 **Eerste Ysberg Effek.**



Soos in die geval van alle ysberge, is die massa onder die water die gevaarlikste, veral wanneer ons tot die slotsom kom wat hierdie verborge koste in totaal kan bedra. Sommige skrywers meen dat die verhouding van ver-

Others maintain that no definite ratio can be arrived at. It is suggested that each firm does its own exercise and calculate the total costs of its accidents—if necessary on a sampling basis. This was done recently at a certain firm and it was found that the medical and other insured costs came to about R600,00. The hidden costs in loss of production and contract penalties amounted to more than R6 000,00—a 1 : 10 ratio !

It may be said that because of an accident, no actual difference in production is noticed. It may be true that the output from the plant is the same whether accidents take place or not but what must be very obvious is that if the output is to remain the same it must be produced at a higher cost.

2.3.4 **Second iceberg effect.**



As if one iceberg were not enough to emphasise the terrific amount of avoidable waste which is taking place in South Africa, there is a further iceberg in the form of injuries in relation to the number of accidents which take place.

It should be made quite clear what an accident is. It is an unplanned, uncontrolled event that interrupts or interferes with the orderly process of the production activity or process.

In this sense of the word, an accident may cause damage to equipment or material or a production delay without necessarily resulting in an injury. Although an injury may

sekerde koste tot verborge koste 1 : 4 mag beloop. Andere is van mening dat geen definitiewe verhouding bepaal kan word nie. Daar word voorgestel dat elke firma sy eie berekening doen en daarvolgens die totale koste van sy ongelukke bepaal—indien nodig op 'n monsterbasis. Dit is onlangs gedoen in 'n spesifieke firma en daar is gevind dat mediese en ander versekerde koste op naastenby R600-00 te staan gekom het. Die versteekte koste in verlies van produksie en boetes volgens kontrakbepalings het R6000-00 bedra—'n 1 : 10 verhouding.

Daar mag gesê word dat 'n ongeluk geen werklike verskil in produksievermoë maak nie. Dit mag waar wees dat die fabriek se produksie dieselfde bly, ongeag of ongelukke plaasvind of nie, maar wat baie duidelik is, is dat produksie teen 'n hoër koste moet geskied as dit dieselfde peil wil handhaaf.

2.3.4 **Tweede Ysberg Effek.**



Asof een ysberg nie voldoende is om die geweldige hoeveelheid voorkombare verkwisting in Suid-Afrika te beklemtoon nie, is daar nog 'n ysberg in die vorm van die verhouding van beseringstotale tot ongelukke wat plaasvind.

Dit behoort baie duidelik gemaak te word wat 'n ongeluk is. Dit is 'n onbeplande, onbeheerde gebeurtenis wat die ordelikheid van produksieproses onderbreek of daarmee inmeng.

In hierdie sin van die woord mag 'n ongeluk skade berokken aan toerusting of materiaal of 'n produksieproses vertraag sonder om noodwendig 'n besering tot gevolg

or may not result from the given mishap, interference with the smooth flow of production can be expected.

There are two main factors which cause accidents, these being unsafe acts of persons and unsafe physical conditions. Either of these conditions or a combination of them may cause the accident.

In the book " Damage Control " by F. E. Bird and G. L. Germain it is stated that a study of some 30 000 accident cases was made and it was concluded that there is a relationship between an accident and a personal injury. They found that on an average there were 500 accidents causing no inury but damage to property and 100 injury-causing accidents of a minor nature for every lost-time injury. In the Republic, according to statistics published by the office of the Workmen's Compensation Commissioner, more than 224 000 lost-time injuries were suffered in 1968.

Therefore, if one accepts their figures, which we have no reason to believe are not a true reflection of facts, we come to the shocking realisation that there are possibly 224 000 times 600 accidents which are not reflected in our statistics in total and which are not necessarily brought to the attention of management. The shocking total of 134,4 million accidents may vary from very minor machinery damage to serious damage to machinery and only minor personal injury.

If we investigate and eliminate the injury-causing accidents we have only tackled 16% of the problem.

2.3.5 **Merit rebates.**

The Accident Fund is non-profit making and assessment rates are fixed on this principle. Any surplus over and above the requirements of the Fund will, ultimately, be returned to the employers either by means of rate reductions or the payment of merit rebates, or both.

The Commissioner keeps a separate record reflecting the amount paid in assessments and the cost of accidents of each employer. These records reveal that the accident cost experience of individual employers falling within the same class or sub-class varies depending upon various factors, such as extent of mechanisation introduced, existence or otherwise of effective accident prevention measures, etc.

te hê. Afgesien daarvan of die ongeluk 'n besering of nie as gevolg het, kan inmenging in die gladde produksie verloop verwag word.

Daar is twee hoofoorsake van ongelukke d.i. onveilige handelinge van persone en onveilige fisiese toestande. Enige van hierdie faktore of 'n kombinasie daarvan mag 'n ongeluk veroorsaak.

In die boek „Damage Control," deur F. E. Bird en G. L. Germain word beweer dat in 'n ondersoek van sowat 30 000 ongeluksgevalle daar bevind is dat daar 'n verband is tussen 'n ongeluk en 'n persoonlike besering. Hulle het gevind dat daar gemiddeld 500 ongelukke was wat geen besering tot gevolg gehad het nie, maar wel beskadiging van eiendom, en 100 ongelukke met beserings van geringe aard en vir elke tydverliesbesering. In die Republiek, volgens statistiek gepubliseer deur die kantoor van die Ongevallekommissaris, was daar meer as 224 000 tydsverlies ongelukke in 1968.

Gevolglik, as die syfers hierbo aanvaar word en daar is geen rede om te twyfel dat dit 'n getroue weergawe van die feite is nie, kom mens tot die skokkende besef dat daar moontlik 224 000 maal 600 ongelukke is wat nie statisties aangemeld en verwerk word nie, en wat ook nie noodwendig onder die aandag van bestuur kom nie. Die skokkende totaal van 134,4 miljoen ongelukke mag wissel van baie geringe tot ernstige masjienskade en slegs ligte persoonlike beserings.

Die ondersoek en eliminering van ongelukke wat beserings veroorsaak dek slegs 16% van die probleem.

2.3.5 **Merietekortings.**

Die Ongevallefonds is nie-winsgewend en word bereken op hierdie beginsel. Enige oorskot bo en behalwe die benodighede van die Fonds behoort aan die werkgewers wat daartoe bygedra het en sal uiteindelik aan hulle teruggegee word, óf in die vorm van tariefvermindering óf deur die betaling van verdienstelikheidskorting, of albei.

'n Aparte register van die bedrag aan aanslae betaal en die koste van ongevalle vir elke werkgewer, word gehou. Hierdie rekords toon dat die ongevallekostebevinding van indiwiduele werkgewers wat onder dieselfde klas of byklas resorteer, wissel as gevolg van verskeie faktore, soos die omvang van meganisering en die bestaan, of andersins van doeltreffende maatreëls tot voorkomings van ongevalle, ens.

To adjust the position of employers who thus pay substantial amounts in assessments, which are out of proportion to their accident costs, the system of awarding merit rebates every three years was introduced. The rebate percentage is determined by the ratio between an employer's claims cost and the amount of his assessments.

Rebates for the 1965/67 cycle were calculated according to the following scale :

Om die posisie van werkgewers wat dus aansienlike bedrae aan aanslae buite verhouding tot hul ongevallekoste betaal, reg te stel, is 'n stelsel vir die toekenning van verdienstelikheidskortings, elke drie jaar in werking gebring. Die persentasie korting word bereken volgens die verhouding van die persentasie van die werkgewer se ongevallekoste tot die bedrag wat hy aan aanslae betaal het.

Kortings vir die kortingstydperk 1965/67 is volgens onderstaande skaal bereken:



2.3.6 **Variation of rate of assessment.**

Section 71 of the Workmen's Compensation Act, which provides for the payment of merit rebates (described in 2.3.5 above) also provides that if, in the opinion of the Commissioner, the business of an employer is designed, equipped, organised or conducted in a manner which is specially calculated to prevent the occurrence of accidents to workmen and the number or cost of accidents in consequence thereof is, or is likely to be, considerably less than that which usually obtains in other businesses of that class, the Commissioner may, in his discretion, use a lower percentage of annual wages in calculating the annual assessment of such em-

2.3.6 **Veranderings van Aanslagskaal.**

Artikel 71 van die Ongevallewet wat voorsiening maak vir die betaling van verdienstelikheidskortings (soos beskryf in paragraaf 2.3.5 hierbo) bepaal ook dat wanneer die besigheid van 'n werkgewer na die mening van die Kommissaris op 'n wyse ingerig, uitgerus, georganiseer of gedryf word wat besonders daartoe strek om te voorkom dat sy werkmense ongevalle oorkom en die aantal of koste van ongevalle gevolglik aanmerklik minder is, of waarskynlik sal wees, as wat gewoonlik in ander besighede van daardie soort plaasvind, die Kommissaris na goeddunke daardie werkgewer op 'n laer persentasie van die jaarlikse lone van sy werks-

ployer than is used in the assessment of other employers in that class of business.

2.3.7 **Loading of employer with high accident cost.**

On the other hand, Section 71 of the Act also provides for an increased rate of assessment for an employer whose accident experience during any period is less favourable than the average accident experience for employers in his class of business, or whose business is not designed, equipped, organised or conducted in a manner which is specially calculated to prevent the occurrence of accidents.

2.3.8 **Practical application of merit rebate system.**

The practical application of the merit rebate system is adequately illustrated by the following two case studies which refer to two medium-sized local authorities on the Witwatersrand :

mense kan aanslaan as ander werkgewers in 'n dergelike soort besigheid.

2.3.7 **Belading van 'n Werkgewer met 'n Hoë Ongevallekoste.**

Aan die ander kant maak artikel 71 van die Wet ook voorsiening vir 'n hoë aanslagtarief vir 'n werkgewer wie se ongevallebevinding, gedurende enige tydperk, minder gunstig is as die gemiddelde ongevallebevinding van werkgewers van sy soort besigheid of wie se besigheid nie op so 'n wyse ingerig, uitgerus, georganiseer of gedryf word om besonders daartoe te strek om ongevalle te voorkom nie.

2.3.8 **Praktiese Toepassing van die Merieteafslagskema.**

Die praktiese toepassing van die merietekortingskema word voldoende geïllustreer deur die volgende twee gevallestudies wat verwys na twee plaaslike owerhede van gemiddelde grootte op die Witwatersrand.

Local Authority A / **Plaaslike Owerheid A**

Period Tydperk	Total injuries Totale beserings	Assessment Aanslae R	Claims Eise R	Claims Eise % of assessments % van aanslag	Actual Merit Rebate Werklike Meriete Korting R	Actual Merit Rebate Werklike Meriete Korting % of assessments % van aanslag	Possible Merit Rebate Moontlike Meriete Korting
1965/67	279	32 475	15 203	46,8	6 455	20,0	16 137
1968/70	277	39 611	21 224	53,6	4 926	12,5	19 705
	Local Authority B				**Plaaslike Owerheid B**		
1965/67	320	38 297	16 274	42,5	10 477	27,5	19 048
1968/70	421	55 087	67 266	122,1	Nil	—	27 443

Thus, the financial loss to Local Authorities A and B in terms of merit rebates forfeited as a result of accidents came in the six year period to the considerable sums of R24 461 and R36 041 respectively. Furthermore, Local Authority B will more than likely be assessed at a higher rate in terms of paragraph 2.3.7 above.

From a financial point of view the prevention of accidents cannot be anything else but good business.

In die betrokke 6 jaar periode het plaaslike owerhede A en B dus deur die verbeuring van merietkortings as gevolg van ongelukke, finansiële verliese van R24 461 en R36 041 respektiewelik gely. Vervolgens sal plaaslike Owerheid B waarskynlik aangeslaan word op hoër tarief in terme van paragraaf 2.3.7 hierbo.

Uit 'n finansiële oogpunt kan die voorkoming van ongelukke niks anders wees as verstandige besigheid nie.

3.—THE PRINCIPLES OF ACCIDENT PREVENTION.

Accident prevention is basically a control technique

3.—DIE BEGINSELS VAN ONGELUKSVOORKOMING.

Ongeluksvoorkoming is basies 'n BEHEER-

—control of man performance, machine performance and the control of physical environment—with the following fundamental principles:

3.1 **An injury results from a completed sequence of factors.**

The occurrence of an injury invariably results from a completed sequence of factors—the last one of these being the accident itself. The accident in turn is invariably caused or permitted directly by the unsafe act of a person and/or a mechanical or physical hazard.

A preventable accident is one of five factors in a sequence that results in an injury. The injury invariably caused by an accident and the accident in turn is always the result of the factor that immediately precedes it. In accident prevention the major concern is in the middle of the sequence i.e. the unsafe acts of persons or mechanical or physical hazards.

The several factors in the accident occurrence series are given in chronological order in the following list:

Accident factors	Explanation of factors
3.1.1 Ancestry and social environment.	Recklessness, stubbornness, avariciousness and other undesirable traits of character may be passed along through inheritance. Environment may develop undesirable traits of character or may interfere with education. Both inheritance and environment cause faults of person.
3.1.2 Fault of person.	Inherited or acquired faults of person; such as recklessness, violent temper, nervousness, excitability, inconsiderateness, ignorance of, safe practice, etc. constitute proximate reasons for committing unsafe acts or for the existence of mechanical or physical hazards.
3.1.3 Unsafe act and/or mechanical or physical hazard.	Unsafe performance of persons, such as standing under suspended loads, starting machinery without warning, horseplay, and removal of safeguards; and mechanical or physical hazards, such as unguarded gears, unguarded point of operation, absence of

TEGNIEK—die beheer van die werkverrigting van mense en masjinerie en die beheer van die fisiese omgewing.

3.1 **'n Besering is die Gevolg van 'n Voltooide Volgorde van Faktore.**

Die voorkoms van 'n besering is sonder uitsondering die gevolg van 'n voltooide volgorde van faktore—die laaste hiervan is naamlik die ongeluk self. Die ongeluk op sy beurt word sonder uitsondering regstreeks veroorsaak of toegelaat deur die onveilige handeling van 'n persoon en/of 'n meganiese of fisiese gevaar.

'n Voorkombare ongeluk is een van die vyf faktore in 'n volgorde wat 'n besering tot gevolg het.

Die besering word sonder uitsondering deur 'n ongeluk veroorsaak en die ongeluk is weer altyd die gevolg van die faktor wat dit onmiddellik voorafgaan. In ongeluksvoorkoming word daar hoofsaaklik gekonsentreer op die middelste faktor d.i. die onveilige handeling van 'n persoon of die meganiese of fisiese gevaar.

Die verskillende faktors in die ongeluksvoorkomsvolgorde word in die volgende lys chronologies aangegee:

Ongeluksfaktore	Verduideliking van Faktore
3.1.1 Afkoms en sosiale omgewing	Roekeloosheid, koppigheid, gierigheid en ander ongewenste karaktertrekke kan oorerflik wees. . Omgewing kan ongewenste karaktertrekke ontwikkel of kan akademiese opvoeding beïnvloed. Oorerflikheid en omgewing kan tekortkominge in persoon veroorsaak.
3.1.2 Tekortkominge van 'n persoon.	Oorerflike of verworwe tekortkominge in persone; soos roekeloosheid, opvlieënde humeur, senuweeagtigheid, prikkelbaarheid, onbedagsaamheid, onkunde van veilige gewoontes, ens. is onmiddellike redes waarom onveilige handelinge gedoen word of meganiese of fisiese gevare bestaan.
3.1.3 Onveilige handeling en/of meganiese of fisiese gevaar.	Onveilige werkverrigting deur persone, soos om onder 'n hanglas te staan, masjinerie sonder waarskuwing aan die gang te sit gekskeerdery, die verwydering van veiligheidskerms; en meganiese of fisiese gevare, soos onbeskermde ratte, onbeskermde

rail guards, and insufficient light, result directly in accidents.

3.1.4 Accident. Events such as falls of persons, striking of persons by flying objects, etc., are typical accidents that cause injury.

3.1.5 Injury. Fractures, lacerations, etc., are injuries that result directly from accidents.

The occurrence of a preventable injury is the natural culmination of a series of events or circumstances, which invariably occur in a fixed and logical order. One is dependent on another and one follows because of another, thus constituting a sequence that may be compared with a row of dominoes placed on end and in such alignment in relation to one another that the fall of the first domino precipitates the fall of the entire row. An accident is merely one factor in the sequence.

werkpunt gebrek aan relingskerms, en onvoldoende lig is die regstreekse oorsaak van ongelukke.

3.1.4 Ongeluk. Gebeurtenisse soos persone wat val of deur voorwerpe wat deur die lug trek, getref word, ens. is tipiese ongelukke wat beserings veroorsaak.

3.1.5 Beserings. Beenbreuke, snywonde, ens. is beserings wat regstreeks deur ongelukke veroorsaak word.

Die voorkoms van 'n voorkombare besering is die natuurlike hoogtepunt van 'n reeks gebeurtenisse of omstandighede wat sonder uitsondering in 'n vaste en logiese orde gebeur. Die een is afhanklik van die ander en die een volg weens die ander sodat dit 'n volgorde uitmaak wat vergelyk kan word met 'n ry dominosteentjies wat op een punt staan en so opgestel is dat die hele ry sal val as die eerstee domino val. 'n Ongeluk is slegs een faktor in die volgorde.



3.2 **The unsafe acts of persons are responsible for a majority of accidents.**

As a result of an analysis of 75 000 cases through study of actuarial records and engineering reports, and with the co-operation of employers, it was found that out of every 100 accidents:

* 88% are caused by unsafe acts.
* 10% are caused by unsafe physical and mechanical conditions.
* 2% are caused by Acts of Providence.

3.2 **Die onveilige handelinge van persone is verantwoordelik vir die meeste ongelukke.**

'n Ontleding van 75 000 gevalle deur middel van aktuariële rekords en ingenieursverslae, en met die samewerking van werkgewers, het aan die lig gebring dat uit elke 100 ongelukke:

* 88% deur onveilige handelinge veroorsaak word.
* 10% deur onveilige fisiese en meganiese toestande veroorsaak word.
* 2% aan die Voorsieningheid te wyte is.

From the above the conclusion can be drawn that 98% of industrial accidents are of a preventable kind.

3.3 **An accident does not necessarily result in personal injury.**

Analysis proves that, in the average case, for every mishap resulting in an injury there are many other similar accidents that cause no injuries whatever. From review of data available concerning the frequency of potential injury accidents, H. W. Heinrich estimated that in a unit group of 330 accidents of the same kind and involving the same person, 300 result in no injuries, 29 in minor injuries, and 1 in a major lost-time injury.

These ratios apply only to the average case. The major injury may result from the very first accident or from any other accident in the group.

Underlying and causing all accidents, including those resulting in no injury or in either minor or major injury, there is an unknown number of unsafe practices or conditions, often running into the thousands.

Moral 1.—Prevent the accidents and there can be no injuries.

Moral 2.—Prevent the unsafe practices and unsafe conditions and there can be neither accidents nor injuries.



Foundation of a major injury.

The "300" shown in the lowest triangular block refers to actual accidents—such as falls, struck by, etc.—which fortunately do not result in either minor or major injury.

Uit bostaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat 98% van nywerheidsongelukke voorkombaar is.

3.3 **'n Ongeluk het nie noodwendig 'n besering tot gevolg nie.**

Ontledings het bewys dat daar, in die gemiddelde geval, vir elke ongeluk wat 'n besering tot gevolg net baie ander soortgelyke ongelukke is wat geen beserings hoegenaamd veroorsaak nie. Uit 'n oorsig van beskikbare gegewens met betrekking tot die frekwensie van potensiële beseringsongelukke is bereken dat in 'n eenheidsgroep van 330 ongelukke van dieselfde soort waarby dieselfde persoon betrokke is, 300 geen beserings nie 29 geringe beserings, en 1 'n ernstige verlore tydbesering tot gevolg gehad het.

Hierdie verhouding is slegs op die gemiddelde geval van toepassing. Die ernstige besering kan deur die heel eerste ongeluk of enige ander ongeluk in die groep veroorsaak word.

'n Grondoorsaak van alle ongelukke, met inbegrip van dié wat geen beserings óf geringe of ernstige beserings tot gevolg het, is 'n onbekende aantal onveilige gebruike of toestande wat dikwels duisende beloop.

Les. 1. Voorkom die ongelukke en daar kan geen beserings wees nie.

Les 2. Voorkom die onveilige handelinge en onveilige toestande en daar kan nóg ongelukke nog beserings wees.

Die Grondslag van 'n Ernstige Besering.

Die „300" in die onderste deel van die driehoek verwys na werklike ongelukke—soos persone wat val, deur iets getref word, ens.—wat gelukkig geen geringe of ernstige beserings veroorsaak nie.

The rectangular block at the bottom refers only to unsafe practices and conditions.

The 300-29-1 Ratio Spells Opportunity. Viewed as an aid in accident prevention, this ratio is significant because it vividly emphasises preventive opportunity.

3.4 **The severity of an accident is fortuitous.**

The severity of an injury is largely fortuitous——the occurrence of the accident that results in injury is largely preventable. Imagine a brick, falling from the second floor of a building. The brick hits a man below—the accident has occurred. The severity of the resulting injury, however, is fortuitous, it may strike him in the eye—loss of eye, or on the head—kill him, or it may only graze his little finger!

3.5 **There are four basic motives for unsafe acts.**

The four basic motives or reasons for the occurrence of unsafe acts provide a guide to the selection of appropriate corrective measures. Briefly the reasons for the unsafe acts of persons may be:

3.5.1 Improper attitude.

3.5.2 Lack of knowledge or skill.

3.5.3 Physical unsuitability.

3.5.4 Improper mechanical or physical environment.

3.6 **There are four basic methods of preventing accidents.**

The basic methods available for preventing accidents are as follows:

3.6.1 Engineering revision.

3.6.2 Education, training, persuasion and appeal.

3.6.3 Personnel selection, placement and adjustment.

3.6.4 Enforcement (discipline).

3.7 **Accident prevention is a control technique.**

Methods of most value in accident prevention are analogous with the methods required for the control of the quality, cost and quantity of production.

The control of quality and quantity of product and of the frequency and severity of accident occurrence have much in common. In many cases the same faulty practice is involved and the

Die reghoekige blok onder verwys slegs na onveilige gebruike en toestande.

Die 300-29-1 verhouding beteken „Geleentheid." Wanneer dit as 'n hulpmiddel in ongeluksvoorkoming beskou word, is hierdie verhouding betekenisvol omdat dit voorkomingsgeleentheid duidelik belemtoon.

3.4 **Die Ernstigheid van 'n Besering is Toevallig.**

Die ernstigheid van 'n besering is grotendeels toevallig—die voorkoms van die ongeluk wat 'n besering veroorsaak, is grotendeels voorkombaar. Stel u voor dat 'n steen van die tweede verdieping van 'n gebou val. Die steen tref 'n man—die ongeluk het gebeur. Die ernstigheid van die gevolglike besering is egter toevallig, dit kan hom in die oog tref—hy verloor sy oog, of op die kop—hy sterf. Of dit kan slegs 'n skrapie aan sy pinkie veroorsaak.

3.5 **Daar is Vier Basiese Motiewe vir Onveilige Handelinge.**

Die vier basiese motiewe of redes waarom onveilige handelinge voorkom dien as gids om geskikte korrektiewe maatreëls te kies. Die redes waarom persone onveilig optree kan kortliks die volgende wees:

3.5.1 Verkeerde gesindheid;

3.5.2 Gebrek aan kennis of vaardigheid;

3.5.3 Liggaamlike ongeskiktheid;

3.5.4 Foute in meganiese of fisiese omgewing.

3.6 **Daar is Vier Basiese Ongeluksvoorkomingsmetodes**

Die basiese metodes waarvolgens ongelukke voorkom kan word, is :

3.6.1 Ingenieurshersiening.

3.6.2 Onderrig, opleiding, oorreding en beroepdoening.

3.6.3 Personeelkeuring, -plasing en -aanpassing.

3.6.4 Afdwinging (Dissipline).

3.7 **Ongeluksvoorkoming is 'n Beheertegniek.**

Die waardevolste metodes van ongeluksvoorkoming is gelyksoortig aan die metodes wat benodig word vir die beheer van die hoeveelheid, gehalte en koste van produksie.

Die beheer van die hoeveelheid en gehalte van 'n produk en van die frekwensie en ernstigheid van ongeluksvoorkoms het baie in gemeen. In baie gevalle is dieselfde verkeerde gebruike

reason for existence of the fault is similar, both for accident occurrence and for unsatisfactory production.

If it is known as a result of a correct fact finding job that a particular unsafe practice is chiefly responsible for accident occurrence, it can safely be assumed that the methods best suited to correct that particular practice are identical with managerial and supervisory methods such as would be used if the practice were not unsafe but were one that resulted in impaired or high cost production.

3.8 **All echelons of management are responsible for accident prevention.**

Management has the best opportunity and ability to initiate the work of prevention, therefore it should assume the responsibility. Management has the know-how, the financial backing and the incentive to prevent accidents. Every accident occurring in a manager's department is a reflection on his ability to manage successfully.

He is legally responsible for supplying a safe environment and tools, safe methods of working, as laid down in the Factories Act, the Mines and Works Act and the Workmen's Compensaaion Act.

Morally he is bound, as he is required to maximise the company's profits, minimise the losses and see to it that the company remains in business. If he continually injures people he will have no one to work for him and only through people can he succeed.

The supervisor or foreman is a key-man in industrial accident prevention. His application of the art of supervision to the control of worker performance is the factor of greatest influence in successful accident prevention. It can be expressed and taught as a simple four-step formula.

3.8.1 Identify the problem.

3.8.2 Find and verify the reason for the existence of the problem.

3.8.3 Select the appropriate remedy.

3.8.4 Apply the remedy.

This is the framework of the structure of supervision. It applies to any and all problems. Obviously, it requires implementation which can be done without creating confusion.

4.—PREVENTION PROGRAMMES: THE EVOLUTION OF THE TOTAL LOSS CONTROL PROGRAMME.

daarby betrokke en die rede waarom die fout bestaan, is dieselfde in die geval van ongeluksvoorkoms en onbevredigende produksie.

Indien dit as gevolg van 'n feiteondersoek bekend is dat besondere onveilige gebruik hoofsaaklik die oorsaak van ongelukke is, kan aanvaar word dat die metodes wat die geskikste is om dié besondere gebruik reg te stel dieselfde is as die bestuurs- en toesigmetodes wat aangewend sou word as die gebruik nie onveilig was nie, maar produksie benadeel het of tot hoë produksiekoste gelei het.

3.8 **Alle bestuursvlakke is Verantwoordelik vir Ongeluksvoorkoming.**

Bestuur beskik oor die beste geleenthede en vermoë om voorkomingswerk aan die gang te sit, dus moet hulle verantwoordelikheid aanvaar. Bestuur het die kennis, die finansiële steun en die aansporing om ongelukke te voorkom.

Elke ongeluk wat in 'n bestuurder se afdeling voorkom is 'n beskuldiging teen sy vermoë om suksesvol te bestuur.

Hy is volgens wet verantwoordelik vir die voorsiening van 'n veilige omgewing en gereedskap en veilige werkmetodes soos deur die Fabriekswet, die Wet op Myne en Bedrywe en die Ongevallewet bepaal.

Hy is ook onder 'n morele verpligting, aangesien- van hom verwag word om die maatskappy se winste tot die maksimum op te skuif, die verliese tot die minimum te beperk en te sorg dat die maatskappy aan die gang bly. As deur sy toedoen mense gedurig beseer word sal daar niemend wees om vir hom te werk nie en sy sukses hang van mense af.

Die toesighouer of voorman is 'n sleutelfiguur in nywerheidsongeluksvoorkoming. Sy toepassing van die kuns van toesighouding op die beheer van werkverrigting is die belangrikste faktor in geslaagde ongeluksvoorkoming. Dit kan in 'n eenvoudige vierdelige formule uitgedruk en geleer word.

3.8.1 Identifiseer die probleem.

3.8.2 Vind en kontroleer die rede vir die bestaan van die probleem.

3.8.3 Kies die toepaslike oplossing.

3.8.4 Pas die oplossing toe.

Dit is die raamwerk van die toesigstruktuur. Dit is van toepassing op enige en alle probleme. Dit moet natuurlik moontlik wees om dit uit te voer sonder dat verwarring geskep word.

4.—VOORKOMINGPROGRAMME — DIE EVOLUSIE VAN DIE TOTALE VERLIESBEHEERPROGRAM.

The objective of any prevention programme and especially of the modern total loss control programme is efficient production and greater profit. This is achieved by developing steps in a programme to reduce or eliminate those incidents which downgrade the system i.e. accidents.

Total Loss Control is defined by John A. Fletcher in his book "The Industrial Environment" as: "a concept that the best way to avoid accidents is to reduce or eliminate the breakdown in administrative" processes which cause them or that it is an evolution from injury prevention to the control of all business losses by the application of sound management principles."

Evolution of Total Loss Control.

4.1 **Injury prevention.**

An injury prevention programme is concerned with the humanitarian aspects of employee safety. The programme is primarily designed to protect workers from personal injury while at work and to reduce the cost of workmen's compensation.

4.2 **Damage Control.**

The next step in the evolution came with the introduction of the concept of Damage Control, which included both injury and property damage accidents. The philosophy behind this type of programme was that accidents that resulted in damage to facilities, equipment and materials had the same basic causes as those that resulted in personal injury. The programme is thus designed to prevent all accidents which result in injury and/or damage to facilities, equipment or material.

4.3 **Total Loss Control.**

The concept of damage control was expanded when industrial managements recognised that the prevention programme must be designed to eliminate all sources of business interruption. This gave rise to the Total Loss Control Programme as we know it today, and which introduces control measures to take care of personal injury, damage to property, fire, explosion, theft, industrial security, pollution, industrial sickness or disease and product defect.

The various prevention programmes in the Total Control evolution is illustrated below:

Die doel van enige voorkomingsprogram en spesifiek van die moderne totale verliesbeheerprogram is doeltreffende produksie en verhoogde winste. Dit word verkry deur die ontwikkeling van stappe in 'n program ten einde insidente soos ongelukke wat die skema affekteer te verminder of te elimineer.

Totale Verliesbeheer word gedefiniëer deur John A. Fletcher in sy boek „The Industrial Environment" as 'n beskouing dat „die beste manier om ongelukke te verhoed, is om die bedryfsteurings van administratiewe prosesse te verminder of te elimineer"; of dat dit „'n evolusie is vanaf beseringsbestyding tot die kontrolering van alle besigheidsverliese deur die toepassing van gesonde bestuursbeginsels."

Evolusie van Totale Verliesbeheer.

4.1 **Beseringsvoorkoming.**

'n Beseringsvoorkomingsprogram is gemik op die humanitêre aspekte van werkersveiligheid. Die program is hoofsaaklik gemik om werkers in die werksituasie teen persoonlike besering te beskerm en om die koste van Ongevalleversekering te verminder.

4.2 **Skadebeheer.**

Die volgende stap in die evolusie was die Skadebeheerprogram wat beheer uitoefen oor beide beserings- en eiendombeskadigingsongelukke. Die filosofie hieraan verbonde is dat ongelukke, wat beskadiging van fasiliteite, toerusting en materiaal tot gevolg het, dieselfde basiese oorsake het as dié wat persoonlike besering tot gevolg het. Die program is dus ontwerp om alle ongelukke te voorkom wat besering en/of beskadiging van fasiliteite, toerusting of materiaal tot gevolg het.

4.3 **Totale Verliesbeheer.**

Die idee van skadebeheer is uitgebrei toe nywerheidsowerhede besef het dat 'n voorkomingsprogram ontwerp moet word om alle oorsake van besigheidsonderbrekings uit te skakel. Dit het aanleiding gegee tot die moderne Totale Verliesbeheerprogram wat maatreëls instel vir die beheer van beserings, beskadiging van eiendom, vuur ontploffing, diefstal industriële sekuriteit, besoedeling, industriële siektes en produk defekte.

Die verskillende program in die totale Verlieskontrole evolusie word hieronder geïllustreer:



It is a matter for concern that the majority of industrial managements in the Republic are at this time still mainly concerned with injury prevention. However, some of our major companies and one or two local authorities have taken the initial steps towards introducing prevention programmes schooled on the Total Loss concept.

Die Evolusie van die Totale Verliesbeheerprogram

Dit is onrusbarend dat die meerderheid van nywerhede in die Republiek nog nie verder as die beseringsvoorkomingsprogram gevorder het nie. Tog is daar sekere van ons groter maatskappye en een of twee plaaslike owerhede wat reeds die eerste stappe geneem het om voorkomingsprogramme geskoei op die Totalebeheerbeginsel in werking te stel.

5.—EVALUATION OF THE CONTROL PROGRAMME.

Two yardsticks are used in the Republic to

5.—EVALUASIE VAN 'N BEHEERPROGRAM.

In die Republiek word twee maatstawwe gebruik

evaluate the effectiveness of an accident prevention programme. These are:

* Statistical evaluation; and
* Physical evaluation.

5.1 **Standards of measurement.**

Safety performance is relative. Only when a firm compares its injury experience with that of similar firms, or with that of the category of industry of which it forms a part, or even with its own previous experience can it derive a meaningful evaluation of its accident prevention accomplishments.

To facilitate the making of the aforementioned comparisons the need for a standardised method of measurement was felt and ultimately the following two commonly used rates of measurement were formulated :—

* Injury frequency rate.
* Severity rate.

5.1.1 **Injury frequency rate.**

The injury frequency rate relates the number of lost-time injuries to the number of man-hours worked by any given firm during any given period and expresses this in terms of a million-hour exposure unit.

Formula:

$$\text{Injury frequency rate} = \frac{\text{Number of lost-time injuries} \times 10^6}{\text{Number of man-hours worked}}$$

5.1.2 **Severity rate**

The disabling injury severity rate relates the number of days charged to the man-hours worked during any period and expresses it in terms of a million-hour exposure unit:

Formula:

$$\text{Severity rate} = \frac{\text{Number of days lost} \times 10^6}{\text{Number o fman-hours worked}}$$

5.2 **Physical evaluation.**

South Africa is probably the only country in the world where the physical effort which management puts into its accident prevention programme is quantified in terms of certain specific objectives. These objectives are set for each firm

om die doeltreffendheid van 'n ongeluksvoorkomingprogram te evalueer. Hulle is :

* Statistiese evaluasie; en
* Fisiese evaluasie.

5.1 **Statistiese Evaluasie — Metingsstandaarde.**

Veiligheidservaring is relatief. Slegs wanneer 'n firma sy ongeluksondervinding vergelyk met dié van soortgelyke firmas, of met dié van die nywerheidsklas waarvan dit deel vorm of selfs met sy eie vorige ervaring, kan 'n betekenisvolle evaluasie gemaak word van sy eie prestasie op die gebied van ongeluksvoorkoming.

Om bogenoemde vergelykings te vergemaklik, was dit nodig om 'n gestandaardiseerde metingsmetode te hê en het gelei tot die formulering van die volgende twee algemeen gebruikte metingstandaarde :

* Beseringsfrekwensiekoers
* Hewigheidskoers

5.1.1 **Beseringsfrekwensiekoers.**

Definisie:

Die beseringsfrekwensiekoers bring die aantal verlore-tyd-beserings en die aantal manure wat 'n firma gedurende 'n gegewe tyd werk in verband met mekaar en druk dit uit in terme van 'n miljoen-uur-blootstellingseenheid.

Formule :

$$\text{Beseringsfrekwensiekoers} = \frac{\text{Aantal tydverliesbeserings} \times 10^6}{\text{Aantal man-ure gewerk}}$$

5.1.2 **Hewigheidskoers.**

Die hewigheidskoers vir ongeskiktheidsbeserings bring die aantal mandae verloor as gevolg van die ongeluk in verhouding met die man-ure gewerk gedurende enige periode en druk dit uit in terme van 'n miljoen-ureblootstellingseenheid.

Formule :

$$\text{Hewigheidskoers} = \frac{\text{Aantal dae verloor} \times 10^6}{\text{Aantal man-ure gewerk}}$$

5.2 **Fisiese Evaluasie.**

Suid-Afrika is waarskynlik die enigste land in die wêreld waar die fisiese poging wat bestuur aanwend ten opsigte van sy ongeluksvoorkomingsprogram gemeet word in terme van sekere spesifieke oogmerke. Hierdie oogmerke word deur

by NOSA's technical staff using the criterion:

"How much more could management reasonably be expected to do within the specific plant taking cognisance of the materials, the methods, the men and the money available to the plant."

The evaluation ,called profiling, serves three purposes:

5.2.1 To determine what is being done in the organisation;

5.2.2 To determine how well it is being done; and

5.2.3 To draw up an action plan indicating what needs to be done.

The action plan should contain both short and long term objectives, assign responsibilities, delegate authority and be reviewed at frequent intervals.

NOSA has designed a profile chart for the purpose of assisting managements to introduce and for the subsequent evaluation of a total loss control programme. The profile chart is given in Annexure A.

6.—ACCIDENT PREVENTION BODIES.

In the Republic the two principal bodies concerning themselves with the promotion of accident prevention in industry are:

6.1 The Prevention of Accidents Committee of the South African Chamber of Mines. This committee confines its work to the mining industry and specifically to those mines which are members of the Chamber.

The Prevention of Accidents Committee is made up of representatives of the Chamber of Mines; the mining and financial corporations that are members of the Chamber; the Association of Mine Managers; the Colliery Managers' Association; the Association of Mine Medical Officers; the industry's insurance organisation and government departments of Mines, Labour, Public Health and Bantu Administration.

The committee seeks to outlaw accidents by:

* Helping to organise safety campaigns on individual mines;
* Stimulating and maintaining general interest in safety measures;
* Investigating and promoting ideas and devices for preventing accidents;
* Seeking methods to improve the general health and welfare of workers;

NOSA se tegniese personeel vir elke firma gestel en word gebruik gemaak van die volgende kriterium:

As soon as possible, earth leakage relays should be fitted to the complete fixed electrical installation, on distribution boards, as required. Until such time as this is done, portable earth leakage relays must be used with portable electrical equipment. The testing of earth leakage devices should be carried out at regular intervals and recorded in the Earth Leakage Relay Register.

2.23 **General Electrical Installation.**

No temporary wiring must be allowed to become permanent. Socket outlets must be correctly connected. All switches must work in the approved up and down positions.

2.30 **Hand Tools—Condition, Storage, Use.**

The control of hand tools should be part of every safety programme and should be the responsibility of every Superintendent or Foreman (specially privately owned tools.)
Guidelines:
Monthly inspections of all hand tools such as hammers, chisels, spanners, blowlamps, pliers, screwdrivers, etc., should be carried out by the responsible person and recorded in the Hand Tools Register.
All drills in equipment stores should be stored in specially made racks to improve control.
All special tools in equipment store should be attached to special tool boards, with the shape of each tool outlined in coloured paint, to maintain effective control.

2.40 **Protective equipment.**

2.41 **Hard Hats.**

Where required because of hazards, hard hats must be issued, using different colours for different sections or types of operation. All harnesses must be checked regularly.

2.42 **Eye Protection.**

Generally speaking, in all operations where one metal hand tool strikes against another, where equipment or material is struck by a metal hand tool or where the cutting action of a tool causes particles to fly, grinding and lathe work, eye protection is needed by the user of the tool and by other workmen who may be exposed to flying particles.
Goggles or face shields should be worn when wood working or cutting tools, such as chisels, braces and bits, planes, scrapers and saws are used headhigh or overhead, with the chance of particles falling or flying into eyes.

2.22 **Beskerming teen aardlekkasie.**

Aardlekkasietoestelle moet volgens voorskrifte so spoedig doenlik aangebring word aan alle distribusieborde van permanente elektriese installasies. In die tussentyd moet draagbare lekkasietoestelle saam met draagbare elektriese gereedskap gebruik word.
Gereelde toetsing van aardlekkasietoestelle moet uitgevoer en aangeteken word in die Aardlekkasieregister.

2.23 **Elektriese installasies oor die algemeen.**

Geen bedrading wat tydelik aangebring is mag toegelaat word om permanent in gebruik te bly Nie. Muurproppe behoort korrek bedraad te wees. Skakelaars behoort in die aanvaarde "op" en "af" posisies te funksioneer.

2.30 **Handgereedskap.**

2.31 **Toestand, berging en gebruik.**

Beheer oor handgereedskap moet deel wees van enige veiligheidsprogram. Dit behoort die verantwoordelikheid te wees van elke voorman en toesighouer (veral „privaat" gereedskap).
Riglyne:
Maandelikse inspeksies van alle handgereedskap soos hamers, beitels, sleutels, blaaslampe, tange, skroewedraaiers ens. moet deur die verantwoordelike persoon gedoen en aangeteken word in die Handgereedskapregister.
Alle bore in toerustingstore moet in spesiale rakke gebêre word om kontrole te verbeter.
Alle spesiale gereedskap in store moet op spesiale gereedskapsborde gebêre word, met die vorm van elke stuk gereedskap aangebring met gekleurde verf vir effektiewe kontrole.

2.40 **Beskermde Toerusting.**

2.41 **Hardehoede.**

Waar benodig a.g.v. gevaar moet hardehoede voorsien word, met verskillende kleure vir verskillends seksies. Alle hoede moet gereeld nagegaan word.

2.42 **Oogbeskerming.**

Oor die algemeen, waar toerusting of materiaal met metaalhandgereedskap geslaan word, of waar die sny daarvan kan veroorsaak dat klein gedeeltes wegskram soos bv. by slyp -en draaibankwerk, is oogbeskerming onontbeerlik vir die gebruiker van die gereedskap sowel as vir ander persone wat daaraan blootgestel mag wees.
Stofbrille of gesigskerms behoort gebruik te word wanneer daar bo die kop of op skouerhoogte met hout of snymasjiene soos bv. beitels, omslagbore, skaafmasjiene, skuurders en sae gewerk word en daar gevaar is dat voorwerpe in die oë kan beland.

Special provision should be made for those workers who have to wear prescription lenses.
Guidelines:
Rubber gloves and a hard hat with large face mask attached may be provided in sub-stations as standard equipment to be used during all switching operations. Bilingual notices requiring the use of eye protection must be attached to all grinders.

2.43 **Foot Protection.**

Foot protection, in the form of approved safety boots, must be issued to all personnel where required by the type of operation. Periodic inspections should be made by Superintendents or Foremen.

2.44 **Protective Clothing.**

Loose, tattered clothing worn by personnel working and moving machinery creates a real hazard. Electricians are issued with two garment overalls as added protection of the chest in the event of electrical flashes. (No zip fasteners should be permitted.) Regular inspections of the condition and cleanliness of the overalls should be carried out by Superintendents or Foremen.

2.45 **Breathing apparatus.**

The correct types of apparatus to suit the job in hand should be supplied and used e.g. a dust respirator is useless for spray-painting operations. Fixed breathing apparatus should be installed wherever required by the situation.
Where necessary, breathing apparatus and a lifeline should be provided to pull a man out of a CO2 filled room.

2.46 **Maintenance.**

Supervisory staff should be held responsible for checking protective equipment on a regularised basis and provision should be made to replace or repair damaged equipment.

2.50 **Notices—Electrical, Mechanical, Protective Equipment, etc.**

Bilingual notices complying with the relevant statutory requirements must be displayed e.g. electricity, fire and protective equipment.
Guidelines:
The size in square metres of all workshops, workshop offices, staff, toilets, staff rooms, etc., must be fixed in prominent positions.
Bilingual notices, as required by statute, must be displayed in or on all sub-station premises.
Careful checks should be made to ensure that the wording is explicit and the translations

Voorsiening behoort ook gemaak te word vir werkers wat 'n voorskrewe bril dra.
Riglyne:
Rubberhandskoene en 'n hardehoed met groot gesigsmasker aangeheg kan voorsien word in sub-stasies as standaarduitrusting om gebruik te word gedurende alle skakelingswerk. Tweetalige kennisgewings aangaande die gebruik van oogbeskerming moet aan alle slypmasjiene aangebring word.

2.43 **Voetbeskerming.**

Voetbeskerming, in die vorm van veiligheidstewels moet aan alle personeel voorsien word indien noodsaaklik vir die werksituasie. Periodieke inspeksies behoort uitgevoer te word deur Superintendente en Voormanne.

2.44 **Beskermende Kleredrag.**

'n Groot ongeluksgevaar word geskep deur werknemers wat met los, geskeurde klere tussen bewegende masjienerie werk. Elektrisiëns word voorsien van twee oorpakke vir addisionele beskerming van die bors in die geval van elektriese flitse. (Geen ritsluiters behoort toegelaat te word nie.) Gereelde inspeksies van die toestand en sindelikheid van die oorpakke moet uitgevoer word deur die superintendente of voormanne.

2.45 **Asemhalingsapparaat.**

Geskikte asemhalingsapparaat vir spesifieke werk behoort voorsien en gebruik te word. 'n Stofmasker is byvoorbeeld nutteloos wanneer met spuitverf gewerk word. Permanente asemhalingsapparaat behoort geïnstalleer te word waar die situasie dit noodsaak.
Waar nodig, behoort asemhalingsapparaat en 'n veiligheidslyn vir die redding van 'n persoon uit 'n CO^2-gevulde kamer aangebring te word.

2.46 **Instandhouding.**

Toesighoudende personeel behoort verantwoordelik gemaak te word vir die gereëlde ondersoek van beskermde toerusting en beskadigde toerusting moet onverwyld vervang of herstel word.

2.50 **Kennisgewings: Elektries, Meganies, Beskermende Toerusting,, ens.**

Tweetalige kennisgewings ooreenkomstig betrokke statutêre vereistes moet vertoon word i.v.m. elektrisiteit, brand en die gebruik van beskermende toerusting.
Riglyne:
Die grootte in vierkante meters van alle werkswinkels, werkswinkelkantore, personeel toiletgeriewe, personeelkamers ens. behoort in prominente posisies aangebring te word.
Tweetalige kennisgewings, ooreenkomstig statutêre vereistes, moet vertoon word op alle sub-

correct.
Where considered advisable, trilingual notices should be displayed.
All other factory regulations, as required by statute, must be displayed in the required positions.
The statutory notices for the operation of grinders must be displayed wherever necessary.
The use of safety notices or slogans, fixed in carefully chosen positions, should be encouraged. (The painted scrap bins can also be used for this purpose.

3.00 FIRE PROTECTION AND PREVENTION.

3.01 **Correct types of Extinguishers.**

Listed below are the types of fires against which specific extinguishers can be used:

Type	Example	Use
Water, streams gas propelled	Soda Acid	Wood and Paper
Wetting agents or foams	Foam type	Wood and Oil
Inert Gas	CO^2	Oil and Electric
Chemical powder	Chemical powder	Oil and Electric

Carbon Tetrachloride extinguishers must not be used. Extinguishers should be placed close to likely fire hazards but not so close as to be damaged or cut off from use by fire. They should be located along the normal path of egress from the building and if inflammable material is stored in small rooms or in closed spaces, extinguishers should be located outside the doors and never inside where they might become inaccessible.

3.02 **Extinguishers Accessible—Areas Demarcated and Clear.**

Fire extinguishers must not be blocked or hidden by stock, materials, or machines, but should be placed or hung where they will not be damaged by trucks, cranes and harmful operations or corroded by chemical processes and where they will not obstruct aisles or injure passers by. A yellow demarcated NO-PARKING AREA under each extinguisher should be provided to ensure that it is kept accessible.

3.03 **Locations Marked.**

Each extinguisher should be located in a con-

stasie persele. Dit moet noukeurig nagegaan word om te verseker dat die bewoording duidelik en die vertalings korrek is.
Waar nodig geag behoort die kennisgewings in drie tale te verskyn.
Alle ander fabrieksregulasies, volgens statutêre vereistes, moet vertoon word in die plekke waar dit vereis word.
Die statutêre kennisgewings vir die gebruik van slypmasjiene moet in die vereiste plekke aangebring word.
Die gebruik van veiligheidskennisgewings of slagspreuke, geplaas in strategiese posisies, behoort aangemoedig te word. (Die geverfde afvalblikke kan ook hiervoor gebruik word).

3.00 BRANDVOORKOMING EN BESKERMING.

3.01 **Geskikte Brandblussers.**

Hieronder volg 'n lys van die verskillende brandblussers en die tipes vuur waaroor dit gebruik kan word.

Tipe blusser	Voorbeeld	Tipe Brand
Water onder druk (gas)	Soda-suur	Hout en papier
Benattingsmiddels of skuim	Skuim tipe	Hout en Olie
Onaktiewe gas	CO^2	Olie en Elektriese brande
Droë chemiese poeier	Chemiese poeier	Olie en Elektriese brande

Koolstoftetrachloriedbrandblussers moet nie geword nie. Brandblussers behoort naby moontlike brandgevare aangebring te wees maar nie so naby dat hulle beskadig of deur die vuur afgesny kan word nie. Hulle behoort by die uitgange van geboue aangebring te word. Waar Vlambare materiaal in kamers of in toe plekke geberg word moet die brandblussers aan die buitekant geleë wees—nooit binnekant waar hulle buite bereik is nie.

3.02 **Areas voor Brandblussers afgemerk en skoon.**

Brandblussers moet nie versper of deur voorrade of masjinerie weggesteek wees nie. Hulle behoort op plekke aangebring te word waar hulle nie deur trokke, hyskrane of skadelike prosesse beskadig kan word nie of waar hulle deur chemiese prosesse kan verroes, of waar hulle gange sal versper of verbygangers mag beseer nie. 'n „Geen Parkering" gebied, direk onder elke brandblusser d.m.v. geel strepe afgemerk, sal bydra om blussers altyd bereikbaar te hou.

3.03 **Ligging aangedui.**

Elke brandblusser moet op 'n ooglopende plek

spicuous place and if it is hung on a large column or post a distinguishing red band should be painted around the post and an arrow fixed on the wall above the extinguished. Large signs should be posted, directing attention to extinguishers which are not conspicuously located. Extinguishers should never be painted in colours which will camouflage them.

3.04 **Maintenance of Equipment.**

The responsibility of maintaining and inspecting fire equipment on a scheduled basis, must be established. There should be a systematic plan for checking and repairing various types of extinguishers and records should be kept of this in the Fire Extinguisher Register.
Records of maintenance and inspection should be written on a card fastened to the extinguisher, giving dates of inspection, recharge or repair. Soda Acid and foam fire extinguishers require annual recharging.

3.05 **Storage of Inflammable Materials.**

Inflammable material should be stored in specific areas specially designed for the purpose and complying with all regulations. Inflammable liquids with flash points below 200°F e.g. petrol, paraffin and diesel fuel should be stored in a non-combustible room with a raised threshold across the door to contain the contents of bursting drums. All electrical fittings in such a room should be flameproof. Cotton waste and other cleaning materials should be kept in metal containers with close fitting lids.

3.06 **Signs to Exits, Stairs—Alarm System.**

Signs to emergency exits and stairs should be clearly marked and a definite alarm system understood by all staff should be introduced. The telephone numbers of the local fire brigade, ambulance, police and the management should be prominently displayed at strategic telephones.

3.07 **Fire fighting Drill and Instructions on Fire Extinguishers.**

A fire fighting team carrying out a periodical drill at regular or unexpected intervals should be introduced, because without a planned approach, the equipment is useless in an emergency.
Guidelines:
All electricians should be trained in the use of

aangebring word. As dit aan 'n paal hang moet 'n waarneembare rooi streep om die paal geverf word; of 'n rooi pyl kan teen die muur bokant die brandblusser geverf word.
Groot kennisgewings moet aangebring word om brandblussers aan te dui wat nie op ooglopende plekke is nie. Brandblussers moet nooit 'n kleur geverf word wat hulle onherkenbaar sal maak nie.

3.04 **Instandhouding van Toerusting.**

Spesifieke persone in elke werkplek behoort verantwoordelik gemaak te word om brandbestrydingstoerusting in stand te hou en te ondersoek.
Ondersoek en herstel van die verskillende tipes brandblussers behoort op 'n sistematiese manier gedoen te word.
Aantekeninge van instandhouding en ondersoeke word gewoonlik op 'n kaart aangebring, wat aan die brandblusser vas is. Hierop verskyn die datums van inspeksies, hervullings of herstelwerk. Hou in gedagte dat Soda-suur en skuimtipe brandblussers jaarliks hervul moet word.

3.05 **Berging van Vlambare stowwe.**

Alle vlambare stowwe behoort in spesifieke ruimtes wat spesiaal vir die doel ontwerp is, geberg te word. Hierdie ruimtes moet voldoen aan die vereistes van die betrokke munisipale regulasies.
In die algemeen behoort vlambare stowwe met 'n ontvlammingspunt laer as 200°F, bv. petrol, paraffien, en diesel brandstof, geberg te word in 'n brandvaste kamer met 'n verhoogde drumpel voor die deur om te verhinder dat die inhoud van vanuit gebarste dromme na buite vloei. Elektriese toebehore behoort van die vlamdigte tipe te wees. Katoenafval en ander skoonmaakstowwe behoort in metaalhouers met digte deksels gehou te word.

3.06 **Wegwysers na Uitgange en Trappe—Alarmstelsel.**

Wegwysers na nooduigange en trappe behoort duidelik te wees. 'n Alarmstelsel wat deur alle werkers verstaan word, behoort ingestel te word. Die telefoonnommers van die plaaslike brandweer, polisie en bestuur van die firma behoort by alle telefone duidelik aangebring te word.

3.07 **Brandbestrydingsoefeninge en Gebruiksaanwysings op Brandblussers.**

'n Brandbestrydingspan wat op gereelde of onbeplande tye oefeninge uitvoer behoort ingestel te word. Sonder beplanning en oefening is brandbestrydingsapparaat waardeloos in 'n noodgeval.
Riglyne:

fire extinguishers, with regular refresher courses at six monthly intervals.
Each fire extinguisher should have its own history card.
The preparation of a colour drawing and code to indicate readily the position of fire extinguishers should be considered.

4.00 ACCIDENT RECORDING AND INVESTIGATION.

4.10 **Records.**

4.11 **Adequate Accident Recording—Register and Dressing Book.**

An accident register of all lost time injuries and those which require Workmen's Compensation Ac claim forms to be submitted must be kept. A description of the accident and its causes is essential and it is imperative to report the date when an injured person resumed duty.
First Aid dressings should be recorded in a Dressing Book as the wound may turn septic at some future date and it is important to have a record of the treatment received. The Statutory Register of all accidents must be kept and where required, accidents reported to the Inspector of Machinery by the Personnel Department.

4.12 **Internal Accident Report Forms—Signed by Supervisory Staff.**

This document is probably the most important in any accident prevention programme because, through this document, safety control methods can be applied. An Internal Report Form should be completed whenever a man requires First Aid and the onus is then placed on the shoulders of the Superintendent or Foreman who must suggest ways of preventing reoccurrence of the particular accident. This form should find its way, without delay, to top managerial levels where it can be determined whether the action taken by the Superintendent or Foreman was sufficient and whether the process, the machinery or the material involved can be modified to prevent recurrence of the accident.
Guidelines:
Some organisations require Internal Report Forms to be filled in by injured persons.
Consideration should be given to the introduction of an injury index card system with a card introduced for a person when he suffers his first injury.
A copy of completed Internal Report Form should reach Heads of Departments and top management within 48 hours with full details of investigation and action proposed.

Alle elektrisiëns moet opgelei word in die gebruik van brandblussers, met ses-maandelikse vervrissingskursusse.
Elke brandblusser moet sy eie geskeideniskaart hê.
Die voorbereiding van 'n skets en kode in kleur, om maklik die posisies van brandblussers aan te dui, behoort oorweeg te word.

4.00 ONGELUKSVERSLAGGEWING EN -ONDERSOEKE.

4.10 **Verslae.**

4.11 **Volledige notering van ongevalle (ongeluks -en verbandregister).**

Alle verlore-tyd ongevalle en ander wat lei tot Ongevallefondseise behoort in 'n register aangeteken te word. 'n Beskrywing van die ongeluk en die oorsaak is van groot waarde, en die datum waarop die beseerde weer begin werk het, is noodsaaklik. Noodhulpbehandeling behoort in 'n verbandregister aangeteken te word. 'n Wond mag later septies word en dit is belangrik om 'n rekord van die behandeling te hou. Die Statutêre Register moet van gebruik gemaak word en waar nodig, moet ongelukke aan die Inspekteur van Masjinerie deur die Personeel Departement aangemeld word.

4.12 **Interne Ongeluksverslagvorm, deur Toesighoudende personeel voltooi.**

Hierdie is waarskynlik die belangrikste dokument in enige ongeluksvoorkomingsprogram. Deur middel van hierdie verslagvorm is dit maklik om beheer oor die veiligheidstoestand uit te oefen. 'n Ongeluksverslagvorm behoort voltooi te word selfs wanneer slegs eerstehulp-behandeling nodig is. Die verpligting rus dan by die voorman om voorstelle te maak ter voorkoming van 'n herhaling van 'n betrokke ongeluk.
Die interne ongeluksverslagsvorm behoort die hoofbestuurder te bereik. Bestuur kan dan besluit of die stappe wat geneem is om 'n soortgelyke ongeluk te voorkom voldoende is, en of die proses, masjinerie of die grondstowwe wat hanteer word nie dalk gewysig moet word om die werk veiliger te maak nie.
Riglyne:
Sommige organisasies verlang van die beseerde persoon om 'n Interne Ongeluksverslagvorm in te vul.
Oorweging moet geskenk word aan die instelling van 'n beseringsindekskaartsisteem, waar 'n persoon se besonderhede op 'n kaart aangebring word met sy eerste besering.
'n Afskrif van voltooide Interne Verslagvorm behoort die hoofde van departemente binne 48 uur, met volledige besonderhede van die ondersoek en beplande optrede, te bereik.

4.13 **Accident Statistics—to be kept in Accessible Place and submitted to National Occupational Safety Association.**

Safety is a management technique and the manager of any organisation should know exactly how his programme is progressing. To compare the number of injuries experienced by any organisation during a particular period with those for a like period in the past, or with those of other organisations, the injury statistics for any exposure period is brought to the common standard of one million man-hour exposure.

The Frequency Rate is thus the number of lost time injuries per one million man-hours worked or:

$$\text{F.R.} = \frac{\text{Number lost-time injuries} \times 1\,000\,000}{\text{Man-hours worked}}$$

The definition of a lost-time injury is: — "Any injury, including occupational diseases, which arises out of and in the course of employment and renders the injured person unable to carry on his normal activities on the following Tuesday, it is not a lost-time injury. However, if he returns on the Wednesday, or later, it is a lost-time injury."

The injury figures should be expressed progressively in graph form so that management is able to see the latest Frequency Rate and say the Severity Rate of the Organisation at a glance.

Guidelines:

Statistics of all types of injuries should be maintained to indicate at a glance areas of hazard.

Injury statistics graphs should be displayed prominently in the top management offices of all departments and kept up to date.

Moving annual total graphs should be prepared and kept up to date.

4.13 **Voldoende Ongelukstatistiek byderhand en ook aan NOSA voorsien.**

Veiligheid is 'n bestuurstegniek en die bestuurder van enige werkplek behoort presies te weet hoe sy program vorder. Om die aantal ongelukke gedurende 'n besondere tydperk met die van 'n soortgelyke tydperk in die verlede te vergelyk of met die van ander plekke, word die aantal ongelukke vir 'n gegewe tydperk uitgedruk ooreenkomstig 'n algemene standaard naamlik blootstelling gedurende een miljoen man-ure. Die ongeluksfrekwensiesyfer is dus die aantal verlore-tyd ongelukke per miljoen man-ure gewerk of:

$$\text{FS} = \frac{\text{Aantal verlore-tyd ongelukke} \times 1\,000\,000}{\text{Man-werkure}}$$

Die definisie van 'n verlore-tyd besering is: „Enige besering, insluitende beroepsiektes, wat gedurende en as gevolg van diens ontstaan en veroorsaak dat die beseerde tydens een of meer skofte, behalwe dié skof waarop die besering opgedoen is, nie geskik is om sy **gewone bedrywighede** voort te sit nie. As iemand bv. op Maandag om 10 vm. beseer is en hy bly vir die res van die dag van die werk af weg, maar kom die volgende dag, Dinsdag, terug om sy **gewone bedrywighede** voort te sit, dan is dit **Nie** 'n velore-tydbesering nie. As hy Woensdag of later terugkeer, is dit wel 'n verlore-tydbesering.

NOTA.—Indien die beseerde Gedeeltelik Permanent Ongeskik is vir werk soos bv. die afsny van 'n vingerpunt waar die been beskadig is, word die besering as 'n verlore-tydbesering beskou, nieteenstaande die feit dat daar nie 'n volle skof veloor is nie.

Indien grafies voorgestel is dit verkieslik om die syfers progressief aan te toon sodat bestuur met 'n oogopslag die jongste frekwensie-syfer kan sien.

Riglyne:

Statistiek van alle soorte beserings behoort gehou te word, om aan te dui waar ongelukgevare lê.

Beseringstatistiekgrafieke behoort ooglopend vertoon te word in die Hoofbestuurskantore van alle departemente, en moet op datum gehou word.

Grafieke wat jaartotale aandui moet voorberei word en op datum gehou word.

5.00 SAFETY ORGANISATION.

5.10 **Safety Personnel.**

5.11 **One person made Responsible in Writing for Safety Co-ordination by Management — Safety Officer.**

5.00 VEILIGHEIDORGANISASIE.

5.10 **Veiligheidspersoneel.**

5.11 Een persoon deur bestuur skriftelik verantwoordelik gemaak vir veiligheidsorganisasie, bv. Veiligheidsbeampte.

The Safety Officer or person appointed must be responsible for all aspects of safety co-ordination by management.
Guidelines:
Responsible for immediate investigation of all injuries and accidents.
Responsible for the keeping of all injury statistics.
Responsible for circulation of all Injury Report Forms and Injury Investigation Reports.
Responsible for the preparation and maintenance of injury statistics graphs.
Responsible for the co-ordination of safety poster programme.
Advising and checking on all departmental safety boards, whether fixed or portable.
Responsible for arranging and co-ordinating all Housekeeping and Plant Inspections.
Responsible for arranging and co-ordinating all interdepartmental safety competitions.
Adviser and/or member of Safety Committees.
Responsible for Agendae and Minutes of the of the Central Safety Committee.
Responsible for planning and arranging safety instruction in all Induction Training Programmes.
Responsible for assessing and advising in the implementation of the organisation's Management Safety Policy.

5.12 **Appointment and Acceptance of Appointment in terms of Regulation C7.2 (a) and (b) of the Factories, Machinery and Building Work Act.**...

All supervisory staff down to Charge Hand level should be appointed to be responsible for safety by delegation of this responsibility in writing on the prescribed NOSA or similar form.
Guidelines:
The form should be completed, in duplicate, one copy for the supervisor and the other copy for the management's records.
Recommended that these forms be re-issued annually.

5.13 **European Safety Committee.**

The Safety Committee is essential for obtaining joint consultation on the common ground of safety. The Committee should have status and it's members should be formally appointed by management.
Guidelines:
Minutes of Safety Committee meetings circulated to as many employees as possible.
Safety Committee should have it's primary objectives set out in it's Terms of Reference and each Committee should have a specific object for

Die Veiligheidsbeampte of ander aangestelde persoon, moet verantwoordelik wees vir alle aspekte van veiligheidsorganisasie.
Riglyne:
Verantwoordelik vir onmiddellike ondersoek van alle ongelukke en beserings.
Verantwoordelik vir die hou van beseringstatistieke.
Verantwoordelik vir sirkulasie van alle beseringsverslagvorms en beseringsondersoekvorms.
Verantwoordelik vir die voorbereiding en beheer van ongelukstatistiekgrafieke.
Verantwoordelik vir die organisering van Veiligheidsplakkaatprogram.
Advisering en nagaan van alle departementele veiligheidsborde, permanent of skuifbaar.
Verantwoordelik vir die organisering en koördinering van alle huishoudings en -fakrieksinspeksies.
Verantwoordelik vir die organisering en koördinering van alle interdepartementele veiligheidskompetisies.
Raadgewend en/of lid van veiligheidskomitees.
Verantwoordelik vir Agendas en Notules van die sentrale Veiligheidskomitee.
Verantwoordelik vir beplanning en organisering van veiligheidsinstruksie in alle indiensnemingsopleidingsprogramme.
Verantwoordelik vir advies en hulp met die implementering van die Bestuursveiligheidsbeleid.

5.12 **Aanstelling en aanvaarding ingevolge regulasie C7.2 (a) en (b) van die Fabrieks-, Masjinerie en -Bou Arbeidswet.**

Alle toesighoudende personeel insluitende ondervoormanne behoort verantwoordelik gemaak te word vir veiligheid, deur uitdruklik die verantwoordelikheid te delegeer en daar kan van die voorgeskrewe NOSA vorm of soortgelyke vorm, gebruik gemaak word.
Riglyne:
Die vorm moet in tweevoud voltooi word—een afskrif vir die toesighouer en een vir bestuursrekords.
Dit word aanbeveel dat hierdie vorms jaarliks hernu word.

5.13 **Blanke Veiligheidskomitee.**

'n Veiligheidskomitee is noodsaaklik vir oorlegpleging tussen werkers op die gebied van ongeluksvoorkoming. So 'n komitee behoort status te hê en die lede moet amptelik aangestel word deur bestuur.
Riglyne:
Notules van Veiligheidskomiteevergaderings moet gesirkuleer word tussen soveel werknemers as moontlik. 'n Veiligheidskomitee se hoofdoelstellings behoort uiteengesit te word in sy grondwet en elke komitee moet 'n spesifieke doel

holding a meeting. Safety Committees should hold meetings at intervals not longer than one month.

In all Minutes of Safety Committees the names of persons from whom action is required should be inserted in a column on the right-hand side of pages of the Minutes.

5.14 **Non-European Safety Committee.**

Where a high percentage of Non-European labour is employed departmental Non-European Safety Committees should be established.

Guidelines:

The attendance at NOSA Safety Training Courses should be actively encouraged.

Such specially qualified personnel can be given the responsibility of acting observers, submitting reports back to Supervisors responsible for safety in the organisation.

Members of the Non-European Safety Committee should enjoy special status.

The Minutes of the Non-European Safety Committee should be read and explained to all Non-European personnel.

Members of Non-European Safety Committees or Safety Observers could be designated "Safety Elders" and given appropriate badges to be worn constantly.

Minutes of Non-European Safety Committees should be circulated to all Heads of Departments and top management.

5.15 **First Aider and Equipment.**

In terms of the Factories, Machinery and Building Work Act., a works employing more than 10 persons must place a First Aid box in the charge of a responsible person who holds a valid certificate of competency in First Aid—3 years. If more than 100 workers are employed, then a properly equipped First Aid Room must be provided.

Guidelines:

Consideration should be given, where justified, to the appointment of an Industrial Sister.

The Industrial Sister should be responsible to the Personnel Manager for the preparation and maintenance of all injury statistics.

Consideration should be given to the feasibility and value of treatment of home injuries by the Industrial Sister and/or the First Aid Section, which could prove to be a significant factor in the reduction of absenteeism.

The names of all First Aiders should be displayed prominently, as required, in approved positions.

All First Aid boxes must be checked, inspected and maintained on a regular basis and all details recorded in the First Aid Register.

hê vir die hou van 'n vergadering. Veiligheidskomitees behoort gemiddeld een keer 'n maand vergaderings te hou. In alle notules van veiligheidskomitees behoort die name van persone van wie optrede verwag word, aangeteken te word aan die regterkant van die notuleblad.

5.14 **Nie-blanke Veiligheidskomitee.**

Waar 'n groot aantal Bantoes in diens is, kan departmentele Nie-Blankes Veiligheidskomitees ingestel word.

Riglyne:

Die bywoning van NOSA se veiligheidskursusse behoort sterk aangemoedig te word.

Sulke spesiaal gekwalifiseerde persone kan die verantwoordelikheid gegee word om as veiligheidswaarnemers op te tree, wat verslag doen aan die toesighouers verantwoordelik vir veiligheid in die organisasie. Spesiale status behoort aan die lede van die Nie-Blanke Veiligheidskomitee verleen te word. Die Notules van die Nie-Blanke Veiligheidskomitee behoort aan alle Nie-Blanke werkers voorgelees en verduidelik te word.

Lede van die Nie-Blanke Veiligheidskomitee of veiligheidswaarnemers kan aangewys word as „Veiligheidsindoenas" en voorsien word van lappelwapens wat deurgaans gedra moet word.

Notules van nie-blanke Veiligheidskomitees moet aan alle hoofde van Departemente en hoofbestuur gestuur word.

5.15 **Eerstehulpbeampte en Toerusting.**

Die Fabriekswet vereis dat waar meer as 10 persone in diens is, 'n eerstehulpkissie, onder die toesig van 'n verantwoordelike persoon wat in besit is van 'n geldige eerstehulpssertifikaat (3 jaar) voorsien moet word. Waar meer as 100 werkers in diens is, moet 'n behoorlik toegeruste eerstehulpkamer voorsien word.

Riglyne:

Waar geregverdig, moet oorweging geskenk word aan die aanstelling van 'n Industriële Verpleegsuster.

Die Industriële Suster behoort aan die Personeelbestuurder verantwoordelik te wees vir die voorbereiding en instandhouding van alle beseringstatistiek.

Oorweging moet geskenk word aan die uitvoerbaarheid en waarde van die behandeling van tuisbeserings deur die Industriële Suster en/of die Eerstehulpafdeling, wat 'n waardevolle faktor kan wees in die vermindering van afwesigheid.

Die name van alle Eerstehulpbeamptes moet duidelik vertoon word, soos nodig, in goedgekeurde posisies.

Alle Eerstehulpkassies moet nagegaan en in stand gehou word, op 'n gereelde basis en alle

5.16 **First Aid Training.**

Attention should be given constantly to the methods of and schemes for training of personnel in First Aid and in this matter the Industrial Sister could play an important part.
Regular training should be given to all electricians in mouth-to-mouth resuscitation.

5.20 **Safety Propaganda.**

5.21 **Poster Programme, Bulletins, Newsletters, Use of Safety Films and Internal Safety Competitions.**

Safety posters are visible evidence of interest by management in the safety of any plant. However, displaying posters at a plant where no other safety measures are taken is likely to have a negative influence—workers could feel that the organisation is not sincere about injury prevention.
Properly used posters can have a real value in a safety programme through their influence on the attitudes and behaviour of the workers.
Guidelines:
All posters changed about weekly to ensure that personnel are aware of the posters.
The use of portable safety boards should be considered.
Inter-departmental Housekeeping and Safety Competitions.
Safety talks given monthly by Superintendents or Foremen.
The use of safety films and staff journals.
The award of trophies for inter-departmental competitions.
Inter-departmental safety boards with "Safety slogan for month" and the slogan changed monthly.

5.22 **Notice board Indicating Safety Experience.**

Carefully designed notice boards indicating an organisation's safety record and experience should be maintained to let personnel know constantly how they are progressing to enable them to compete against their previous best record.
Guidelines:
The safety notice board must be prominently displayed in the most suitable position to enable all personnel to see progress regularly.
Lights can be made to flash on the safety board until an injured person has returned to work.
A green light can be made to flash on the safety board until an injury occurs when a red light

besonderhede aangeteken word in die Eerstehulpregister.

5.16 **Opleiding in Eerstehulp.**

Aandag moet deurgaans bestee word aan die metodes en skemas vir personeelopleiding in Eerstehulp. Hier kan die Industriële suster 'n belangrike bydrae lewer.
Gereëlde opleiding t.o.v. mond-tot-mond asemhaling behoort aan elektriesiëns verskaf te word.

5.20 **Veiligheidspropaganda.**

5.21 **Plakkateprogram, bulletins, nuusbriewe, gebruik van veiligheidsrolprente en interne veiligheidskompetisies.**

Veiligheidsplakkate is die sigbaarste bewys van belangstelling in ongeluksbestryding. Die vertoning van plakkate in 'n fabriek waar geen ander veiligheids werk gedoen word nie, kan egter 'n negatiewe uitwerking hê. Dit kan werkers onder die indruk bring dat bestuur se pogings tot ongeluksvoorkoming nie opreg is nie.
Plakkate wat behoorlik gebruik word is waardevol vir die VEILIGHEIDSPRORAM deurdat hulle die werknemers se houding en gedrag kan beïnvloed.
Riglyne:
Die weeklikse verandering van plakkate verseker dat personeel daarvan bewus is.
Die gebruik van beweegbare veiligheidsborde moet oorweeg word.
Inter-departementele huishouding en veiligheidskompetisies.
Maandelikse veiligheidspraatjies deur Superintendente of voormanne.
Die gebruik van veiligheidsfilms en personeeltydskrifte.
Die toekenning van trofeë vir inter-departementele kompetisies.
Inter-departementele veiligheidsborde met „Veiligheidsslagspreuk van die maand" wat maandeliks vervang word.

5.22 **Kennisgewingbord om ongeluksondervinding aan te dui.**

'n Kennisgewingsbord om die organisasie se veiligheidsrekord en ondervinding aan te dui toon aan werknemers hoe hulle vorder en stel hulle in staat om teen hulle beste vorige prestasie mee te ding.
Riglyne:
Die veiligheidskennisgewingbord moet strategies geplaas word in die mees geskikte posisie om alle personeel altyd op hoogte te hou van hulle vordering.
Flitsligte kan op die veiligheidsborde aangebring word tot tyd en wyl die beseerde persoon na sy werk terugkeer.

flashes until the person returns to work.
Safety target boards in each department.

5.23 **Suggestion Schemes.**

Departmental suggestion schemes can be a valuable facet of any safety programme if adequately supported by management, with the maximum communication between management and staff.

5.30 **Induction Training and Job Instruction.**

It is important to emphasise the organisation's Management Safety Policy from the first day a man sets foot on the premises. Exhibitions of equipment which has been damaged, samples of protective equipment which has been damaged in accidents and posters are valuable visual aids for getting the story of safety across to the workers.

Efficient induction training, job instruction and safety go hand in hand and the proven methods for the training in industry should be employed.

Guidelines:

A well-equipped induction training lecture room should be established.

No employee should be engaged without induction training.

Standing instructions or written proceedings for all work operations should be prepared, issued and explained to all new employees.

Standing instructions or written procedures for all work operations should be prepared, issued and explained to all new employees.

The Organisation's good safety record is a significant recruiting factor.

Some organisations have instituted a Job Appraisal System and a new employee may not commence work on the job until he has passed out as satisfactory.

5.40 **Plant Inspection System of Reporting to Management on Specific Items, Guards, Handtools, Housekeeping.**

If a Superintendent or Plant Supervisor has to report on specific items such as guards, hand tools and housekeeping he becomes responsible for their control and it is easy for management to keep a check.

Guidelines:

A Superintendent's or Supervisor's Check List should be considered.

Representatives of top management or subcommittees of Safety Committees should be appointed to carry out regular plant and housekeeping inspections.

5.50 **Written Safe Operating Practices and Procedures.**

The ideal is a card or written instruction in all safety precautions to be observed before, after and while using any equipment.

Veiligheidsoogmerkborde in elke departement.

5.23 **Voorstelskema.**

Departementele voorstelskema kan 'n waaardevolle bate in enige veiligheidsprogram wees, mits dit die volle ondersteuning van bestuur en die maksimum kommunikasie tussen bestuur en personeel geniet.

5.30 **Indiensnemingsopleiding en Taakinstruksie.**

Dit is belangrik om die firma se veiligheidsbeleid van die eerste dag af aan nuwe werkers bekend te stel en te beklemtoon. Uitstallings van beskadigde toerusting, voorbeelde van beskadigde veiligheidstoerusting en plakkate kan nuttig gebruik word om veiligheidsbewustheid aan te wakker.

Deeglike taakinstruksie en ongeluksvoorkoming is onafskeidbaar en opleidingsmetodes wat hulself reeds bewys het in die nywerheid behoort toegepas te word.

Riglyne:

'n Volledig toegeruste Opleidingslesingkamer is noodsaaklik.

Geen werknemer behoort in diens geneem te word sonder opleiding nie.

Staande instruksies of geskrewe prosedures vir alle werkshandelinge moet voorberei, versprei en verduidelik word aan alle werkers.

Die organisisie se goeie veiligheidsrekord is 'n belangrike werwingsfaktor.

Sommige organisasies stel 'n Taakwaarderingskema in wat 'n nuwe werknemer bevredigend moet voltooi alvorens hy as geskik vir die werk verklaar word.

5.40 **Fabrieksinspeksie: Verslagstelsel oor spesifieke items soos skerms, handgereedskap en huishouding.**

Indien die toesighouer in elke afdeling verslag moet doen van items soos skerms, handgereedskap en huishouding, word hy dan verantwoordelik vir beheer oor hierdie items, en dit vergemaklik die bestuur se taak om 'n oog daaroor te hou.

Riglyne:

Die gebruik van 'n kontrole lys deur die toesighouer word aanbeveel.

Verteenwoordigers van hoofbestuur of subkomitees van Veiligheidskomitees behoort aangestel te word om gereelde fabrieks- en huishoudinginspeksies uit te voer.

5.50 **Geskrewe voorskrifte vir veilige werksprosedures en -praktyke.**

'n Kaart of boekie behoort aan werkers uitgereik te word waarin alle veiligheidsmaatreëls verduidelik word wat getref moet word voor, gedurende en na die gebruik van enige masjinerie of gereedskap.

ANNEXURE E

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK

TOWN ELECTRICAL ENGINEER'S DEPARTMENT

STANDING ORDERS

1. FOREWORD :

1.0 These orders should be read and observed in conjunction with the regulations framed under the Factories, Machinery and Building Work Act of 1941. **They are not intended to replace the regulations framed under this Act.** They are intended to apply to the specialised work which the Electricity Department performs and to include only such requirements and precautions as are necessary for the safe and efficient operations of the Electricity Distribution System.

1.1 They do not and can not cover **all** the duties that you as an employee of this Department will perform. You are expected to **think** before you act. You are expected to know and observe these orders, as well as any amendments which may be issued.

1.2 If you do not understand an order, say so. If you have any suggestions to make for the improvement of these orders, they will be welcomed.

1.3 These orders will be strictly enforced and ignorance of any standing order **will not** be accepted as an excuse.

1.4 **Remember it is only by co-operation and support that this Undertaking can operate efficiently, safely and harmoniously.** Our job is to maintain continuity of the Electricity Supply.

2. DEFINITIONS :

2.0 **'Alive' means electrically charged.**

2.1 **'Artisan'** means an electrician who has completed recognised training in the electrical trade.

2.2 **'Authorised Person'** means the person to whom a particular duty has been assigned, either in writing or verbally.

2.3 **'Circuit'** means an electrical circuit forming a system of branch of a system.

2.4 **'Competent'** means a person who has served a recognised apprenticeship in an appropriate trade or has had not less than five years experience in working with machinery or one who has had

BYLAE E

STADSRAAD VAN KEMPTON PARK

DEPARTEMENT VAN DIE ELEKTROTEGNIESE STADSINGENIEUR

REGLEMENT VAN ORDE

1. INLEIDING :

1.0 Hierdie Reglement van Orde moet saam met die verordeninge onder die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk van 1941 gelees word en toegepas word. **Die bedoeling hiervan is nie om sodanige verordeninge te vervang nie, maar om te verseker dat die gespesialiseerde** werk wat die Elektrisiteitsafdeling verrig, so ver moontlik doeltreffend en veilig, uitgevoer word.

1.1 Hierdie regulasies dek nie al die verskillende pligte wat deur die amptenare van afdeling uitgevoer moet word nie. Dit word van die amptenaar verwag om altyd te **dink** voordat iets gedoen word. Hierdie verordeninge moet u leer ken en toesien dat uitvoering daarvan gegee word. As enige item nie heeltemal duidelik is nie doen navraag daaromtrent.

1.2 Enige voorstelle vir die verbetering van hierdie verordeninge sal verwelkom word.

1.3 Hierdie Reglement van Orde sal streng toegepas word en onkunde van enige item sal as 'n verskoning aanvaar word nie.

1.4 **Onthou dat hierdie onderneming alleenlik deur samewerking en ondersteuning sy werksaamhede veilig en doeltreffend kan verrig.** Ons taak is om die ononderbrokenheid van die elektriese toevoer te handhaaf.

2. WOORDBEPALINGS

2.0 **'Gelaai'** beteken onder elektriese spanning.

2.1 **'Stroomloos'** beteken op, of omtrent op, nulpotensiaal, en in geen verbinding met enige gelaaide stelsel nie.

2.2 **'Geaard'** op so 'n wyse met die aardliggaam verbind dat dit ten alle tye 'n onmiddellike ontlading van elektriese krag sonder gevaar verseker.

2.3 **'Stroombaan'** 'n Elektriese stroombaan wat 'n gedeelte of 'n vertakking van 'n netwerk uitmaak.

2.4 **'Elektriese Apparaat'** Alle apparate, masjiene en onderdele waarin geleiers gebruik word of waarvan hulle deel uitmaak.

adequate experience of the safe working of the class of machinery of which he is in charge, or which he is required to examine, or in connection with which he is required to work, or one who is a certified engineer.

2.5 '**Dead**' means at or about zero potential and disconnected from any live circuit.

2.6 '**Earthed**' means connected to the general mass of earth in such a manner as will ensure at all times an immediate safe discharge of electrical energy.

2.7 '**Electrical Apparatus**' means **all** apparatus, machines and fittings in which conductors are used, or of which they form a part.

2.8 '**E.H.T. — H.T. and L.T.**'
E.H.T. means above 11,000 Volts.
H.T. means above 660 Volts.
L.T. means below 660 Volts.

2.9 '**Responsible Artisan**' means the artisan to whom a certain duty is assigned, either in writing or verbally, or allotted to him as routine work and who is responsible for all apprentices and bantu under his supervision.

2.10 '**Responsible Person**' means any person to whom a specific duty is assigned, either in writing or verbally. This person will be responsible for the safety of **all** employees under his direct supervision.

2.11 '**Switching**' means the operation of a switch, fuse, link or circuitbreaker to disconnect or reconnect supply.

3. RESPONSIBILITY :

3.0 The workers in the Town Electrical Engineer's Department holding or acting in any position are hereby appointed by the Town Electrical Engineer to assist in enforcing of the observance of the Factories, Machinery or Building Work Act of 1941, and Departmental Standing Order.

3.1 The appointment of any Official does not relieve any employee of their individual responsibility. **Relevant to their duties all employees will be held responsible.**

3.2 The Factories, Machinery and Building Work Act of 1941 lays down among other things, that the following constitute contraventions:—

(a) Failure to obey any orders given in the interest of safety by any person lawfully authorised to give such orders.

(b) Failure on the part of any employee to report immediately, anything noticed by him, or re-

2.5 **'E.H.S., H.S. en L.S.'**
E.H.S. is 'n spanning hoër as 11 000 Volts.
H.S. is 'n spanning hoër as 660 Volts.
L.S. is 'n spanning laer as 660 Volts.

2.6 **'Skakel Bewerking'** Die bewerking van enige skakelaar, sekering koppelapparaat of stroombreker om die toevoer van elektriese stroom te onderbreek of aanskakel.

2.7 **'Ambagsman'** 'n Elektrisiën wat 'n vakleerlingskap afgelê het.

2.8 **'Gemagtigde Persoon'** Die persoon aan wie 'n sekere plig skriftelik of mondelings toegesê word.

2.9 **'Bevoegde Persoon'** 'n Persoon wat 'n vakleerlingskap in 'n toepaslike vak uitgedien het, of wat minstens vyf jaar ervaring met masjienerie het, en wat genoegsame ervaring met die soort masjinerie onder sy toesig opgedoen het, wat van hom vereis word om te ondersoek of in verband waarmee van hom vereis word om te werk, of wat 'n gediplomeerde ingenieur is.

2.10 **'Verantwoordelike Ambagsman'** 'n Ambagsman aan wie 'n sekere plig hetsy skriftelik of mondelings toegesê is, of onder wie sulke pligte as roetine werk sorteer, en wie verantwoordelik is vir alle vakleerlinge en Bantoe werknemers onder sy toesig.

2.11 **'Verantwoordelike Persoon'** 'n Persoon aan wie 'n spesifieke taak toegesê word, hetsy skriftelik of mondelings. Hierdie persoon sal verantwoordelik wees vir alle werknemers wie onder sy direkte toesig val.

3. VERANTWOORDELIKHEID

3.0 Die amptenare in die Departement van die Elektrotegniese Stadsingenieur wat enige pos beklee of in enige pos waarneem, word hiermee benoem om te sien dat die vereistes van die Reglement van Orde van die Afdeling, sowel as die bepalings van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Geboue van 1941 nagekom word.

3.1 Die benoeming van enige amptenaar onthef geen werknemer van sy verantwoordelikheid nie. Inagnemende hulle pligte word elke amptenaar verantwoordelik gehou.

3.2 Die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Geboue van 1941 lê onder andere neer dat die volgende 'n oortreding is :—

(a) Versuim om enige bevele uit te voer wat deur 'n gemagtigde persoon gegee word, terwille van veiligheid.

(b) Versuim om enigiets onmiddellik te rapporteer wat onder sy aandag gekom het, wat mis-

ported to him, which might be dangerous to life and limb, or to the working of machinery.

Mnr. Anderson (WNNR) het verslag gedoen insake planne om die navorsing oor die fisika van weerlig in Suid-Afrika uit te brei.

Volgende op die voortspruitende bespreking, het die Komitee sy heelhartige steun en samewerking van hulle verskillende organisasies vir die voorgestelde navorsingsprojek uitgespreek.

2. **CIGRE SC Nr. 33 Werksgroep op Isolator-besoedeling.**

Die kwessie van meer formele verteenwoordiging vanuit Suid-Afrika op die bogenoemde werksgroep, is geopper.

Daar is besluit dat, vir die huidige, die Komitee sy steun aan so 'n bond uitspreek, maar dat daar gewag word op mnr. Randall (EVKOM) se terugkeer en sy verslag aan die Oktober se vergadering.

3. **Besoek van Dr. Fisher aan Suid-Afrika.**

Mnr. Anderson het berig dat Dr. A. Fischer, 'n erkende hoogspannings-deskundige vanuit Duitsland, 'n geborgde besoek aan Suid-Afrika sal bring gedurende Oktober 1972 en het aangevoer dat besprekings met hom baie vrugbaar mag wees. Daar is voorgestel dat mnr. Anderson dienooreenkomstig reëlings sal tref.

4. **Evkom Nasionale EHS Navorsingssentrum.**

Mnr. Randall het berig dat Evkom hoop om later in die jaar toerustingsnavrae uit te reik.

Die agste vergadering van die Komitee is gehou in die Raadskamer, Hoofkantoor, Scientiae, op Vrydag 20 Oktober 1972.

Die volgende is die hoofsake wat uit die vergadering voortgespruit het :—

1. **Research and Development by Industry**

Mr. Rosen reported that, in the opinion of SEIFSA members, any research that was necessary was done by overseas parent companies.

Members considered that there was a very definite need for local research, particularly due to the altitude and temperature conditions in this country.

It was resolved to form a working group to review the situation in the high voltage engineering field, with particular regard to the problems encountered by South African industry in meeting the needs of the South African consumer. The working group would also attempt to identify the problem areas existing in the high voltage field and would make recommendations on research to be undertaken.

2. **Research Manpower.**

Dr. Fisher described the situation as it exists at present in Germany indicating a general shortage of highly qualified staff for research at the Universities themselves. From this it was apparent that South Africa should consider the local training of personnel for high voltage engineering.

3. **Reports of the Co-ordinators in the specialised fields.**

(a) LIGHTING AND SURGES

Mr. Anderson reported that good progress had been made during the year at the 3 CSIR stations concerned with Lighting research.

A significant development in the Lighting programme in South Africa had been a decision to proceed with direct measurement of lighting parameters.

There are three main surge recording projects at present in operation, namely at Apollo on the Escom 400kV system, the Olifantsfontein SAR surge recording station and the CSIR 11kV recording caravan at Silverton. Professor Heymann of the University of Pretoria has carried out a comprehensive programme of measurements of surge propagation effects on the 400kV lines at the Apollo recording station and interesting results have been obtained. Preliminary details have been published in a paper at the International Symposium of High Voltage Technology held at Munich in March 1972.

(b) CORONA AND PROPERTIES OF ARCS.

Professor Heymann (Pretoria University) tabled his report on these two aspects of the work The field studies of Radio Interference Voltage

1. **Navorsing en Ontwikkeling deur die Nywerheid.**

Mnr. Rosen het berig dat, volgens die mening van SEIFSA se lede, enige navorsing wat nodig is deur die oorseese moedermaatskappye gedoen word.

Lede was van mening dat daar 'n baie besliste leemte bestaan in plaaslike navorsing veral as gevolg van die hoogte bo seespieël — en temperatuursomstandighede hier te lande.

Daar is besluit om 'n werksgroep saam te stel om die toestand op die terrein van hoogspannings ingenieurswese in hersiening te neem, met spesiale aandag gewei aan die probleme wat ondervind word deur die Suid-Afrikaanse nywerheid om in die behoeftes van die Suid-Afrikaanse verbruiker te voorsien. Die werksgroep sal ook probeer om probleemgebiede wat in die hoogspanningsveld bestaan, uit te ken en sal aanbevelings doen oor navorsing wat gedoen moet word.

2. **Navorsings — Mannekrag.**

Dr. Fisher het die huidige toestand in Duitsland beskryf, wat 'n algemene tekort aan hoogs gekwalifiseerde personeel vir navorsing aan die Universiteite self aandui. Hieruit was dit duidelik dat Suid-Afrika die opleiding van personeel vir hoogspannings-ingenieurwese sal moet oorweeg.

3. **Verslae van die Koördineerders in die gespesialeerde gebiede.**

(a) WEERLIG EN STUWINGE.

Mnr. Anderson het berig dat goeie vordering gedurende die jaar gemaak is aan die drie WNNR stasies wat gemoeid is met weerligsnavorsing.

'n Betekenisvolle ontwikkeling in die weerligsprogram in Suid-Afrika was dat 'n besluit geneem is om voort te gaan met direkte meting van weerligsparameters.

Daar is drie hoof stuwingsoptekenings projekte op die oomblik in werking, naamlik te Apollo op die Evkom 400kV stelsel, die Olifantsfonteinse SAS stuwingsoptekenings stasie en die WNNR 11kV optekenings karavaan te Silverton. Professor Heyman van die Universiteit van Pretoria het 'n omvattende program van metinge van stuwingsvoortplantingseffekte op die 400kV leidinge te Apollo optekeningsstasie uitgevoer en interessante resultate is verkry. Voorlopige uitslae is geplaas in 'n verhandeling voor die Internasionale Simposium van Hoogspanningstegnologie gehou te Munich in Maart 1972.

(b) KORONA EN EIENSKAPPE VAN BOË.

Professor Heyman (Pretoria Universiteit) het sy verslag oor dié twee aspekte van die werk ter tafel gelê. Die veldstudies van Radio Steurspannings in

levels in the vicinity of 400kV lines had been continued and recently the corona measurements at the Apollo station had also been brought into operation. Dr. Fischer briefly described some of the work of the international group at the laboratories of Electricité de France.

Mr. Randall mentioned that a CIGRE working group had recently been active in the field of corona measurements and standardized measurement techniques had been evolved. Escom was at present in the process of introducing these into South Africa.

(c) INSULATION.

In summarising his report, Professor Hellawell (Natal University) pointed out that, in general, the past year had been more a year of preparation and, in some cases, of consolidation of facilities, rather than of expansion and commencement of new projects. Progress was reported on the contract project between the Rand Water Board and the CSIR, and the South African Railways surge comparison testing of 3kV motor insulation project. Also the University of Natal had been active in work in connection with the pollution of insulation.

Professor Hellawell also tabled the minutes of the working groups on insulation and internal discharges and on external insulation and pollution.

(d) EARTHING.

Mr. van Alphen (SABS) summarised Mr. Middlecote's report detailing which research projects were at present in progress in the country and it appeared in fact that very little activity was currently in progress.

4. **Co-operative Research Projects..**

Mr. Anderson reported on the two co-operative research projects, namely at Apollo and at the Olifantsfontein SAR Surge Recording Station.

5. **Programme of Lighting Research in South Africa.**

Mr. Anderson reported on the work of the subcommittee under the chairmanship of Dr. Carte of NPRL.

6. **Fault Reporting.**

Mr. Randall advised that he would be able to produce his report early next year in which he would summarise and make recommendations for cataloguing faults in South Africa. Dr. Troost, in discussing the

die omgewing van 400kV leidings was voortgesit en onlangs is die koronametings by die Apollo stasie ook in werking gestel. Dr. Fischer het kortliks sommige aspekte van die werk van die internasionale groep by die laboratoriums van die Electricité de France, beskryf.

Mnr. Randall het gemeld dat 'n CIGRE werksgroep onlangs bedrywig was in die gebied van koronametings en dat gestandaardiseerde metingstegnieke onwikkel is. Evkom is tans besig om hulle in Suid-Afrika in te voer.

(c) ISOLASIE.

In die opsomming van sy verslag het Professor Hellawell (Natalse Universiteit) daarop gewys dat, in die algemeen, die afgelope jaar meer 'n jaar van voorbereiding en, in sommige gevalle, van konsolidasie van fasiliteite was, meer so as van uitbreiding en aanvoering van nuwe prijekte.

Vordering aan die kontrak projek tussen die Randse Waterraad en die WNNR en die SAS stuwingsvergelykingstoetsing van 3kV motorisolasie projek, is berig. Verder was die Natalse Universiteit bedrywig met werk in verband met die besoedeling van isolering.

Professor Hellawell het ook die notule van die werksgroepe oor isolasie en interne ontladings en oor externe isolasie en besoedeling te tafel gelê.

(d) AARDING.

Mnr. van Alphen (SABS) het mnr. Middlecote se verslag opgesom en besonderhede gegee oor welke navorsingsprojekte op die oomblik in die land aan die gang is en dit het geblyk dat daar in werklikheid baie min werksaamhede bedrywig is.

4. **Koöperatiewe Narvorsingsprojekte.**

Mnr. Anderson het verslag gedoen oor twee koöperatiewe navorsingsprojekte, naamlik te Apollo en aan die Olifantsfonteinse SAS Stuwingsopmetings Stasie.

5. **Program van Weerligsnavorsing in Suid-Afrika.**

Mnr. Anderson het verslag gedoen oor die werk van die sub-komitee onder die voorsitterskap van Dr. Carte van NPRL.

6. **Foutberiggewing.**

Mnr. Randall het meegedeel dat hy in staat sal wees om sy verslag, waarin hy sal opsom en aanbevelings maak vir kataligisering van foute in Suid-Afrika vroeg aanstaande jaar voor te lê. Dr. Troost het, in

work of a CIGRE study committee, reported that this committee had highlighted the fact that there were no comprehensive statistics available for AC transmission lines at present.

7. **The Escom National EHV Research Centre.**

Mr. Randall reported that it now appeared that the National EHV Research Centre would be situated at Rosherville and not at Apollo.

8. **High Voltage Facilities for the CSIR.**

Mr. van Wyk (CSIR) reported that his matter was still under consideration and that the CSIR had taken advantage of Dr. Fischer's visit to this country and had had discussions with him concerning the nature of facilities, the type of work that should be carried out as well as the location of the new buildings for the National Electrical Engineering Institute.

D. C. PLOWDEN,
Representative.

bespreking van die werk van 'n CIGRE studiekomitee, berig dat hierdie komitee nadruk gelê het op die feit dat daar geen omvattende statistieke vir WS oorbrenging op die oomblik beskikbaar is nie.

7. **Die Evkomse Nasionale EHS Narvorsingssentrum.**

Mnr. Randall het berig dat dit nou wil blyk dat die Nasionale EHSNavorsingssentrum te Rosherville geplaas sal word en nie te Apollo nie.

8. **Hoogspanningsgeriewe vir die WNNR.**

Mnr. van Wyk (WNNR) het berig dat hierdie aangeleentheid nog steeds onder oorweging is en dat die WNNR die geleentheid van Dr. Fischer se besoek gebruik het en besprekings met hom gevoer het aangaande die aard van geriewe, die tipe werk wat behoort gedoen te word sowel as die plasing van die nuwe geboue vir die Nasional Elektrotegniese Ingenieurs-instituut.

D. C. PLOWDEN,
Verteenwoordiger.

SOUTH AFRICAN ELECTROLYTIC CORROSION COMMITTEE

The sixth meeting of the Main Committee was held in Johannesburg on the 2 August, 1972, and the following is a summary of the proceedings :—

1. TECHNICAL REPORTS

The Chairman stated that Technical Reports Nos. 1 and 2 had been sent to members of the Regional Field Committee during the past year and he considered these had fulfilled their purpose of disseminating technical information.

2. SPECIFICATION FOR DIODES FOR DRAINAGE PURPOSES

The representative of the South African Railways reported that :—

(i) Work on this specification had been held in abeyance, but that a summary of present day practice in the use of diodes for drainage purposes had been presented in Technical Report No. 1.

(ii) The S.A.R. Administration, together with the C.S.I.R., was undertaking surge recordings on its overhead equipment relative to rail with a view to compiling information valuable in the design of measures to protect diodes.

3. REGIONAL FIELD COMMITTEES

The representative of the Witwatersrand and O.F.S. Regional Field Committee asked for consideration to be given to the following matters :—

(i) A proposal that a Regional Field Committee be established in the Pretoria area because of increased activity resulting from pipeline extension into this area.

It was decided, however, that, as had been done in the Sasolburg area, a sub-committee to the Witwatersrand and O.F.S. Regional Field Committee should be appointed in the Pretoria area, with consideration being given to the formation of a separate Field Committee at a later stage if justified.

(ii) A suggestion that, because many municipalities were apparently unaware of the existence and/or functions of the Regional Field Committees, steps should be taken to make these known, including the insertion of a notice in the Government Gazette.

The representative of the A.M.E.U.

SUID-AFRIKAANSE KOMITEE INSAKE ELEKTROLITIESE VERWERING

Die sesde vergadering van die Hoofkomitee is op 2 Augustus 1972 in Johannesburg gehou en die volgende is 'n opsomming van die verrigtinge :

1. TEGNIESE VERSLAE.

Die Voorsitter doen verslag dat Tegniese Verslae Nr.'s 1 en 2 gedurende die afgelope jaar aan die lede van die Streekskomitees gestuur is en dat hy van mening is dat hierdie verslae hul doel gedien het, naamlik om tegniese inligting te dissemineer.

2. SPESIFIKASIE VIR DIODES VIR DREINERINGSDOELEINDES.

Die verteenwoordiger van die S.A. Spoorweë doen verslag dat :—

(i) Werk in verband met hierdie spesifikasie is terruggehou, dog 'n opsomming van hedendaagse praktyke in die gebruik van diodes vir dreineringsdoeleindes, is in Tegniese Verslag nr. 1 vervat.

(ii) Die S.A.S.-administrasie, tesame met die WNNR, is besig om stuwingsopnames in sy bogrondse toerusting te maak met die oog daarop om inligting saam te stel wat van waarde sal wees by die ontwerp van maatreëls ter beskerming van diodes.

3. STREEKSKOMITEE :

Die verteenwoordiger van die Witwatersrandse en Oranje-Vrystaatse Streekskomitee vra dat oorweging aan die volgende sake verleen word.

(i) 'n Voorstel dat 'n Streekskomitee in die Pretoria-gebied gestig word met die oog op die verhoogde bedrywigheid wat volg op die uitbreiding van pyplyne in hierdie gebied.

Daar is egter besluit dat, soos in die Sasolburg-gebied gedoen is, 'n subkomitee van die Witwatersrandse en Oranje-Vrystaatse Streekskomitee in die Pretoria-gebied aangestel moet word en dat oorweging in 'n latere stadium, indien dit geregverdig sou blyk te wees, aan die stigting van 'n aparte streekskomitee verleen word.

(ii) 'n Voorstel dat, aangesien baie Munisipaliteite skynbaar onbewus is van die bestaan en/of die funksies van die Streekkomitees, stappe gedoen word om hierdie feite bekend te stel, met inbegrip van die plasing van 'n kennisgewing in die Staatskoerant.

Die verteenwoordiger van die VMEO sê

stated that he had brought this matter to the attention of delegates at the Technical Meeting of the A.M.E.U. held at Kempton Park during 1972 and undertook to discuss more positive representation on the various Field Committees with the Association's Executive Council. It was agreed that this action should resolve the problem adequately.

4. CODES OF PRACTICE

(i) **Proposed S.A.B.S. Code for Protection of Steel Pipelines :**

It was reported that the S.A.B.S. had sub-divided the Drafting Committee into the following working groups :—

A—to prepare documents relating to filled coal tar and bitumen, primers, paint and organic powder coating.

B—to prepare documents relating to glass fibre, asbestos and paper wraps.

C—to prepare documents relating to plastic wrapping.

D—to prepare documents on aspects of cathodic protection in so far as they affect coating and laying of pipelines.

E—to investigate paints and power coatings.

It is expected that the final draft of this code will be ready for comment by the end of 1972.

(ii) **Proposed S.A.B.S. Code for Cathodic Protection of Underground Structures.**

The Drafting Committee has only met once to date, but has agreed on the basic requirements of this code and its drafting is now in hand.

(iii) **Standard Colour Code for Identification of Services**

The representative of the Witwatersrand and O.F.S. Regional Field Committee reported that details of the colour code adopted by his committee in October 1971 had been made available to members of the other Regional Field Committees.

It was proposed and agreed that the

dat hy hierdie saak onder die aandag van afgevaardigdes by die Tegniese Vergadering van die VMEO wat gedurende 1972 in Kempton Park gehou is, gebring het en onderneem om meer positiewe verteenwoordiging in die verskillende streekskomitees met die Uitvoerende Raad van die Vereniging te bespreek. Daar word ooreengekom dat dit die probleem heeltemal bevredigend behoort op te los.

4. GEBRUIKSKODES.

(i) **Voorgestelde SABS-kode vir die Beskerming van Staalpyplyne.**

Daar word verslag gedoen dat die SABS die Formuleringskomitee in die volgende werksgroepe ingedeel het :

A—om dokumente met betrekking tot gevulde koolteer en bitumen, onderlae, verf en organiese poeier-deklae voor te berei.

B—om dokumente met betrekking tot veselglas-, asbes en papieromhulsels voor te berei.

C—om dokumente in verband met plastiekomslae voor te berei.

D—om dokumente insake aspekte van katodiese beskerming insoverre hullle die bekleiding en die lê van pyplyne raak, voor te berei.

E—om ondersoek in te stel na verwe en poeier-deklae.

Daar word verwag dat die finale konsep van hierdie kode teen die einde van 1972 vir kommentaar gereed sal wees.

(ii) **Voorgestelde SABS-kode vir die Katodiese Beskerming van Ondergrondse strukture.**

Die Formuleringskomitee het tot dusver nog net eenkeer vergader, dog het oor die basiese vereistes van hierdie kode ooreenstemming bereik en daar word tans met die formulering daarvan voortgegaan.

(iii) **Standaard-kleurkode vir die Identifikasie van Dienste.**

Die verteenwoordiger van die Witwatersrandse en Oranje-Vrystaatse Streekskomitee rapporteer dat besonderhede van die kleurkode wat in Oktober 1971 deur sy Komitee aanvaar is, aan lede van die ander Streekskomitees beskikbaar gestel is.

Daar word voorgestel en ooreengekom

S.A.B.S. be requested to consider including details of this colour code in the proposed "Code of Practice for Cathodic Protection of Buried Structures."

5. AMENDMENTS TO CONSTITUTION.

The Chairman stated that a proposal had been made to amend the Main Committee's Constitution to provide for meetings to be held every two years instead of once a year as presently provided for in the Constitution.

After considerable discussion, in which it was agreed that the proposal had some merit, it was decided to hold the matter in abeyance until the next meeting of the Committee.

D. C. PLOWDEN,
A.M.E.U. Representative.

dat die SABS versoek word om oorweging daaraan te skenk om besonderhede van hierdie kleurkode in die voorgestelde „Gebruikskode vir die Katodiese Beskerming van Ondergrondse Strukture" in te sluit.

5. WYSIGING VAN DIE GRONDWET.

Die voorsitter sê dat 'n voorstel gemaak is om die grondwet van die Hoofkomitee te wysig ten einde daarvoor voorsiening te maak dat vergaderings elke twee jaar gehou word in plaas van elke jaar, soos wat die grondwet nou bepaal.

Na langdurige bespreking, waartydens daar ooreengekom word dat die voorstel wel meriete het, word daar besluit om die saak oor te hou vir bespreking op die volgende vergadering van die Komitee.

D. C. PLOWDEN,
VMEO-Verteenwoordiger.

I.E.C. MEETING—ATHENS 1972

At the meeting of the Executive Council held in Kempton Park in May 1972, the Council resolved that Mr. J. K. von Ahlften and Mr. E. E. de Villiers be appointed the A.M.E.U. representatives to accompany the S.A.B.S. delegation to the I.E.C. meeting in Athens. This was the second occasion upon which the A.M.E.U. was represented at an I.E.C. meeting, the previous meeting in Brussels was attended by Mr. G. C. Theron. Mr. Theron had come to the conclusion that the A.M.E.U. should endeavour to send delegates to I.E.C. meetings to cover local authority and consumer interests as well as to support the S.A.B.S. as much as possible in the face of very strong manufacturers' delegations.

The main purpose in sending two A.M.E.U. delegates with the South African delegation was to fully cover the activities of Technical Committee 64: Electrical Installations of Buildings—in view of the revision of the South African Wiring Regulations—and the activities of Technical Committee 61: Safety of Household Electrical Appliances—of prime importance to consumers. In addition to these main committees the activities of the following sub-committees were also covered by your delegates, namely, 23B—Plugs, socket outlets and switches, 23C—Worldwide plug and socket outlet systems, 59B—Cooking appliances and 23E—Circuit breakers and similar equipment for household use.

Mr. E. E. de Villiers mainly covered the activities of TC 64—being the A.M.E.U. representative on the Local Wiring Regulations Re-drafting Committee—and will submit a separate report thereon. I was invited by the leader of the South African delegation, Mr. Middlecote, to attend one cession of the Committee of Action (Executive Council) of the I.E.C. composed of 9 National Committees which includes South Africa as well as a full Council Meeting comprising all the National Committees represented at the I.E.C. Meeting. This was a most interesting experience and gave your delegate the opportunity to fully realise the work being done by the I.E.C. as far as international electrical standards are concerned and here I will briefly quote from the report of the Treasurer of the I.E.C. which should be of interest to the A.M.E.U.

> "Pressure continues both from within the I.E.C. and from Governmental and inter-Governmental organisations for more international

I.E.K. VERGADERING—ATHENS 1972

Op die vergadering van die Uitvoerende Raad wat in Mei 1972 te Kempton Park gehou is, het die Raad besluit dat Mnr. J. K. von Ahlften en Mnr. E. E. de Villiers aangewys word as die V.M.E.O. se verteenwoordigers om die S.A.B.S.-afvaardiging na die I.E.K.-vergadering in Athene te vergesel. Dit was die tweede geleentheid waarby die V.M.E.O. op 'n I.E.K.-vergadering verteenwoordig was. Die vorige vergadering in Brussels is deur Mnr. G. C. Theron bygewoon. Mnr. Theron het tot die gevolgtrekking gekom dat die V.M.E.O. moet probeer om afgevaardigdes na die vergaderings van die I.E.K. te stuur om die belange van plaaslike besture en verbruikers te behartig, sowel as om die S.A.B.S. se hande soveel moontlik te versterk ten aansien van die baie sterk verteenwoordiging van die vervaardigers.

Die hoofdoel waarmee twee afgevaardigdes van die V.M.E.O. saam met die Suid-Afrikaanse afvaardiging gestuur is, was om volledige dekking te verkry van die bedrywighede van Tegniese Komitee 64: Elektriese Installasies van Gebou—met die oog op die hersiening van die Suid-Afrikaanse Bedradingsregulasies — en die bedrywighede van Tegniese Komitee 61: Die Veiligheid van Huishoudelike Elektriese Toestelle, wat van primêre belang vir verbruikers is. Bo en halwe hierdie hoofkomitees is die bedrywighede van die volgende subkomitees ook deur u afgevaardigdes gedek, nl.: 23B—Proppe, sok-uitlate en skakelaars; 23C—Wêreldwye prop- en sok-uitlaatstelsels; 59B—Kooktoestelle; en 23E—Stroomonderbrekers en soortgelyke toerusting vir huishoudelike gebruik.

Mnr. E. E. de Villiers het hoofsaaklik die bedrywighede van TK.64 gedek aangesien hy die V.M.E.O. se verteenwoordiger in die Plaaslike Komitee vir die Herformulering van die Bedradingsregulasies is, en hy sal 'n aparte verslag daaromtrent indien. Ek is deur die leier van die Suid-Afrikaanse afvaardiging, Mnr. Middlecote, uitgenooi om een sitting by te woon van die Komitee van Aksie (Uitvoerende Raad) van die I.E.K., bestaande uit 9 Nasionale Komitees, wat Suid-Afrika insluit, sowel as 'n volle Raadsvergadering bestaande uit al die Nasionale Komitees wat by die I.E.K.-vergadering verteenwoording was. Dit was 'n uiters interessante ondervinding en het aan u afgevaardigde die geleentheid gebied om 'n volledige denkbeeld te vorm van die werk wat deur die I.E.K. gedoen word vir sover dit internasionale elektrotegniese standaarde aanbetref, en hier wil ek graag kortliks aanhaal uit die verslag van die Tesourier van die I.E.K., wat vir die V.M.E.O. van belang behoort te wees.

> „Daar word steeds druk ondervind van binne die geledere van die I.E.K. en van Regerings- en inter-regerringsorganisasies vir meer internasionale

standardisation. In the electrical industries the pressure is the more widespread because of the extensive range, advance international standardisation and rapidly evolving techniques of our industries.

The IEV

These evolving techniques continuously expand the electrical terminology to be standardised. In 1970 the Second Edition of the International Electrotechnical Vocabulary (IEV) was completed by the issue of the last two of its 24 planned chapters of definitions and an index to its 8 500 electratechnical terms with agreed translations in eight languages. Now 23 of the IEC's Technical Committees have undertaken work on new or revised chapters, in addition to 11 Preparatory Working Groups set up by TC 1. Revision of the 17 Telecommunications chapters also needs 18 Terminology Working Groups of experts chosen by the IEC, International Telecommunication Union (ITU), International Radio Consultative Committee (CCIR) and International Telegraph and Telephone Consultative Committee (CCITT) to deal with its 100 sections.

The "Heavy" Electrical Industries

It may be thought that rapidly changing techniques only affect to any considerable extent the electronic sections of the electrical industries. Technical practice in the "heavy" electrical industries is however by no means stabilised. In Power Supply and Distribution new and revised international standards are required for many new techniques. It is not practical to list them all here. They include, among other matters, the use of still higher transmission voltages and their appropriate systems, new insulations for transformers and power capacitators, the operation of protective relays, new forms of power conversion, supervisory control of larger networks, the jointing of aluminium in cables and rules for factory and domestic installations.

The increased activity of the "heavy" electrical industries is shown by the fact that the number of Working Documents circulated in IEC Technical Committees concerned with electrical power and distribution was over 20% more in 1971 than in 1970.

Power Applications

It used to be considered that "power applica-

standaardisasie. In die elektritegniese nywerheid is die druk wyer verspreid weens die uitgebreidheid van die veld, vooruitgeskowe internasionale standaardisasie en die snel-on wikkelende tegnieke van ons nywerhede.

Die I.E.W.:

Hierdie ontwikkelende tegnieke lei tot 'n voortdurende uitbreiding van die elektrotegniese terminologie wat gestandardiseer moet word. In 1970 is die Tweede uitgawe van die Internasionale Elektrotegniese Woordelys (I.E.W.) voltooi by geleentheid van die publikasie van die laaste twee van die 24 beplande hoofstukke van woordomskrywings en 'n inhoudsopgawe van sy 8 500 elektrotegniese terme met goedgekeurde vertalings in 8 tale. Nou is daar 23 van die I.E.K. se tegniese komitees wat besig is om te werk aan nuwe of hersiene hoofstukke, bo en behalwe die 11 Voorbereidende Werksgroepe wat deur TK.1 aangestel is. Die hersiening van die 17 hoofstukke insake Telekommunikasie het ook die dienste nodig van 18 Terminologiese Werksgorpe bestaande uit deskundiges wat deur die I.E.K., die Internasionale Telekommunikasieunie (I.T.U.), die Internasionale Radio-advieskomitee (I.R.A.) en die Internasionale Telegraaf-en Telefoonadvieskomitee (I.T.T.A.) aangewys is om met die 100 afdelings wat daarby betrokke is, te handel.

Die „Swaar" Elektrotegniese Nywerhede :

Daar mag moontlik gedink word dat die snel-veranderende tegnieke slegs die elektroniese afdelings van die elektrotegniese nywerhede in 'n aansienlike mate sal beïnvloed . Die tegniese partyke in die „swaar" elektrotegniese nywerhede is egter nog geensins gestabiliseer nie. Op die gebied van kragvoorsiening en -distribusie word nuwe en hersiene internasionale standaarde vir baie van die nuwe tegniese vereis. Dit is nie prakties moontlik om 'n lys daarvan hier weer te gee nie. Hulle sluit onder andere in die gebruik van nog hoër transmissie-stroomspannings en die daarby passende stelsels, nuwe isolasies vir transformators en kragkapasitore, die werking van beskermende relês, nuwe vorme van kragomskakeling, toesighoudende beheer van groter netwerke, die las van aluminium in kabel/s en reëls ten opsigte van fabrieks- en huishoudelike installasies.

Die toenemende bedrywigheid van die „swaar" elektrotegniese nywerhede blyk uit die feit dat die aantal werksdokumente wat in die Tegniese Komitees van die I.E.K. wat by elektriese krag en distribusie betrokke is, gesirkuleer is, in 1971 meer as 20% hoër was as in 1970.

Die aanwending van krag:

Die mening was altyd gehuldig dat elek-

tions" only involved electronic techniques to a very minor degree. This is no longer true. Variable speed drives, for instance, now concern not only d.c. motors or Ward-Leonard sets or even mercury arc rectifiers. They are now more likely to involve high-power semi-conductors, themselves protected and controlled in many forms of standard and unstandardised circuits. Both in land and in marine installations, lessons have been painfully learnt from early failures in the reliability of automatic control schemes.

These lessons have been accumulated in the specifications issued for future contracts and in Guides to Good Practice. Ships with automated engine-rooms now operate everywhere on the high seas. Petro-chemical plants with newer forms of instrumentation are installed in many countries by companies with international interests. Lines of machine tools and mechanical plant for continuous or "flow" production with many new forms of process control are ordered and installed in many countries.

All these and other electrical power applications need to have standardised specifications written down for their purchase, manufacture and testing. Check lists setting down exactly what performance is required under specified conditions of use can save many headaches if determined early in a contract. Electrical experts needing to cope successfully with the new techniques want to study specifications built up from experience of success and failure in many countries. The IEC is the international technical forum in which they expect to construct adequate standards of good practice.

Telecommunications

Instant communications are now so worldwide that telecommunication is accepted as a normal routine. The techniques of telecommunication, however, have changed and are still hanging rapidly as the wave-lengths in use become shorter and shorter. Each time a new technique in communication passes out of the experimental stage its use has to be stabilised by international standards. The components used become smaller and smaller and merge into integrated circuits. With thousands and millions of small components whose functioning cannot be seen by any physical movement the terms "quality assurance„ and "certification" take on new interpretations which have to be solved internationally.

troniese tegniese slegs in 'n baie klein mate by die aanwending van krag betrokke was. Dit is nie so nie. Wysigbare spoedaandrywings het bv. nou nie meer net te doen met d.s.-motore of Ward-Leonard-stelle of selfs kwik-booggelykrigters nie. Dit is nou meer waarskynlik dat hulle nou te doen sal hê met hoë-krag semigeleiers, terwyl hulle self in baie vorms van standaard- en ongestandardiseerde stroombane beskerm en gekontroleer word. In sowel land- as see-installasies, is daar pynlike lesse geleer uit vroë mislukkings vir sover dit die betroubaarheid van outomatiese beheerstelsels betref. Hierdie lesse is saamgevat in die spesifikasies wat vir toekomstige kontrakte uitgereik is en in die Gidse tot Goeie Praktyk. Skepe met geoutomatiseerde masjienkamers bevaar nou al die oseane. Petrochemiese installasies met nuwere vorms van instrumentasie word in baie lande deur maatskappye met internasionale belange geïnstalleer. Reekse masjiengereedskap en meganiese installasies vir deurlopende of „vloei"-produksie met baie nuwe vorme van prosesbeheer word in baie lande bestel en geïnstalleer.

Al hierdie en ander aanwendinge van elektriese krag vereis dat daar gestandardiseerde spesifikasies ten opsigte van hul aankoop, vervaardiging en toetsing neergeskryf moet word. Kontrolelyste wat presies uiteensit watter werkverrigting onder gespesifiseerde gebruikstoeseande verlang word, kan baie probleme uitskakel indien hulle vroeg in die loop van 'n kontrak vasgestel word. Elektrotegniese deskundiges wat op deskundige wyse die nuwe tegnieke die hoof wil bied, wil graag 'n studie maak van die ondervinding van sukses en mislukking en die spesifikasies wat aan die hand waarvan in baie lande opgebou is. Die I.E.K. is die internasionale tegniese forum waarbinne hulle verwag om toereikende standaarde van goeie gebruike op te bou.

Telekommunikasies:

Vinnige kommunikasies is nou wêreldwyd sodanig aan die orde van die dag dat telekommunikasie as normale roetine aanvaar word. Die tegnieke van telekommunikasie het egter verander en verander nog steeds vinnig soos die golflengtes wat in gebruik is, korter en korter word. Elke keer dat 'n nuwe tegniek in kommunikasie die eksperimentele stadium ontgroei, moet die gebruik daarvan deur internasionale standaarde gestabiliseer word. Die onderdele wat gebruik word, word kleiner en kleiner en smelt saam in geïntegreerde stroombane. Met duisende en miljoene klein onderdele waarna die funksionering nie in die vorm van enige fisiese beweging waargeneem kan word nie, het die terme „gehalteversekering" en „sertifisering" nuwe

Regulations for electrical safety

Increasingly, international attention is being given to regulations regarding the health, safety and environment of the general public. International trade in electrical products is particularly subject to barriers which arise from the various conceptions of different Governmental and other authorities as to what can be accepted as "safe" or of acceptable quality in use, both in home production and in international trade. The IEC is facing a world-wide task of harmonising standards which may be used in reference to electrical products in inspection procedures by Governmental and other authorities.

Trade barriers

There is urgent need for the IEC organisation to be adequate to meet the present rapid advances in electrical techniques while at the same time responding to the inter-Governmental pressures to find solutions to the problems of specifications and test methods which have to be reconciled to remove trade barriers."

This amply emphasises that more international standardisation is conductive to increased international trading and that it is not possible to be competitive without standardisation. This applies within companies with electricity supply undertakings, with in nations as well as internationally with the ultimate aim to improve the service rendered to consumers.

For general information of the Executive Council and members of the A.M.E.U. the South African delegation consisted of Mr. Middlecote of the S.A.B.S. as leader of the delegation, one other member of the bureau, four representatives from S.A. manufacturers, two representatives from ESCOM, one representative from the Department of Public Works, one S.A. Consulting Engineer, one S.A. Electrical Contractor, one representative from the S.A. Electrical Contractors' Association and finally your two representatives from the A.M.E.U. The official list of delegates numbered some 800 representatives and 300 accompanying persons with 22 technical committees meeting in addition to the Committee of Action and full Council meeting. It is a special honour for South Africa to be a member of the Committee of Action and here the sterling work done by Mr. Middlecote needs special mentioning whose opinion is often sought for in lively discus-

betekenisse verkry, wat op 'n internasionale grondslag opgelos sal moet word.

Regulasies vir elektriese beveiliging:

Daar word op 'n toenemende skaal internasionale aandag gewy aan regulasies betreffende die gesondheid, veiligheid en omgewingstoestande van die algemene publiek.

Die internasionale handel in elektriese produkte is in 'n besondere mate onderhewig aan versperrings wat hul oorspron het in die verskillende opvattinge van verskillende Regerings- en ander owerhede met betrekking tot wat aanvaar kan word as „veilig" of van aanneemlike gehalte in gebruik, sowel wat plaaslike produksie as internosionale handel betref. Die I.E.K. word gekonfronteer deur 'n wêreldwye taak om die standaarde te harmoniseer wat met betrekking tot elektriese produkte gebruik kan word in die uitoefening van inspeksieprosedures deur Regerings- en ander owerhede.

Handelsversperrings:

Daar is 'n dringende behoefte vir die I.E.K. -organisasie om in staat te wees om die huidige snelle ontwikkelinge in elektriese tegnieke die hoof te bied en terselfdertyd gehoor te gee aan die tussenstaatlike druk om oplossings te vind vir die probleme van spesifikasies en toetsmetodes wat met mekaar versoen moet word ten einde handelsversperrings uit die weg te ruim."

Hierdie word ruim klem gelê op die feit dat internasionale standaardisasie 'n verhoogde mate van internasionale handel sal bevorder en dat dit nie moontlik is om mededingend te wees sonder standaardisasie nie. Dit is van toepassing binne maatskappye, binne elektrisiteitsvoorsieningsondernemings, binne indiwiduele volkere, sowel as internasionaal, met die uiteindelike doel om die diens wat aan verbruikers gelewer word, te verbeter.

Vir die algemene inligting van die Uitvoerende Raad en lede van die V.M.E.O. kan gemeld word dat die Suid-Afrikaanse afvaardiging bestaan het uit Mnr. Middlecote van die S.A.B.S. as leier, nog 'n lid van die Buro, vier verteenwoordigers van Suid-Afrikaanse vervaardigers, twee verteenwoordigers van EVKOM, een verteenwoordiger va ndie Departement Openbare Werke, een Suid-Afrikaanse raadgewende ingenieur, een Suid-Afrikaanse elektriese aannemer, een verteenwoordiger van die S.A. Vereniging van Elektriese Aannemers en laastens u twee verteenwoordigers van die V.M.E.O. Die amptelike lys van afgevaardigdes het bestaan uit sowat 800 verteenwoordigers en 300 persone wat hulle vergesel het, met 22 tegniese komitees wat vergader het, bo en behalwe die Aksiekomitee en die volle Raadsvergadering. Dit is 'n besondere eer vir Suid-Afrika om 'n lid van die Aksiekomitee te wees en hier moet spesiale melding gemaak

sions between the various European countries, the U.S.A. and the U.K.

The social gatherings were well attended and enjoyed by all and the hospitality of the Greek National Committee was very much appreciated. The President of IEC is Mr. Goodall from the U.K. whom we had the privilege of addressing us at the last A.M.E.U. Convention in Cape Town. He proved to be a most efficient Chairman at the Committee of Action and Council meetings with a special interest in the work done in South Africa towards increased standardisation.

I now wish to summarise my conclusions regarding the attendance of the A.M.E.U. at IEC meetings :—

1. It is a most interesting and rewarding experience for an A.M.E.U. delegate to attend an international meeting of this nature and I must thank the Executive Council for this honour.

2. It is very important for municipal electricity supply undertakings to be fully aware of what is taking place in the field of international standardisation concerning electrical installations and quality specifications.

3. The interests of the users of electricity is our main concern and safety specifications for household appliances and similar equipment needs constant surveilance.

4. The same problem was experienced by your delegates as Mr. G. C. Theron in that many discussions referred to decisions and documents going back many years and due to a lack of background knowledge and continuity it was difficult to fully participate in the discussions and formulate an opinion. Continuity of study and representation appears essential if the A.M.E.U. is to benefit from future participation in IEC meetings.

5. Not all the activities of the various Committees is of importance as far as the A.M.E.U. is concerned and future participation in IEC meetings must depend upon the items on the agenda of direct interest to municipal electricity supply undertakings and consumers in general.

6. Unless participation in IEC meetings imposes a too heavy financial burden on the A.M.E.U. it is

word van die voortreflike dienste wat deur Mnr. Middelcote gelewer word. Sy menings word dikwels gevra in lewendige besprekings tussen die verskillende Europese lande, die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk.

Die sosiale byeenkomste is goed bygewoon en deur almal geniet en die gasvryheid van die Griekse Nasionale Komitee is hoog op prys gestel. Die President van die I.E.K. is Mnr. Goodall van die Verenigde Koninkryk, wat ons die voorreg gehad het om as spreker te hê by die vorige V.M.E.O. konvensie in Kaapstad. Hy het 'n uiters doeltreffende Voorsitter by die vergaderings van die Aksiekomitee en die Raad geblyk te wees en het veral belang gestel in die werk wat op die gebied van standaardisasie in Suid-Afrika gedoen word.

Nou wil ek graag my gevolgtekkinge met betrekking tot die bywoning van I.E.K.-vergaderings deur die V.M.E.O. soos volg opsom:—

1. Dit is 'n uiters interessante en vrugbare ondervinding vir 'n V.M.E.O.-afgevaardigde om 'n internasionale vergadering van hierdie aard by te woon en ek wil graag die Uitvoerende Raad vir hierdie eer bedank.

2. Dit is van groot belang vir munisipale elektrisiteitsvoorsieningsondernemings om ten volle op hoogte te wees van wat op die gebied van internasionale standaardisasie met betrekking tot elektriese installasies en gehaltespesifikasies aan die gang is.

3. Die belange van die verbruikers van elektrisiteit is ons vernaamste doelstelling en veiligheidsspesifikasies vir huishoudelike toestelle en soortgelyke toerusting het voortdurend 'n wakende oog nodig.

4. Dieselfde probleem is deur u afgevaardigdes ondervind as wat met Mnr. G. C. Theron die geval was nl. dat 'n groot deel van die besprekinge betrekking gehad het op besluite en dokumente wat baie jare ver teruggaan en, weens 'n gebrek aan agtergrondkennis en kontinuïteit, was dit moeilik om ten volle aan die besprekinge deel te neem en 'n mening te formuleer. Kontinuïteit van studie en verteenwoordiging skyn noodsaaklik te wees indien die V.M.E.O. baat moet vind by toekomstig deelname in I.E.K.-vergaderings.

5. Nie al die bedrywighede van die verskillende Komitees is vir die V.M.E.O. van belang nie en toekomstige deelname in I.E.K.-vergaderings moet afhang van die items op die Sakelys wat van direkte belang vir munisipale elektrisitentsvoorsieningsondernemings en verbruikers oor die algemeen is.

6. Tensy die deelname aan I.E.K.-vergaderings 'n te sware finansiële las op die skouers van die

in the national interest that the A.M.E.U. should maintain continuity in IEC meetings and support the S.A.B.S. in its efforts towards increased standardisation.

The next meeting of IEC will most probably be held in Munich during June 1973 and depending upon the items on the agenda of direct interest to the A.M.E.U. and to consumers in general consideration should be given to sending A.M.E.U. representatives again.

J. VON AHLFTEN,
A.M.E.U. Delegate.

V.M.E.O. plaas, word dit as van nasionale belang beskou dat die V.M.E.O. kontinuïteit in I.E.K.-vergaderings moet handhaaf en dusdoende die S.A.B.S. moet ondersteun in sy poging om toenemende standaardisasie teweeg te bring.

Die volgende vergadering van die I.E.K. sal heel waarskynlik gedurende Junie 1973 in Munich gehou word, en, afhangende van die items op die sakelys wat van direkte belang van die V.M.E.O. en verbruikers oor die algemeen is, behoort oorweging daaraan verleen teword om weer verteenwoordigers van die V.M.E.O. te stuur.

J. VON AHLFTEN,
V.M.E.O.-Afgevaardigde.

Printed by East London Printers (Pty.) Ltd., 8 Argyle Street, East London